

Die navorsing in verband met hierdie werk is onder
andere moontlik gemaak deur 'n ad hoc-toekenning
van die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing.



Burgermonument op Carolina.

DIE CAROLINA-KOMMANDO

IN DIE

TWEEDE VRYHEIDSOORLOG

(1899 - 1902)

DEUR

F. J. GROBLER

Voorgelê as gedeeltelike nakoming van die
vereistes vir die graad van

MAGISTER ARTIUM

in die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte.

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRIS-TE-

LIKE HOËR ONDERWYS

APRIL 1960.

VOORWOORD

Die skryf van hierdie verhandeling is die vervulling van 'n langgekoesterde ideaal. As jong onderwyser het ek vir drie jaar op Carolina onderwys gegee en was dit my voorreg om met 'n hele aantal van die oudstryders van die Tweede Vryheidsoorlog kennis te maak. Besonder opvallend vir my was die trots en saamhorigheidsgevoel wat na meer as dertig jaar nog by hulle aanwesig was. So het hulle elke jaar op 7 November op Witkloof byeengekom om die heldedood van generaal Fourie en kommandant Prinsloo te herdenk. Ten spyte van politieke en ander verskille was hulle op daardie dag weer een.

Die optrede van die Carolina-kommando het feitlik net in die volksmond geleef. Baie min is beskryf. In 'n aantal geskrifte van Engelse kant is met respek na hulle verwys, maar van Boere-kant is hierdie roemryke tydperk in ons geskiedenis verwaarloos. Die behoefte om die kommando se geskiedenis op skrif te stel is sterk gevoel en die persoon wat hierin leiding geneem het, was lt.-kol. Jan Liebenberg, die destydse distrikskommandant van Carolina. Hy het 'n vergadering van oud-stryders belê wat op 6 Junie 1938 op Carolina gehou is. Op hierdie vergadering is 'n komitee gekies om die boustowwe vir 'n kommando-geskiedenis te versamel. Die komitee het bestaan uit lt.-kol. J. Liebenberg (voorsitter), kapt. Don Fischer, maj. C. Davel, mnr. K. K. D. Hamman, lt.-kol. W. Davel, mnr. W. H. de Villiers, kapt. H. F. Prinsloo en mnr. L. A. Visagie, destydse skoolhoof van Carolina, wat as sekretaris sou optree. So het die Historiese Komitee waarna verwys sal word, ontstaan.

Die komitee het dadelik aan die werk gespring. Vraebriewe is aan talle oud-stryders gestuur. Oproepe is in die openbare pers gedoen en inligting is gesoek by alle persone wat moontlik lig op sake kon werp. Van verskillende persone wat nie bereik kon word nie, is briewe en verklarings ontvang.

Die komitee het, vergesel van oud-stryders, besoeke gebring aan Spioenkop, Modderspruit, Nelshoogte, Chrissiesmeer en Witkloof. Verslae van hierdie besoeke is opgestel deur mnr. Visagie en sy twee hulp-sekretaris, mnr. S. L. Prinsloo en skrywer hiervan. In die verhaal word soms verwys na hierdie verslae.

Mnr. Visagie was die siel van die komitee. Geen moeite was vir hom te groot nie en die byeenbring van al die getuienis wat in die bronnelys genoem word, was hoofsaaklik aan sy ywer en vindingrykheid te danke. Hy het 'n waardevolle stuk saamgestel wat in die Preller-versameling in die Transvaalse argief te vind is. Ongelukkig het gebrek aan die nodige tyd hom verhinder om verder aan die saak te werk en dit het my laat besluit om die onderwerp aan te pak.

Hierdie verhandeling verhaal net die gebeure tot met die slag van Witkloof op 7 November 1900. Met daardie geleentheid het hulle generaal en kommandant gesneuwel en hoewel David Joubert L. E. V. vir die res van die oorlog 'n waardige opvolger vir kommandant Prinsloo was, het die kommando nooit weer as 'n eenheid in enige groot botsing teen die vyand te staan gekom nie. 'n Deel van die kommando is deur kommandant-generaal Louis Botha in sy kommando opgeneem en die res het in verspreide guerilla-groepies opgetree. Dit is ook baie moeilik om die

besonderhede van die verskillende groepies se optrede na te spoor. Hier en daar is insidente in verklarings beskryf, maar dit is te onvolledig om 'n deurlopende verhaal op te stel. Die gewone verbindingsmiddele tussen die offisiere het teen daardie tyd opgehou om te bestaan, sodat daar ook nie meer oorlogstelegramme te vind is wat meer lig op die saak kan werp nie.

Benewens die versamelde getuienis van die Historiese Komitee, is veral met vrug navorsing gedoen in die argief van die kommandant-generaal, die argief van dr. W. J. Leyds en die versameling van dr. G. S. Preller. Origens is van die gepubliseerde bronne wat in die bronnelys aangegee word, gebruik gemaak.

Langs hierdie weg wil ek graag dank betuig aan hulle wat dit vir my moontlik gemaak het om die navorsing te doen. Die materiaal wat deur die Historiese Komitee van Carolina byeengebring is, was tot hiertoe deur mnr. L. A. Visagie bewaar. Hy het dit goedgunstiglik tot my beskikking gestel, waarvoor my hartlike dank. Dit sal hierna, volgens ooreenkoms met hom, aan die Transvaalse argief oorhandig word vir verdere bewaring.

Die firma „Sampson Low, Marston and Company Ltd.“, uitgewers van „The Times History of the War in South Africa 1899 - 1902“, wens ek te bedank vir hulle verlof om van die kaarte in genoemde boek gebruik te maak. Die redakteur van „Die Huisgenoot“ word ook bedank vir sy toestemming om 'n foto van kommandant Prinsloo uit sy blad te mag afdruk.

Die vriendelikheid en behulpsaamheid van die argief-personeel te Pretoria word dankbaar erken. Dieself-

de tegemoetkomendheid is ook van die personele van die Ferdinand Postma-biblioteek aan die P. U. vir C. H. O. en die Staatsbiblioteek te Pretoria ondervind. Dit word ten seerste waardeer.

Ten laaste wens ek my besondere waardering te be-
tuig jeens my promotor dr. J. S. du Plessis van die Pot-
chefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.
Toe ek nog getwyfel het oor die onderwerp, het hy my aan-
gespoor. Terwyl ek besig was, het hy my met groot ge-
duld leiding gegee. Hy het hom selfs die moeite getroos
om saam met my die steiltes van Spioenkop te gaan uit-
klim. My hartelike dank vir sy bystand en leiding.

F. J. GROBLER.

CARLETONVILLE.

Desember 1959.

I N H O U D

HOOFSTUK I

Die vorming van die Carolina-kommando en sy eerste taak

op die Swasiegrens 1

Die ontstaan van Carolina-distrik - Burgerlike bestuur - Organisasie van die kommando - Indeling in wyke - Veldkornette gekies - Mpefu - Aftrede van komdt. Joubert - Komdt. Prinsloo verkies - Voorbereidings vir oorlog - Grootte van kommando - Kwaggafontein - Ontvangs van genl. Burger - Kommando verskuif na Swasiegrens - Lochiel - Reëlings met Swasiehoof - reëlings vir veiligheid van Swasiegrens - Genl. Burger na Natal - Kamp verskuif na Oshoek - Laerreëlings - Patrollies - Uitsit van wagte - Tydverdryf in laer - Vkt. Viljoen na Bells-kop - Komdt. Prinsloo na Natal

HOOFSTUK II

Die eerste vuurdoop in Natal 21

a) Modderspruit 21

Roete van genl. Burger na Natal - Toestand in Natal - Posisie van Boeremagte - 30 Oktober.

b) Die inval suid van die Tugela 27

Besettingsmagte om Ladysmith - Militêre posisie in Natal - Genl. Joubert trek oor Tugela - Carolina-burgers na Weenen - Mooirivier aangeval - Engelse versterkings - Genl. Joubert keer terug

c) Platrand 33

Beleg van Ladysmith - Colenso - Besluit om Plat-
rand aan te val.

HOOFSTUK III

Spioenkop 38

Buller besluit om aan Bo-Tugela deur te breek -
Boere versterk Bo-Tugela - Carolina-kommando kom by
Spioenkop aan - Engelse begin aanval - Kommandant-
Generaal stuur versterkings - Genl. Botha laat Spi-
oenkop ondersoek - Carolina-stellings gebombardeer -
Engelse verower Spioenkop - Beskrywing van Spioenkop-
Die loopgrawe - Boere tref teenmaatreëls - Komdt.
Prinsloo na Spioenkop - Komdt. Prinsloo vra hulp -
Engelse onder kruisvuur - Boerekanonne - Engelse ar-
tillerie - Woodgate geskiet - Engelse regterflank ge-
teister - Witvlag episode - Aanval op Tweelingkoppe -
Die nag na die Spioenkopslag - Anderdagmôre op Spioen-
kop - Boere-verliese - Engelse verliese.

HOOFSTUK IV

Van Spioenkop tot Allemansnek 73

a) Pietershoogte (" Pieter's Hill ") 73

Vaalkrans - Posisie van Carolina - Pieters-
heuvel - Die groot terugtog.

b) Biggarsberg 79

Posisies van kommando's - Asst.-veggeneraal
J. C. Fourie - Uitval na Elandslaagte - Komman-
do-vlag ontvang - Standerton- en Bethal-kommando
vertrek na die Vrystaat - Asst.-komdt.-genl. Fou-

rie - Buller begin aanval - Tweede groot terugtog.

c) Bothaspas en Allemansnek 89

Opkommandering van tuissitters - Moraal van burgers - Buller na Bothaspas - Beskrywing van Bothaspas - Buller val aan - Genl. Fourie na Allemansnek - Slag van Allemansnek - Buller bereik die spoorweg - Konklusie.

HOOFSTUK V

Terug in Transvaal 97

a) Van Sandspruit na Carolina 97

Wakkerstroom beset - Carolina-kommando by Skulpspruit - Engelse beset Ouhoutsnek - Krygsraad naby Amersfoort - Kommando se kos en geld gedaan - Middelburg vertrek huis toe - Buller trek op na Stander-ton - Platrand-slag - Amersfoort - Lydenburg en Carolina vertrek huis toe.

b) Witrاند 108

Buller vertrek van Natal-spoorweg af - Boere-voorbereidings - Carolina ingeneem - Eerste botsing - Tweede botsing.

HOOFSTUK VI

Die laaste fase 116

a) Rooihoogte 116

French trek op na Carolina - Genl. Fourie beset Rooihoogte - French trek op na Rooihoogte.

b) Nelshoogte 121

c) <u>Aan die Komati</u>	124
--------------------------------	-----

Kommando verdeel - Engelse uitval uit Belfast -
French se dryfjag.

d) <u>Chrissiesmeer</u>	128
-------------------------------	-----

Genl. Fourie ontvang geld van Komdt.-Genl.

e) <u>Witkloof</u>	130
--------------------------	-----

Smith-Dorrien se mislukking van 3 November -
Smith-Dorrien se tweede uitval - Boere se planne
vir 7 November - Boere trek op - Genl. Fourie en
komdt. Prinsloo sneuwel - David Joubert word kom-
mandant.

HOOFSTUK VII

<u>Die Einde</u>	139
------------------------	-----

Vrouens na die konsentrasiekampe - Krygsgevangenes.

Bylaag I : Ongevalle by Spioenkop	143
Bylaag II : Lys van burgers van wyk I by genl. Fourie in November 1900	146
Bylaag III : Lys van Carolina-kommando volgens die Rooikruis se lys in die Pre- toriasie argief.	152
Bylaag IV : Aanvullende lys van Carolina-burgers, opgemaak uit die lys van krygsgevangene- nes.	161
Bylaag V : Aanvullende lys van Carolina-burgers, opgemaak uit die kommando-lys in by- laag II.	165
Bylaag VI : Lys van krygsgevangenes van Carolina- distrik.	167
Bylaag VII : Vrouens en kinders van Carolina-dis- trik wat in die konsentrasiekampe oorlede is.	176

K A A R T E

Oos-Transvaal en Noord-Natal	teenoor bl.	21.
Slag van Modderspruit.	" "	24
Beleg van Ladysmith.	" "	27
Spioenkop.	" "	41
Hoofkruin van Spioenkop.	" "	49
Carolina-posisie aan die Tugela.	" "	75
Biggarsberg.	" "	79
Bothaspas, Allemansnek, Ouhoutsnek en Graskop.	" "	90
Plase aan die Komati.	" "	125
Slag van Witkloof.	" "	134

FOTO'S

1. Burgermonument op Carolina.Voor titelblad.
2. Kommandant H. F. PrinslooNa bladsy 4.
3. Gedenksteen en grafte op Spioenkop.Na bladsy 68.
4. Generaal J. C. Fourie Na bladsy 80.

LYS VAN AFKORTINGS

asst.	assistent.
a. w.	aangehaalde werk.
bl.	bladzy.
dd.	gedateer.
genl.	generaal.
K. G.	Kommandant-Generaal.
kol.	kolonel.
corp.	korporaal.
komdt.	kommandant.
lt.	luitenant.
lt.-kol.	luitenant-kolonel.
maj.	majoor.
maj-genl.	majoor-generaal.
vgl.	vergelyk.
vkt.	veldkornet.
wnd.	waarnemend (e).
Z. A. R.	Zuid-Afrikaansche Republiek.

H O O F S T U K I

DIE VORMING VAN DIE CAROLINA - KOMMANDO EN SY EERSTE TAAK OP DIE SWASIE - GRENS

Die ontstaan van die Carolina-distrik Voor sy selfstandigwording as distrik het Carolina 'n deel van die Lydenburgse distrik gevorm. Die Carolina-omgewing was in dié gelukkige posisie dat Joachim Christoffel Fourie, een van hulle eie mense, die lid vir Lydenburg in die Eerste Volksraad was tot die einde van 1894. ¹⁾ Intussen was daar in die tagtiger jare van die 19de eeu reeds woelinge om Carolina tot distrik verklaar te kry en 'n memorie waarin dit versoek word is by die Eerste Volksraad ingedien. ²⁾ Die memorie is gunstig ontvang en in 1890 is besluit om Carolina tot 'n aparte distrik te verklaar. ³⁾ Die saak het egter nog 'n tyd lank gesloer, want eers in Desember 1893 besluit die Uitvoerende Raad om aan die Eerste Volksraad se besluit van 1890 uitvoering te gee. ⁴⁾ In die proklamasie van die Staatspresident waarin die besluit op 3 Januarie 1894 aangekondig word, word die distriks-grense tussen Carolina en Lydenburg, asook tussen Carolina en Ermelo omskryf. Lg. grens is nog dieselfde as die huidige grens tussen die twee distrikte. Die grens tussen Carolina en Lydenburg is ietwat vaag omskryf. Wat wel duidelik is, is dat Belfast en Machadodorp in die Lydenburgse distrik geval het. Die grens is net oos van Machadodorp
(verby tot ...;

- 1) Staatsalmanak van die Z.A.R. vir 1894, bl. 52; Staatscourant der Z.A.R., 17 Oktober 1894.
- 2) Staatscourant der Z.A.R., 3 Januarie 1894 : Proklamasie van Carolina-distrik deur die Staatspresident.
- 3) Ibid.
- 4) Ibid.

verby tot aan Elandspruit, wat verder die grens gevorm het tot waar Godwanrivier in Elandspruit loop. Waterval-Boven en Waterval-Onder het dus in Carolina-distrik gelê. 5)

Burgerlike Bestuur Met die organisasie van die burgerlike bestuur het dit nie so vinnig gegaan as wat die burgers graag sou wou hê nie. Op 3 April 1894 het die landdroskantoor met Jacob van der Merwe as waarnemende landdros geopen. 6) Vanaf Februarie 1895 is hy deur H. Hugo vervang, maar ook nog in waarnemende hoedanigheid. 7) Eers aan die begin van 1897 vind die verkiesing vir 'n landdros plaas en word D.J.Kriel verkies en deur die regering aangestel. 8)

Intussen het die waarnemende landdroste en waarnemende veldkornet W.H.Versfeld aan die werk gespring om die kieserslyste vir die Eerste en Tweede Volksraad in orde te kry. In Maart 1895 is dit in die Staatskoerant gepubliseer en kon die verkiesings gehou word. Op die lyste verskyn 327 name van stemgeregtigdes vir die Eerste Volksraad en 30 name van persone wat kon stem vir die Tweede Volksraad. 9) In Mei 1895 is die verkiesing gehou en David Johannes Joubert gekies tot lid van die Eerste Volksraad, terwyl J.L.Grobler 10) lid van die Tweede Volksraad geword (het.

5) Ibid.

6) Staatscourant der Z.A.R. : Alle kennisgewings in die Staatskoerant wat betrekking op Carolina gehad het, is deur hom as waarnemende landdros onderteken tot aan die einde van Januarie 1895.

7) Ibid, 6 Maart 1895 : Kieserslyste vir Carolina-distrik onderteken deur wnd. landdros H.Hugo en wnd. vkt. W.H. Versfeld.

8) Ibid, 11 Nov. 1896: Advertensie van verkiesing deur Staatsekretaris Dr. W.J.Leyds ; Ibid, 9 Des. 1896 : Heradvertensie waarin verklaar is dat D.J.Kriel kandidaat is in die plek van J.J.Coetser; Ibid, 12 Mei 1897 : Regeringskennisgewing van D.J.Kriel se aanstelling as landdros.

9) Ibid, 6 Maart 1895 : Kieserslys van stemgeregtigdes.

het. ¹¹⁾ Hierdie poste het hulle behou tot met die uitbreek van die oorlog in 1899.

Organisasie van die Kommando Die Carolina-burgers het 'n veldkornetskap van die Lydenburg-kommando gevorm en was bekend as " Wyk Komatie " met W.H.Versfeld as veldkornet. ¹²⁾ Hierdie veldkornetskap het ook hulle deel tot die onderdrukking van die opstandige naturellestamme bygedra. In 1894 het vkt. Versfeld met sy burgers opgetrek om onderkomdt. Schalk W. Burger van Lydenburg die opstandige Magoeba in die noord-oostelike berge van Transvaal te gaan onderdruk. ¹³⁾ Kort daarna sou hierdie veldkornetskap tot 'n kommando met sy eie kommandant ontwikkel.

Aan die begin van die nuwe kommando se geskiedenis het vkt. Versfeld in 'n waarnemende hoedanigheid as veldkornet vir die hele distrik opgetree. In 1895 het hy die verkiesing van die Kommandant-Generaal en die lede van die Eerste en Tweede Volksraad in Carolina-distrik laat hou. ¹⁴⁾ Hierna is byeenkomste vir die verkiesing van 'n kommandant gehou en die keuse het op David J. Joubert wat 'n paar maande tevore ook as lid van die Eerste Volksraad gekies is, geval. ¹⁵⁾ Op sy skouers het die taak gerus om die nuwe kommando van die grond af op te bou. Hy was 'n bekwame man wat die agting van al die burgers weggedra het.

(Sy eerste

-
- 10) "Jan Kwaaiman" was die algemene naam waaronder hy bekend was in Carolina-distrik.
 - 11) Staatscourant der Z.A.R., 29 Mei 1895 : Regeringskennisgewing van hulle verkiesing.
 - 12) Staatsalmanak van die Z.A.R. vir 1894, bl. 59.
 - 13) Verklarings in my besit van M.J.Odendaal, W.J.Davel en H. J. Stoltz gedoen aan mnr. L. A. Visagie op 6.6.1938.
 - 14) Staatscourant der Z.A.R., 30 Jan. 1895 : Kennisgewing deur wnd. landdros J. van der Merwe.
 - 15) Ibid, 20 Nov. 1895 : Regeringskennisgewing van verkiesing.

Indeling in Wyke Sy eerste taak was om die distrik in wyke of veldkornetskappe in te deel. Daar is besluit om die distrik in drie wyke te verdeel. Wyk I se grens het geloop van die plaas Tevreden, aan die grenslyn tussen Carolina en Ermelo, met 'n reguit lyn oor Onbekend tot aan die oostelike hoek van die Carolina-dorpsgrond. Vandaar het dit tot op Groenvlei geloop en daarvandaan met 'n reguit lyn oor Roodepoort tot waar Vaalwater en Boesmanspruit verenig. Daarvandaan sou Vaalwater (wat van genoemde punt af die Komati-rivier genoem word) die grens vorm tot aan die noordwestelike hoek van Brakspruit, waarvandaan dit met 'n reguit lyn oor Welgevonden (die plaas van die latere genl. J. C. Fourie), Leeuwkloof en Bergendal tot aan Viljoensvlei aan die grens tussen Carolina- en Lydenburg-distrikte gestrek het. Die orige deel van die distrik is deur die Komati-rivier tot aan die Swasiegrens in twee wyke gedeel. Suid van die Komati was wyk II en noord daarvan wyk III.¹⁶⁾

Veldkornette gekies Gedurende Februarie 1896 is die verkiesing van veldkornette gehou.¹⁷⁾ en is H. F. Prinsloo vir wyk I, W. H. Versfeld vir wyk II en A.J. Viljoen vir wyk III gekies.¹⁸⁾ Komat. Joubert se kommando was nou georganiseer en dit was sy verdere taak om hierdie kommando tot 'n vegeenheid wat hulle man teen 'n vyand sou kon staan, op te bou.

(Die eerste)

16) Ibid, 11 Des. 1895 : Proklamasie van die Staatspresident.

17) Ibid, 29 Jan. 1896 : Kennisgewing van die verkiesing.

18) Ibid, 23 Des. 1896. Die aanstelling van die drie veldkornette kon nie in die Staatscourant der Z. A. R. gevind word nie, maar in die Staatscourant der Z. A. R., dd. 23 Desember 1896 verskyn 'n kieserslys onderteken deur die drie persone in hulle hoedanigheid as veldkornette van die drie wyke.



Komdt. Prinsloo.

(Met verlof van „Die Huisgenoot.”)

Mpefu Die eerste geleentheid om hulle gevegsvaardigheid te toon het in 1898 gekom toe die kommando onder komdt. Joubert, saam met ander kommando's, teen Mpefu opgetrek het. Die Carolina-kommando was gelukkig en het geen lewensverlies te betreur gehad nie. ¹⁹⁾ Hierdie veldtog het die jong kommando die nodige ondervinding om as 'n eenheid op te tree, gegee. Dit was hulle eerste vuurdoop en het gehelp om 'n groepsgevoel te laat ontstaan.

Aftrede van komdt. Joubert As gevolg van memories wat aan die Eerste Volksraad gerig is, is in Oktober 1898 besluit dat distrikskommandante van die volgende jaar af 'n vaste salaris sou kry. ²⁰⁾ Dit het dus vir David Joubert onmoontlik geword om albei ampte te beklee en hoe swaar dit hom ook geval het, was hy verplig om te kies tussen die twee en hy het verkies om lid van die Eerste Volksraad te bly.

Komdt. Prinsloo verkies In Julie 1899 is daar 'n verkiesing gehou ²¹⁾ en H. F. Prinsloo wat tot nou toe veldkornet van wyk I was, is tot kommandant verkies. ²²⁾ Aangesien daar nie dadelik 'n veldkornet in sy plek gekies is nie, moes hy, benewens sy werk as kommandant, ook nog as veldkornet in sy ou wyk optree tot na die opkommandering van die burgers in Oktober 1899. ²³⁾

(Komdt. Prinsloo.

19) Verklaring in my besit van J. C. Middel gedoen aan mnr. L. A. Visagie, 6.6.1938.

20) Notulen van den Eersten Volksraad der Z.A.Republiek, 27 Okt. 1898, Artikel 1474; In Staatscourant der Z.A.R., 19 Julie 1899, word die burgers van Vryheid opgeroep om 'n lid vir die Tweede Volksraad te kies omdat hulle lid weer verkies is tot kommandant van die distrik.

21) Staatscourant der Z.A.R., 17 Mei 1899 : Kennisgewing van verkiesing deur vkte. H. F. Prinsloo, W. H. Versfeld en A. J. Viljoen.

22) Sy aanstelling kon nie in die Staatskoerant gekry word nie, maar op 13 September 1899 word 'n verkiesing vir veldkornet in wyk I in die Staatskoerant bepaal. Die veldkornetskap moes dus kort tevore vakant geraak het; Verklaring in my besit van A.W.Korf wat verklaar dat H.F.Prinsloo tot kommandant bevorder is; Verklaring van

Voorbereidings Komdt. Prinsloo het op 'n baie kritieke
vir oorlog tydstop die leiding van die Carolina-kommando oorgeneem. Die verhouding tussen die twee Boere-republieke en Engeland het by die dag meer gespanne geraak. Aangesien die Transvaalse regering ingesien het dat die onvermydelike oorlog op hulle afgedwing sou word, het hulle die kommando's in 'n staat van voorbereidheid probeer bring. Geweers en patrone is aan die burgers uitgedeel en alles is gedoen om hulle slaggereed te kry.. 24)

Gedurende die maande Augustus en September 1899 het komdt. Prinsloo sy hande vol gehad, want hy moes sy gewone veldkornetwerk doen en nog as kommandant die burgers vir die komende botsing bewapen en voorberei. Daar was 'n gedurige aanloop by sy huis en baie van die administratiewe werk moes in die nagtelike ure verrig word. Hy is hierin getrou bygestaan deur A. MacCallum, die magasynmeester en latere tweede landdrosklerk op Carolina. 25) Ten einde die werk te vergemaklik, het komdt. Prinsloo verlof van die Landdros gekry om A. MacCallum by hom op sy plaas Haverfontein te hê. Die burgers het Mausers en patrone ontvang en hulle Martini Henri-gewere is teruggestuur Pretoria toe. 26)

Daar moes ook reëlings getref word vir tente vir dié burgers wat nie hulle eie tente gehad het nie. As die
 (oorlog uitbreek

A. MacCallum in my besit bevestig dit ook.

23) A. MacCallum : a.w.

24) Van Aardt, J. M. H. : Die aandeel van die Krugersdorpse Kommando aan die Tweede Vryheidsoorlog (1899 - 1902) (M.A.-verhandeling, P. U. vir C. H. O.) Maart 1950, bl. 10 - 14.

25) Staatscourant der Z.A.R., 1 Junie 1899 en 23 Aug. 1899: Aanstellings in genoemde poste.

26) A. MacCallum : a.w. ; Sien ook Van Aardt : a.w., bl. 14 tot 15; Dr. G. S. Preller-versameling, band 88, lêer 168, bl. 147 : Verklaring van J. H. Grobler; "The Journal", Grahamstad, 22 Sept 1899 meld van 'n geweer en 100 patrone wat aan elke burger verskaf is.

oorlog uitbreek sou daar nie tyd wees om voorsiening te maak nie. Die nodige waens en trekdiers vir die vervoer van ammunisie en ander voorrade moes gehuur word, sodat die kommando enige oomblik gereed kon wees om op te trek. 27)

Grootte van In 1899 het die blanke inwoners van Carolina-
kommando distrik 3,700 siele getel. 28) Die burgers wat moontlik die wapen kon opneem om die republiek te verdedig, word in die volgende tabel aangetoon : 29)

	<u>Manne van 18</u>	<u>Manne van 34</u>	<u>Manne onder 18</u>
	<u>tot 34 jaar</u>	<u>tot 50 jaar</u>	<u>en bo 50 jaar</u>
Wyk I	110	66	33
Wyk II	60	31	17
Wyk III	104	56	29
Totaal	274	153	79

Hieruit word dit duidelik dat die maksimum-sterkte van die Carolina-kommando maar net 506 manskappe kon wees as almal gelyk op kommando was. Hiervan moet ons die oues van dae, sieklikes en burgers wat om ander redes nie altyd op kommando kon wees nie, aftrek. In werklikheid kon die kommando dus seker nooit meer as 400 man gewees het nie. Ons het hier dus met een van die kleiner kommando's van die Boere-strydmagte te doen. As ons hierna die lotgevalle van die kommando verhaal, sal dit nodig wees om hierdie feit (in gedagte

27) K. G. 332 (2) : Telegram Komdt. Carolina aan Kommandant-Generaal dd. 30 Sept. 1899.

28) Staatsalmanak van die Z. A. R. vir 1899, bl. 336.

29) Ibid, bl. 49. In die Staatscourant der Z. A. R., 25 Jan. 1899, word die kieserslyste vir die Eerste en Tweede Volksraad gepubliseer en dié gee die volgende getalle :

	<u>Wyk I</u>	<u>Wyk II</u>	<u>Wyk III</u>	<u>Totaal</u>
Eerste Volksraad :	157	99	198	454
Tweede Volksraad :	11	3	24	38
Totaal	168	102	222	492

Hierdie getalle bevestig die gegewens van die Staatsalmanak.

altyd in gedagte te hou.

Kwaggafontein Die gespanne verhouding tussen Engeland en die Boere-republieke het eindelijk breekpunt bereik. Aan die begin van Oktober 1899 is die burgers opgekommandeer om op 4 Oktober op die plaas Kwaggafontein, vyf myl uit Carolina, byeen te kom. Vroeg die môre het die eerstes reeds aangekom. Van alle kante en met allerlei vervoermiddels het hulle opgedaag. Sommige was te perd, andere met wa en osse en daar was ook voetgangers. Wyk III onder vkt. Viljoen wat die vërste gewoon het, het by vkt. W. H. de Villiers met wyk II se burgers op Bonnefoi aangesluit en vandaar saam na Kwaggafontein opgetrek. Teen die aand was al die burgers daar en was die vergaderde kommando 350 man sterk.³⁰⁾

Die volgende dag moes komdt. Prinsloo sy kommando finaal organiseer. Die vakante veldkornetskap wat deur sy bevordering tot kommandant ontstaan het, moes nou gevul word. 'n Verkiesing is gehou en Adriaan J. de Lange is tot veldkornet van wyk I gekies. J. C. Fourie jr., seun van die latere genl. Fourie, is tot adjudant van komdt. Prinsloo gekies. ³¹⁾

Gedurende 1899 het W. H. Versfeld as veldkornet van wyk II afgetree en teen die einde van September, dus kort voor die byeenkoms op Kwaggafontein, het Willem H. de Villiers in sy plek veldkornet geword. ³²⁾

(Na die

30) „De Volksstem“, Vrydag 6 Oktober 1899.

31) Lt.-kol. J. C. Fourie : Verklaring in my besit.

32) K. G. 332 (2) : Telegram van Landdros Carolina aan die Kommandant-Generaal, dd. 30 Sept. 1899.

Na die verkiesing van die offisiere is oorgegaan tot die verkiesing van korporaals in die verskillende wyke. Die vorming van korporaalskappe of seksies is tot 'n groot mate onderling gereël. Burgers het maats gemaak om hulle goed te vervoer. Die een het 'n wa voorsien, die ander 'n paar osse, 'n derde die trekgoed en so meer. Daar was van vyf tot tien burgers by 'n wa. Sommige burgers het hulle eie tuisgemaakte tente saamgebring, terwyl ander weer van bokseile gebruik gemaak het vir skuiling. Vir die armes wat nie hulle eie vervoermiddels gehad het nie, is daar waens en osse gekommandeer. 33)

Die meeste burgers het hulle eie perd, saal en toom gehad. Van die meer welvarende burgers het ook agterryers en handperde gehad. Daar was egter ook die armes wat nie hulle eie perde gehad het nie en vir hulle het die regering so ver as moontlik perde gekommandeer. Aangesien daar nie genoeg perde te kry was nie, het sommige burgers voetgangers gebly en hulle was net op die waens aangewys vir hulle vervoer. 34)

Uit die burgers is 'n komitee van drie lede, wat nie offisiere was nie, gekies om die waens, osse en perde te waardeer. Die perde is gewaardeer teen £12 tot £15, osse teen £3 tot £4 en waens teen £50 tot £80. 35)

(Die meeste

-
- 33) Lt.-kol. J.C.Fourie : a.w. ; Verklarings in my besit van A. W. Korf en B. J. van der Merwe ; De Locale Wetten der Z. A. R., 1898 : Wet no. 20 van 1898, artikel 29 : „ By iedere oproeping van manschappen zullen de zoodanig opgecommandeerde burgers onderling voor wagens en ossen voor hun gebruik moeten voorziening maken, ingeval van noodzakelykheid zullen de Veldkornetten zulks kunnen afcommanderen." Hier is dus volgens wet opgetree.
- 34) Verklarings in my besit van E.J. van der Merwe, A. W. Korf en T. M. Weeber.
- 35) Lt.-kol. J. C. Fourie en A. W. Korf : a.w. ; De Locale Wetten der Z. A. R., 1898, Wet no. 20 van 1898, artikel 27 : „ De Veldkornetten en Commandanten zullen zoodra de opgecommandeerde burgers byeen zyn, alle wagens, ossen en paarden taxeeren, die voor commandodienst in gebruik zullen genomen worden en zulke volledige geteeken-

Die meeste burgers was goed voorsien van klere, skoene en jasse. Aan sommige wat nie oor die nodige middele beskik het nie, is daar reënjasse, klere en skoene wat van winkels gekommandeer is, uitgedeel. Die winkels het ook nie genoeg voorrade gehad nie en sommige burgers moes sonder jasse klaarkom en het baie keer natgereën. 36) Dit was aan die begin van die reënseisoen en as ons in gedagte hou hoe aanhoudend die misreën op die oostelike rand van die Hoëveld val, was die voorsiening van jasse seker nie onvanpas nie.

Ontvangs van Generaal Schalk W. Burger L. U. R. sou
genl. Burger die bevel voer oor die kommando's van
Carolina en Lydenburg. 37) Die Lydenburg-kommando het 'n
langer afstand gehad om na die Swasiegrens af te lê en ge-
volglik het genl. Burger met sy staf solank vooruit gekom
(om die

de taxatielysten aan den Commandant-Generaal overhandigen." Dit is sterk te betwyfel of hierdie bedrae ooit uitbetaal is.

36) Verklarings in my besit van vkt. A. J. Viljoen, J. J. Pieterse, B. J. van der Merwe.

37) Schalk W. Burger is deur die burgers aangespreek as "generaal", maar hoe hy aan hierdie rang gekom het is nie duidelik nie. Die rang van kommandant was die hoogste rang in die Republiek, behalwe dié van Kommandant-Generaal. Tog vind ons dat daar van die begin van die oorlog af 'n hele aantal offisiere tot die rang van generaal verhef is. So 'n generaal het gewoonlik oor twee of drie kommandante bevel gevoer. Die behoefte aan 'n hoër rang as dié van kommandant was moontlik verantwoordelik vir die ontstaan van die rang. Met die Natalveldtog vind ons die volgende rangorde : Kommandant - Generaal, Assistent - Kommandant - Generaal, veggeneraal, assistent - veggeneraal, kommandant ; K. G. 332 (7) : Telegram Regering aan Assistent-Generaal, dd. 11 Oktober 1899. Hier word genl. Burger dus van Regeeringsweë as assistent - generaal aangespreek ; K. G. 332 (7) : Telegram assistent - generaal Burger aan Kommandant - Generaal, dd. 12 Oktober 1899. Hier noem hy homself assistent-generaal.

om die bevel oor die Carolina - kommando te kom neem. Daar het groot opgewondenheid geheers toe die nuus bekend geword het dat hy kom en dat hy om twee-uur die middag van Donderdag 5 Oktober op Kwaggafontein sou aankom. ^{37a)} Komdt.

Prinsloo, met al die burgers wat perde gehad het, het hom tegemoet gery. Toe hulle by die plek kom waar hulle hom sou ontmoet, het die offisiere die burgers weerskante van die pad opgestel. Elke burger het voor sy perd gestaan. Komdt. Prinsloo het die Generaal verder tegemoet gegaan en saam met hom tussen die opgestelde rye burgers deurgery, terwyl die burgers geesdriftig gejuig en „Hoera !" geskree het. Hierop het die Generaal 'n kort toesprake gehou wat seker indruk gemaak het, want hy was bekend as 'n goeie spreker. ³⁸⁾ Hierna het hy en komdt. Prinsloo vooraan na die laer gery, terwyl die burgers in gelid gevolg het. ³⁹⁾

Kommando verskuif
na Swasiegrens

Die regering het gevrees dat die Swasies dalk van die Republiek se verleentheid misbruik sou maak en 'n rugaanval op die Boere-magte sou uitvoer. Daar het ook die gevaar bestaan dat die Engelse 'n troepemag deur Swasieland kon laat opruk en dit sou die Boere se planne heeltemal in die war gestuur het. Daarom is besluit dat genl. Schalk W. Burger met sy kommando voorlopig na die Swasiegrens sou gaan om te waak teen moontlike sodanige gebeurlikhede.

Van Kwaggafontein af het die walaer met die grootpad na Swasieland getrek tot op Lochiel, 'n afstand van omtrent
(sestig myl.

37a) „ De Volksstem ", 6 Oktober 1899.

38) Lt.-kol. J. C. Fourie : a.w.

39) Ibid ; „ De Volksstem ", Vrydag 6 Oktober 1899.

sestig myl. Die destydse grootpad het min of meer dieselfde roete as die huidige gevolg. 40) As ons bedenk dat die weiveld aan die begin van Oktober op die Hoëveld baie swak is en die trekdier gevolglik maer, dan kan ons aanneem dat die reis seker minstens drie dae sou geneem het. Aangesien komdt. Prinsloo sy kommando reeds agtermekaar gehad het toe genl. Burger daar aangekom het, het hulle waarskynlik die volgende oggend, Vrydag 6 Oktober, in die pad geval. Dan kon hulle die Sondagaand of Maandag op Lochiel aangekom het. 41)

Lochiel Op Lochiel is daar naby groot plantasies bloekom-en basbome laer getrek. 42) Die plek was baie goed gekies, want die Hoëveld kan daardie tyd van die jaar soms nog geniepsig koud word en die plantasies het dus 'n goeie skuiling vir die diere gebied. Boonop was die burgers goed voorsien van brandhout en dit het seker nie lank geneem voor daar by al die waens vure aangesteek en koffie gemaak is nie. Die kampelewe het baie vermaak verskaf want die burgers was nog goed voorsien van kos en klere. In die maerjare wat sou volg, het hulle seker dikwels hierna terugverlang.

Reëlings met Swasiehoof Op 10 Oktober het genl. Burger, vergesel van die spesiale kommissaris, na Swasieland vertrek om die opperhoof te gaan spreek. Aan die opperhoof is verduidelik dat die oorlog waarskynlik sou uit-
(breek en dat

40) Sien kaart teenoor bl. 21.

- 41) Daar kon geen bronne gevind word wat die presiese datums bevestig nie, maar op Dinsdag 10 Oktober was die kommando reeds daar volgens K. G. 332 (6) : Telegram Landdros Carolina aan Sekretaris Kommandant-Generaal dd. 10 Oktober 1899. Hierin meld die Landdros dat genl. Burger op Oshoek, d.w.s. anderkant Lochiel, is; "De Volksstem", 6 Oktober 1899, verklaar: "Denkelyk zal men hier (Carolina) in lager blyven tot Maandag". Hierdie verslaggewer se vermoede was beslis verkeerd, want die reis kon onmoontlik net een dag geduur het.
- 42) Lt.-kol. J. C. Fourie : a.w., verklaar dat die plek vroeër bekend was as "Bekening se bome" (Buchanan ?).

brek en dat van hom en sy mense verwag is om neutraal te bly. Hy moes verder die regeringsgeboue en die privaat eiendom van burgers laat bewaak. Hierteen het hy aanvanklik beswaar gemaak, maar na genl. Burger aan hom verduidelik het dat dit die enigste verpligtinge was wat die regering op hom gelê het en hom dus daarvoor verantwoordelik gehou het, het hy ingestem. Die indruk wat genl. Burger en ander persone, wat die Swasies goed geken het, van die opperhoof gekry het, was dat daar nie moeilikheid van hom te vrees was solank as die Boere aan die wenkant was nie.

Reëlins vir veiligheid
van Swasiegrens

Genl. Burger het met die burgers en families wat in Swasieland was, gereël om die gebied te verlaat en hulle was ook gou op pad na Bellskop waar hulle sou bly. Die spesiale kommissaris is met 25 man agtergelaat om al die regerings-eiendom op te laai sodra die nodige waens sou aankom. 43)

Na sy terugkeer by die laer op 11 Oktober, het genl. Burger aan die Kommandant-Generaal berig dat die oosgrens beset was vanaf die samevloeiing van die Steelpoort- en Olifantsriviere oor Barberton tot by Oshoek, 'n afstand van ruim 150 myl. Sy kommando was dus baie versprei en uitgedun. 44)

Die Lydenburgse kommando onder komdt. David Schoeman het intussen ook op die Swasiegrens aangekom. Op 12
(Oktober

Hy is baie seker van die plek want hy het tevore daarlangs transport gery; W. P. Middel : Verklaring in my besit, praat van "Boomplaas" vanweë die bome. Vgl. ook die verklarings van A. W. Korf, G. J. Joubert (Kalbas) en B. J. van der Merwe, in my besit.

43) K. G. 332 (7) : Telegram genl. Burger aan Kommandant-Generaal. dd. 11 Oktober 1899.

44) Ibid.

Oktober het genl. Burger die Kommandant-Generaal meegedeel dat sy kommando, bestaande uit al die gekommandeerde burgers van Carolina en Lydenburg, tesame 800 man, toe daar byeen was. ⁴⁵⁾ Ten einde nog veiliger teenoor die Swasies te voel, het genl. Burger vir komdt. Chris Botha as kommandant oor die Swasielandpolisie en -burgers aangestel met die opdrag om die grens tussen Piet Retief en Swasieland op te pas. ⁴⁶⁾ Dit was geen maklike taak wat op komdt. Botha se skouers gelaai is nie, want die Swasiegrens het van Bells-kop af, waar die Swasielanders byeen was, vir ruim honderd myl in suid-oostelike en oostelike rigting gestrek.

Dit was genl. Burger se plan om sy laer voorlopig op Lochiel te laat bly tot hy eers sekerheid sou verkry het van moontlike Engelse troepebewegings in Delagoabaai en ander plekke op die oosgrens. Op 13 Oktober het hy, vergesel van vkt. Piet Taute en twintig man, na Bells-kop vertrek met die voorneme om vandaar ook na Piet Retief te gaan ten einde volkome op hoogte met die toestand op die hele Swasiegrens te kom. Sy laer het hy onder die bevel van komdt. David Schoeman agtergelaat met die opdrag om gereed te wees om enige oomblik hulp te verleen waar dit nodig mog wees. ⁴⁷⁾ Op Bells-kop het genl. Burger met komdt. Chris Botha en spesiale kommissaris Ferreira samesprekings gevoer. Hulle verslae aan die Generaal was so gerusstellend dat hy besluit het om nie na Piet Retief te gaan nie. ⁴⁸⁾

(Na hy

45) K. G. 332 (7) : Telegram asst.-genl. Burger aan Kommandant-Generaal dd. 12 Oktober 1899.

46) Ibid.

47) Ibid; "De Volksstem", 13 Oktober 1899.

48) K. G. 332 (8) : Telegram asst.-genl. Burger aan Kommandant-Generaal, dd. 14 Oktober 1899.

Na hy hom deeglik vergewis het dat daar van die Swasies geen gevaar te vrees was nie, het genl. Burger by die Kommandant-Generaal aanbeveel dat hy gerus maar 400 van sy 800 burgers kon wegneem om elders te gebruik. So 'n groot mag was na die mening van die Generaal nutteloos op die Swasiegrens. 49)

Genl. Burger
na Natal

Met genl. Burger se terugkeer in sy laer het hy voorbereidings begin tref vir sy vertrek na Natal. Op Maandag 16 Oktober het hy 'n krygsraad in sy tent gehou. Hier is finaal gereël wie saam met hom na Natal sou gaan en wat hulle sou saamneem. Laaste opdragte is ook aan die agterblywende offisiere gegee. 49a) Op 17 Oktober het hy, vergesel van David J. Joubert L. E. V., vkt. Piet Taute, vkt. Willem H. de Villiers en 250 man na Natal vertrek. 50) Hiervan was 80 man van die Carolina-kommando 51) waaronder komdt. Prinsloo se adjudant J. C. Fourie jr. en lg. se vader, die latere generaal Fourie.

(Die waens

49) Ibid.

49a) "The Standard and Diggers' News", 15 November 1899.

50) Die telegram van die Kommandant-Generaal waarin hy opdrag gegee het dat genl. Burger moes vertrek, kon ek nie vind nie. So 'n opdrag is seker wel gegee na genl. Burger se aanbeveling dat 400 man weggeneem kon word; "The Standard and Diggers' News", 23 Oktober 1899.

51) "De Volksstem", 16 Oktober 1899; "The Standard and Diggers' News", 23 Oktober 1899; I. Stoltz : Dagboek, bl. 1: (in my besit); Preller-versameling, band 88, lêer 168, bl. 149 - 152 : Verklaring van J. H. Grobler. Hierin noem hy 57 Carolina-burgers en ook nog Lydenburgers; G. F. A. van Kraayenburg : Verklaring in my besit, noem 25 Carolina-burgers; H. J. J. Korf : Verklaring in my besit, praat van 90; A. N. van Kraayenburg : Verklaring in my besit, gee die getal as 50 van elke kommando. In hulle getuienis oor die slag van Modderspruit stel vkt. W. H. de Villiers, I. Stoltz, F. J. Pieterse en Wessel Davel (verklarings in my besit) die getal Carolina-burgers op 80 en dis dieselfde mense wat op 17 Oktober saam met genl. Burger van die Swasiegrens af vertrek het. Dus kan ons "De Volksstem" se berig van 16 Oktober 1899 as korrek aanvaar waar hy praat van 80 Carolina-burgers.

In sy getuienis oor die slag van Modderspruit noem Wessel Davel (a.w.) dat die Lydenburgers "ongeveer" 150 man was onder komdt. David Schoeman. Dit saam met die

Die waens het agtergebly en die Generaal het net 'n paar Skotskarre saamgeneem om die bagasie op te laai. 52) Hy het ook van die artillerie onder bevel van maj. P. E. Erasmus saamgeneem. 53)

Genl. Burger het dus 'n kort maar baie bedrywige verblyf op die Swasiegrens gehad. Sy taak was om vas te stel wat die Swasies se houding was en om die Republiek teen moontlike verraad te beveilig. Hierdie taak was afgehandel en toe het hy na Natal vertrek waar moeiliker werk op hom gewag het.

Kamp verskuif Op 18 Oktober het die laer op Lochiel op-
na Oshoek gebreek en die vyftien myl na Oshoek ver-
skuif om nader aan die grens te wees. Hier het die Lyden-
burgers en Carolina-kommando aparte driehoekige laers ge-
trek. 54) Komdt. Prinsloo is nie saam Natal toe nie en het
bevel oor die Carolina-laer gevoer.

Laerreëlings In die Carolina-laer is sake baie ordelik
gereël. Daar was 'n laerkommandant wat die dissipline moes
handhaaf en alle sake in die laer moes reël. Hy het ook
reëlins in verband met die oppas van die vee getref. As
van die burgers van die kampreëls oortree het, is hulle voor
die krygsraad gedaag en die gewone straf was saalpak dra. 55)
Die eerste laerkommandant was J. D. van Loggerenberg. La-
ter is hy opgevolg deur J. J. (Koos) Pieterse.

(Hoewel

vorige gesien, oortuig verder van die korrektheid van
"De Volksstem" se berig.

52) A. W. Korf : a.w.

53) "The Standard and Diggers' News", 23 Oktober en 15 No-
vember 1899 ; T. M. Weeber, H. J. G. Korf en A. N. van
Kraayenburg : a.w.

54) "The Standard and Diggers' News", 23 Oktober 1899.

55) A. W. Korf en B. J. van der Merwe : a.w.

Patrollies Hoewel genl. Burger gemeen het dat die Swasies nie moeilikheid sou maak nie, was dit tog noodsaaklik dat die grens deeglik dopgehou moes word. Die gevolg was dat daar daaglik patrollies uitgestuur is om verkenningswerk te doen. So 'n patrollie het uit vyf tot tien man bestaan. Die een patrollie het in die oggend van Oshoek af vertrek en oor Steynsdorp tot by die „ Heights " naby Barberton, 'n afstand van ongeveer sewe uur te perd, gery. Hier het hulle dan die nag oorgebly om die volgende dag weer terug te kom laer toe. 'n Ander patrollie het na Bellskop gery, 'n afstand van ongeveer vier uur te perd, en dan nog dieselfde aand in die laer teruggekeer. 56)

Uitsit van Daar is deeglik toegesien dat die laer nie
wagte gedurende die nag oorval sou word nie.

Rondom die laer is 'n laerwag wat bestaan het uit twee man elke honderd tree, geplaas. Hulle is om die twee uur afge- los en die korporaal wat aan diens was, moes gedurig omgaan om toe te sien dat die wagte nie aan die slaap raak nie. Elke aand het die veldkornet 'n wagwoord aan die korporaal gegee, wat dit dan weer oorgedra het aan die wagte. Bene- wens die laerwag is daar ook 'n wag van tien man vir omtrent 'n myl en 'n half in die rigting van die Swasiegrens gestuur. Hulle moes om die beurt wagstaan, want hulle is nie geduren- de die nag afgepos deur burgers uit die laer nie. 57)

Op 19 Oktober het die veldtelegraaf-diens by die laer op Oshoek aangekom en is dadelik in werking gestel. 58) Die artilleriste het intussen die tyd verdryf deur te oefen met
(die heliograaf.

56) B. J. van der Merwe, G. F. A. van Kraayenburg, G. J. Joubert : a.w.

57) B. J. van der Merwe, A. W. Korf, H. J. G. Korf : a.w.

58) „The Standard and Diggers' News", 23 Oktober 1899.

die heliograaf. 59)

Tydverdryf Die tyd het vir die burgers in die laer be-
in laer gin lank word. Die Swasies het nie geroer
 nie en die enkele beurt wat 'n burger gekry het om patrollie-
 diens te doen, was 'n geleentheid om 'n slag uit die laer te
 kom. Om die tyd te verdryf is daar allerlei speletjies ge-
 reël. Spanne van die verskillende veldkornetskappe het
 teen mekaar jukskei gespeel. Soms het spanne van die twee
 laers kragte gemeet en dan was albei kante se ondersteuners
 teenwoordig om hulle onderskeie spanne aan te moedig. Die
 sterk manne het spanne gevorm en teen mekaar tougetrek.
 Van die jong seuns het „ghoen" en „rounders" gespeel, ter-
 wyl ander mekaar uitgedaag het om stok te trek. Van die
 ratsstes het vér- en hoog-gespring. 60) Die oorlog was
 vir hierdie burgers net 'n véraf gerammel waaraan hulle geen
 deel gehad het nie.

Vkt. Viljoen Dit is later nodig gevind om 'n deel van die
na Bellskop Carolina-burgers onder bevel van vkt. A. J.
 Viljoen van Oshoek na Bellskop te verskuif. 61) Hier het
 hulle saam met komdt. Chris Botha van die Swasieland-poli-
 sie gebly en hom bygestaan in die bewaking van dié deel van
 die Swasiegrens wat hy moes oppas. Vkt. Viljoen het soms
 in Swasieland slagvee vir die burgers gaan koop. Met sulke
 geleenthede het A. W. Korf as veldkornet waargeneem. 62)

(Die toestand

59) Ibid.

60) T. M. Weeber, J. J. Pieterse, vkt. A. J. Viljoen, G. F.
 A. van Kraayenburg en H. J. G. Korf : a. w.

61) Die datum kon nie vasgestel word nie.

62) J. J. Pieterse en A. W. Korf : a. w.

Komdt. Prinsloo
na Natal

Die toestand in Natal het intussen vir die Boere moeilik begin word. Omstandighede wat in die volgende hoofstuk beskryf sal word, het die Boere-opperbevel genoodsaak om alle beskikbare magte na die Natalse front te stuur, ten einde die lang Tugela-linie teen genl. Buller se aanslae te verdedig. Aangesien daar 550 man op die Swasiegrens ledig gelê het, het komdt. Prinsloo aan die begin van Desember opdrag gekry om na Natal te vertrek ⁶³⁾ en hy kom laat in Desember, vergesel van vkt. A. J. Viljoen, vkt. A. J. de Lange en die meeste van die Carolina-burgers, by Ladysmith aan. Daar het egter 'n klompie Carolina-burgers op die Swasiegrens agtergebly en vkt. W. H. de Villiers is na sy terugkeer van die Mooirivier-veldtog af, gestuur om die bevel oor hulle te gaan oorneem. Na 'n tyd is hy teruggeroep na Natal met die oorblywende Carolina-burgers, ⁶⁴⁾ behalwe omtrent 20 man. Hierdie groep onder vkt. de Villiers het die dag na die slag van Spioenkop by die Carolina-laer by Spioenkop aangekom. ⁶⁵⁾

(Op die

63) Hierdie opdrag kon nie gevind word nie en die presiese datum is dus onbekend. J. H. Grobler : a. w., verklaar dat komdt. Prinsloo in die begin van Januarie 1900 by Ladysmith aangekom het, maar dit kon reeds vroeër gewees het, want vkt. W. H. de Villiers wat saam met die Kommandant-Generaal na Mooirivier was, is na hulle terugkeer daarvandaan aan die einde van November of begin Desember na die Swasiegrens teruggestuur en hy het komdt. Prinsloo wat op pad na Natal was, by Sandspruit ontmoet (T. M. Weeber : Verklaring in my besit). Dit sou waarskynlik vroeg in Desember gewees het en dan kon komdt. Prinsloo seker nog gedurende die laaste helfte van Desember by Ladysmith aangekom het. Op 6 Januarie 1900 ten tyde van die aanval op die Platrand, het die Carolina-burgers onder vkt. A. J. Viljoen opgetree. Lg. het saam met komdt. Prinsloo Natal toe vertrek en dus was komdt. Prinsloo se kommando toe reeds by Ladysmith (Sien voetnoot 55 van hoofstuk II).

64) Hierdie opdrag kon nie gevind word nie.

65) G. J. Joubert (Kalbas) : Verklaring in my besit; Hy het saam met vkt. de Villiers vertrek. Vgl. ook verklaring van B. J. van der Merwe; I. Stoltz : a.w., bl. 7 en 8, verklaar dat hulle te perd na Volksrust is en vandaar per trein na Ladysmith.


Op die Swasiegrens is Jacob C. Middel, wat toe aangestel is as waarnemende veldkornet, met omtrent 20 Carolinaburgers agtergelaat om saam met 'n klompie Lydenburgers en die Swasieland-polisie as 'n wag te dien. 66)


So het die grootste gedeelte van die Carolinakommando teen die einde van die jaar 1899 hulle weg na Natal gevind, waar die Boeremagte in groot getalle saamgetrek was, om ook daar hulle bydrae tot die eerste fase van die stryd te lewer.

66) Verklarings in my besit van H. C. van Wyk, T. M. Weeber, vkt. A. J. Viljoen en G. J. Joubert (Kalbas).

005 - TRANSVAAL EN NOORD-NATAL

SKAAL: 7/8 DUIM - 20 MYL. • LYDENBURG.





Van Piet Retief af na Paul Pietersburg was die voortgang maar stadig. Dit is bergagtige wêreld en die Pongolairivier met sy sytakke waardeur hulle moes trek, het as gevolg van die aanhoudende reën die trek vertraag. Die gevolg was dat hulle eers op Saterdag 21 Oktober op Paul Pietersburg waar die ontvangs maar koel was, aangekom het. Genl. Burger het buitekant die dorp laat afsaal en die landdros het hulle hier van beesvleis voorsien. ⁸⁾ Hiervandaan is hulle verder en het Sondagmôre 22 Oktober in Vryheid aangekom, ⁹⁾ waar hulle oorgebly het tot die aand elfuur. Dit was seker 'n welkom rus vir mens en dier wat toe reeds 'n reis van sowat 150 myl in modder en oor slegte paaie agter die rug gehad het en dit in slegs vyf dae. Die inwoners het die burgers baie gasvry ontvang sodat hulle die dag kon ontspan. Sommige burgers het die aand die diens in die kerk bygewoon. Hier op Vryheid het hulle verneem van die slag van Dundee en van die mense daar het naasbestaandes in die slag verloor. ¹⁰⁾

Die Sondagaand om elfuur het genl. Burger laat opsaal en die nag deurgetrek. Die volgende middag het hy naby Dundee afgesaal en so 'n afstand van omtrent 45 myl afgelê. Dit was 'n lang trek, maar die diere kon dit staan na
(die vorige

ber 1899 dat die paaie sleg was, dat dit baie gereën het en dat "the expedition fares but slowly along".

4) "The Standard and Diggers' News", 15 November 1899.

5) Ibid, 20 Oktober 1899.

6) I. Stoltz : a. w., bl. 2.

7) "The Standard and Diggers' News", 15 November 1899.

8) I. Stoltz : a. w. , bl. 2.

9) "The Standard and Diggers' News", 23 Oktober 1899.

10) I. Stoltz : a. w. , bl. 2.

die vorige dag se rus. ¹¹⁾ Hier het hulle die nag geslaap en die volgende dag met die Kommandant-Generaal se hoofmag verenig, saam met wie hulle op 25 Oktober na Ladysmith vertrek het ¹²⁾ om op die 27ste daar aan te kom. ¹³⁾

Toestand in Natal Intussen het die stryd in Natal begin met die slag van Dundee waar genl. Lucas Meyer op 20 Oktober verslaan is. Nogtans het genl. White, die Engelse bevelvoerder in Natal met sy hoofkwartier in Ladysmith, besef dat hy nie in staat sou wees om Dundee te behou nie en sy troepe daarvandaan op 22 Oktober na Ladysmith laat terugtrek. Genl. Meyer het hulle probeer inhaal, maar sonder sukses en op 26 Oktober was hulle veilig terug in Ladysmith. Op 21 Oktober het genl. Kock 'n neerlaag by Elandslaagte gely, maar genl. White het ook hierdie troepe na Ladysmith laat terugtrek, aangesien die Vrystaters sy linkerflank bedreig het.

Op 29 Oktober het genl. Joubert se magte die hand gereik aan die Vrystaters onder genl. A. P. Cronje wat Ladysmith van die westekant bedreig het. ¹⁴⁾ Dieselfde dag het die Kommandant-Generaal 'n krygsraad van die Transvaalse en Vrystaatse offisiere gehou, ten einde planne te beraam vir die beleëring van Ladysmith. ¹⁵⁾

(Genl. Joubert)

11) Ibid, bl. 2.

12) Jacob van Rensburg : Verklaring in my besit.

13) Amery : a. w., vol. II, bl. 210.

14) Van Aardt : a. w., bl. 37.

15) Ibid.

(Plot world) von "The Time History of the War"

in South Africa 1999-1992)

Posisie van Genl. Joubert se magte het stellings inge-
Boeremagte neem wat in 'n halfmaan van die rante noord-
 wes van Ladysmith tot suid-oos van die dorp gestrek het.
 Op die Boere-regtervleuel was die Vrystaters onder genl.
 A. P. Cronje. Oos van hulle was die Pretoria-kommando on-
 der genl. D. J. E. Erasmus. Op sy linkerflank was genl.
 Schalk W. Burger met die 250 man ¹⁶⁾ wat hy van die Swasie-
 grens af gebring het en wat bestaan het uit 170 Lydenburg-
 ers en 80 Carolina-burgers onder vkt. W. H. de Villiers.
 Die Carolina-posisie was op die hoogste punt van die reeks
 rooi rantjies wat daar van wes na oos loop, naby die plek
 waar Modderspruit deur die rantjies breek. Hier het die
 Krupp Howitzer-kanon onder maj. P. E. Erasmus gestaan. ¹⁷⁾
 Op die linkerflank van Carolina was agtereenvolgens die
 Heidelbergers onder komdt. Weilbach en verder aan genl.
 Lucas Meyer. ¹⁸⁾

Die Engelse plan was om 'n verrassingsaanval op die
 Boere te doen en hulle linie van die linkerflank af te om-
 vleuel en op te rol. 'n Ander groep moes in die nag Nichol-
 sonsnek gaan beset en die Boere se regtervleuel van agter
 af aanpak. Gedurende die nag van 29 op 30 Oktober het die
 Engelse magte uitgetrek en stellings gaan inneem. Die Eng-
 else troepe en batterye het stelling ingeneem op die breë
 (turfvlakte ...

16) Van Aardt : a. w., bl. 37, praat van 37 Lydenburgers,
 wat op verkeerde informasie berus. Sien voetnoot 51
 van vorige hoofstuk.

17) Verslag in my besit van die Historiese Komitee van Ca-
 rolina wat saam met oud-stryders die toneel van die ge-
 veg besoek het in September 1939. Hoewel vervalte, be-
 staan die skans van die kanon nog, gestapel van rooi
 ysterklip; Amery : a. w., vol. II, bl. 250, dui twee
 kanonne op sy kaart aan; Wessel Davel : Verklaring in my
 besit, praat ook van 2 Krupp-kanonne. Moontlik het die
 ander een by die Lydenburgers gestaan.

18) Sien kaart teenoor hierdie bladsy.

turfvlakte wat van die Boerestellings af na Ladysmith gestrek het.

30 Oktober Toe dit mooi lig was die oggend van 30 Oktober 1899 het die geveg 'n aanvang geneem. Daar was twee Engelse batterye op die vlakte ongeveer 1500 tree ten suidweste van Carolina se stellings. Hierdie kanonne het 'n kwaai bombardement op die Boerestellings gelos. 19) Die Carolina-burgers se kanon is dadelik die swye opgelê deurdat die bemanning dit nie kon uithou nie en sy muile is doodgeskiet. Die burgers is daarop beveel om die kanon agtertoe te trek en hierna het hy weer sy vuur van agter die rant hervat, terwyl die heliografe aan die artilleriste gesien het waar om te skiet. 20)

Die bombardement het pas begin toe die Carolina-burgers bemerk dat die Engelse troepe skuins by hulle verbygestrek het tot ongeveer 3000 tree links in die skurwe rantjie. Hier is hulle deur die Heidelbergers gestuit.

Genl. Burger se sektor was oos en suid-oos van die genoemde kanon af en die aanval van die Engelse voetgang-ers en perderuiters was ten dele teen hulle gerig. Hoewel die Engelse betreklik naby hulle stellings gekom het, was dit tog te ver vir die kleingewere om baie doeltreffend te wees en gevolglik was dit hoofsaaklik 'n kanongevog. 21)

(Om twaalfuur)

19) Verslag van Historiese Komitee : Verklaring van lt.-kol. J. C. Fourie, wat sê „dit was een streep blits“...

20) Ibid : Verklaring P. W. Middel; I. Stoltz : a. w., bl.3.

21) Verslag van Historiese Komitee van Carolina; Vgl. Buitengewone uitgawe van „De Volksstem“, 30 Oktober 1899.

Om twaalfuur die middag het die Engelse begin terugtrek. ²²⁾ Dit het wanordelik geskied en in werklikheid het hulle in paniek gevlug. ²³⁾ Hoewel van sy ondergeskiktes by genl. Joubert daarop aangedring het dat hulle die Engelse moes agtervolg, het hy hardnekkig geweier om die bevel daartoe te gee. Die verslane vyand is ongehinderd toegelaat om aan vernietiging te ontkom. As in aanmerking geneem word dat daar op daardie tydstip geen ander Britse magte in Natal was nie, is dit onverstaanbaar waarom genl. Joubert die gulde geleentheid om die hele Natal te verower verby laat gaan het. Met Ladysmith uit die weg geruim, sou die pad na Pietermaritzburg en Durban oop gewees het en sou die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog heelwaarskynlik anders daar uitgesien het.

Hoewel die Engelse heelwat ongevallen in hierdie slag gehad het, was die ongevallen aan Boerekant lig gewees. Onder die Carolina-burgers was gelukkig geen ongevallen nie. ²⁴⁾

Die geleentheid wat genl. Joubert aan die Engelse gegee het om te ontkom het genl. White gebruik om hom deeglik in Ladysmith in te grawe. Hierdeur het hy duisende burgers vir maande lank ledig gehou, terwyl hulle andersins die Boeremagte aan die Tugela teen genl. Buller se aanslae kon versterk het. ²⁵⁾

(Die inval

22) Amery : a. w., vol. II, bl. 232; Buitengewone uitgawe van "De Volksstem", 31 Oktober 1899.

23) Deneys Reitz : Kommando, bl. 42 - 43.

24) I. Stoltz, vkt. W. H. de Villiers, F. J. Pieterse : Verklarings in my besit.

25) Vir 'n volledige verslag van die slag van Modderspruit, sien : Amery : a. w., vol. II, bl. 212 - 264; Doyle, A. C. : The great Boer War, T. Nelson & Sons, London, 1903, bl. 89 - 100; Van Aardt : a. w., bl. 36 - 42; Weeber, E. J. : Op die Natalse front, Nasionale Pers Bpk., Kaapstad, 1940, bl. 66 - 89 ; Sien ook D. W. Kruger : Die Tweede Vryheidsoorlog (Van der Walt, Wiid, Geyer : Geskiedenis van Suid-Afrika, deel I, Nasionale Pers Bpk., Kaapstad, 1951) bl. 555 e. v.

PLAN AANTOONENDE DE
Posities van de Burgermachten
der Z.A.R. en O.V.S.

RONDOM



LADY SMITH

Gemeten door Landmeter E. J. P. Jorissen Jr
Geithografeerd ten Kantore van den
LANDMIETER GENERAAL


PRETORIA Z. A. R.


SCHALEN

ENG. M. O. L. E. N.









b) Die inval suid van die Tugela

Besettingsmagte
om Ladysmith

Nadat Sir George White op 30 Oktober toegelaat is om sy magte in Ladysmith terug te trek, het genl. Joubert besluit om alle Engelse verbindings met Ladysmith af te sny en die dorp te beleër. Die spoorweg na die suide is afgesny en aan die verskillende kommando's is elkeen 'n plek aangewys waar hulle moes kampeer. 26) Noord-oos van die dorp, net suid van Modderspruitstasie, was genl. Joubert se hooflaer met genl. Schalk W. Burger se Lydenburgers en Carolina-burgers oos van hom. Ermelo was omtrent 'n halfmyl noord van genl. Joubert se laer. Wes van die spoor was die veldhospitaal, met die Ierse korps net suid daarvan. Ten noord-weste van die veldhospitaal was die Johannesburgse polisie en ten suid-weste daarvan die Pretoria-laers. Die Vrystaatse laers het van noord-wes tot suid-wes van die dorp gelê, terwyl die suide en ooste vervolgens ingesluit is deur die kommando's van Vryheid, Utrecht, Standerton, Krugersdorp, Wakkerstroom, Heidelberg en Middelburg. Op Lombardskop en Bulwana-kop is swaar artillerie geplaas. Ander kanonne is op die rante suid van die dorp geplaas, asook by die Kroonstad-kommando ten weste en op Vaalkop reg noord van die dorp.

Militêre posisie in Natal

Die militêre toestand was baie moeilik vir die Engelse. Die slag van Modderspruit en die

26) Transvaalse Argief 3/1025 : Kaart van landmeter E. J. P. Jorissen jr., wat die posisies van die verskillende kommando's om Ladysmith aantoon, geplaas teenoor hierdie bladsy.

spruit en die beleg van Ladysmith het 12,000 Britse soldate uitgeskakel, benewens baie artillerie en voorrade. ²⁷⁾ Al soldate wat nog oor was, was die 2,300 man by Colenso. Natal het dus feitlik weerloos gelê met die Boere tagtig myl van Pietermaritzburg af. Op 3 November het die Britse mag by Colenso teruggeval op Estcourt, omdat Colenso moeilik te verdedig was met so 'n klein mag. Noord van die Tugela by Colenso is hoë rante waar die Boere stellings kon inneem wat die lewe vir die Engelse onmoontlik kon maak in Colenso, terwyl die suidelike wal van die Tugela oop lê met 'n vlakte wat geleidelik styg na die suide. Langafstand-kanonne wat in die rante noord van die Tugela geplaas was, sou dus die Engels uit Colenso kon uitskiet sonder dat hulle hulself sou kon verweer. ²⁸⁾ Die hele militêre toestand het dus 'n geleentheid geskep wat nie goed genoeg deur die Boere-opperbevel raakgesien is nie. Indien die Kommandant-Generaal 'n beslissing by Ladysmith afgedwing het in plaas van net die dorp gedurig met sy langafstand-kanonne te bestook, kon hy 'n betreklik weerlose Natal met al die magte tot sy beskikking aan hom onderwerp het.

Genl. Joubert Na die insluiting van Ladysmith voltooi
trek oor Tugela was, het genl. Joubert, waarskynlik onder druk van die jonger garde soos Louis Botha, ²⁹⁾ be-
 (sluit om

27) Amery : a. w., vol. II, bl. 211; Doyle : a. w., bl. 39.

28) Amery : a. w., vol. II, bl. 300, vertel van 'n bombardement deur die Vrystaters van die Groblerskloof-hoogtes af; "The Standard and Diggers' News", 10 November 1899, sê ook dat die Transvaalse langafstand-kanonne dit vir die Engelse onmoontlik in Colenso gemaak het en dat hulle moes terugval op Estcourt. Hy meld ongelukkig nie waar die kanonne gestaan het nie.

29) Van Aardt : a. w., bl. 43.

sluit om 'n inval suid van die Tugela te maak. Die burgers met die beste perde is uit die verskillende kommando's uitgesoek, ³⁰⁾ want dit moes 'n beweeglike perdekommendo wees. Sodoende het ongeveer 3,000 burgers op 13 en 14 November by Colenso aangekom, uitgesoek uit die kommando's van Krugersdorp, Boksburg, Heidelberg, Standerton, Ermelo, Carolina, Middelburg, Vryheid, Utrecht, Johannesburg Polisie en die Vrystaters uit Senekal, Vrede en Frankfort. ³¹⁾ Daar moes natuurlik in gedagte gehou word dat genoeg burgers rondom Ladysmith moes agterbly om die beleg doeltreffend te maak.

Van die Carolina-burgers is 42 saam met David J. Joubert L. E. V., wat nou weer die rang van kommandant beklee het. ³²⁾ Vir dae lank het hy met 500 man die wêreld oorkant die Tugela eers goed verken voordat genl. Joubert met sy hoofmag vertrek het. ³³⁾

Die kommando het vier kanonne saamgeneem. Daar was twee Franse snelvuur-kanonne onder tweede luitenant G. H. Kruger en twee Krupp-kanonne onder tweede luitenant Roos. ³⁴⁾

Op 15 November het genl. Joubert van Colenso af suidwaarts beweeg. Die Engelse het daagliks 'n gepantserde trein van Estcourt af noordwaarts gestuur om te verken en om die skyn van mag op te hou, want hulle was senuagtig en
(het as gevolg

30) Preller-versameling, band 88, lêer 168, bl. 152 : Verklaring van J. H. Grobler.

31) Naude: Vechten en vluchten van Beyers en Kemp, bl. 52 en 68; "The Standard and Diggers' News", 14 Nov. 1899; "De Zuid-Afrikaan vereenigd met Ons Land", 18 Nov. 1899; Amery : a. w., vol. II, bl. 301 - 304.

32) Verklarings in my besit van S. J. Stoltz en lt.-kol. Wynand Davel; Hier bekleed David J. Joubert die rang van kommandant, maar dit was net in waarnemende hoedanigheid, want vandat komdt. Prinsloo in Natal aangekom het, het hy oor die hele Carolina-kommando bevel gevoer en dit sou die geval bly tot met sy dood, toe David Joubert in sy plek tot kommandant verkies is.

33) Preller, G. S. : Talana, bl. 233 - 234.

34) Kruger, Lt.-kol. G. H. : Met Generaal P. Joubert in die veld (Die Huisgenoot, 22 April 1938)

het as gevolg van hulle swak inligtingsdiens die Boere vér oorskat. ³⁵⁾ Op die 16de het genl. Botha aan sy vrou getelegrafeer dat hulle die vorige dag 'n gepantserde trein wat van Estcourt af gekom het, ontspoor het deur klippe op die spoor te pak. Die Boere-kanonne was in posisie en hoewel die lokomotief daarin geslaag het om weg te kom en swaar beskadig te ontvlug, was die orige Engelse troepe genoodsaak om na 'n geveg oor te gee. Die vyandelike verliese was 4 dood, 14 gewond en 58 krygsgevangenes. 'n Bergkanon is buitgemaak. Van die Boere is 4 lig gewond. ³⁶⁾

Carolina-burgers Dieselfde dag het genl. Joubert sy magna Weenen te verdeel en komdt. David J. Joubert met die klompie Carolina-burgers en die Middelburgers na Weenen gestuur. ³⁷⁾ Hulle moes oos om Estcourt na Weenen trek met twee kanonne, terwyl die Kommandant-Generaal met genl. Botha en sy hoofmag wes om Estcourt sou trek. Op Vrydag die 17de het David Joubert 'n verlate Weenen binnegetrek sonder om 'n skoot te skiet. ³⁸⁾ Hy het verder na die suide aangeruk en op die 19de het hy 'n skermutseling met 'n Engelse patrollie uit Mooirivier gehad en vyf myl oos van Highlands-stasie posisie ingeneem met die doel om vir genl. Joubert met die hoofmag te wag. ³⁹⁾

(Intussen)

35) „The Journal”, Grahamstad, 16 Nov. 1899, praat glad van 10,000 Boere; Amery: a. w., vol. II, bl. 304 en volgende bladsye.

36) „The Standard and Diggers' News”, 18 en 20 Nov. 1899; Amery: a. w., vol. II, bl. 308, gee die Britse ongevalle aan as 5 dood, 45 gewond en 70 krygsgevangenes waaronder Winston Churchill. Genl. Botha kon nie van al die Engelse gewondes geweet het nie, aangesien die meeste met die lokomotief ontsnap het. Vir meer besonderhede oor hierdie ontsporing van die gepantserde trein, sien Amery : a. w., vol. II, bl. 305 - 308; Van Aardt: a. w., bl. 44 - 45; Naude : a. w., bl. 54; Weeber: a.w., bl. 94 - 95.

37) K. G. 352: Telegram Kommandant-Generaal aan Regering, dd. 18 Nov. 1899; Lt.-kol. J. C. Fourie (verklaring in my besit), praat ook net van Carolina-burgers en Middelburgers; Amery : a. w., vol. II, bl. 308, praat van 1000 man, maar dit klink te veel want ons moet onthou

Intussen het dit aanhoudend gereën. Dit het die bewegings van die kommando's bemoeilik en die burgers het baie te verduur gehad, selfs honger gely, omdat alles nat was en hulle nêrens kon vuurmaak om kos voor te berei nie.⁴⁰⁾

Op die 18de het genl. Joubert dit sterk oorweeg om na Colenso terug te keer maar hy het reeds drie dae tevore 'n deel van sy magte ooswaarts onder komdt. David Joubert gestuur en hulle was buite sy bereik om ander bevele aan hulle te gee. ⁴¹⁾ Dus het hy maar na Highlands-stasie opgetrek, maar hy was te laat om die Engelse versterkings wat op die 16de, 17de en 18de na Estcourt deurgekom het af te sny. ⁴²⁾

Mooirivier Op die 22ste het komdt. David Joubert Mooi-
aangeval rivier gebombardeer. Daar het 'n geveg ontstaan, maar dit was hoofsaaklik net 'n artillerie-tweegeveg. Hier is 'n Carolina-burger nl. David Steenkamp ("White") deur 'n stuk granaatkartets in die sy gewond. Die Boere het 'n paar pragtige perde gebuit. ⁴³⁾

(Op die 24ste

daar is maar 42 Carolina-burgers saam met David Joubert en dis onwaarskynlik dat genl. Joubert sowat 950 uit die 3000 man net uit die Middelburgers sou gekies het.

38) "The Standard and Diggers' News", 25 Nov. 1899.

39) Amery : a. w., vol. II, bl. 309.

40) "The Standard and Diggers' News", 25 Nov. 1899; "The Journal", Grahamstad, 25 Nov. 1899; E. J. Weeber: Die inval in Natal (Die Huisgenoot, 6 Des. 1935); Ibid : Op die Natalse front, bl. 92 - 104

41) K. G. 352 : Telegram Kommandant-Generaal aan Regering dd. 18 Nov. 1899.

42) Amery : a. w., vol. II, bl. 309.

43) Verklarings in my besit van lt.-kol. J. C. Fourie, S. J. Stoltz, lt.-kol. Wynand Davel; sien ook verklaring van J. H. Grobler (Preller-versameling, band 88, lêer 168, bl. 152.)

Op die 24ste is in bitter onaangename weer 'n aanval op Mooirivier gemaak onder aanvoering van genl. Botha. Gedurende 'n donderstorm is 'n burger en ses perde deur die weer doodgeslaan. Die Engelse het die aanval afgeslaan maar daar was min verliese aan Boere-kant. 44)

Engelse versterkings Intussen het die Engelse versterkings nog gedurig ingestroom. Op die aand van 22 November was die posisie as volg : op Estcourt was 5,200 man en op Mooirivier ongeveer 4,500. Verdere versterkings was nog gedurig aan die kom. Hoewel genl. Joubert intussen die spoorweg en telegraaf-verbinding tussen Mooirivier en Estcourt afgesny het, was sy posisie tussen twee sulke sterk magte tog gevaarlik. Moontlik was dit een van die beweegredes wat genl. Joubert laat besluit het om na die Tugela terug te keer. 45)

Genl. Joubert keer terug Na oorlegpleging met sy offisiere 46) het genl. Joubert besluit om na die Tugela terug te trek en op die 25ste het die terugtog begin met baie beeste en perde wat hulle gebuit het. Die hoofmag van die Boere het ooswaarts gegaan en die Boesmansrivier by Weenen deurgetrek, terwyl 'n klein afdeling wes van Estcourt verby is. 47)

Van Weenen af het hulle reguit na Chieveley getrek. Die Britse magte het hier met 'n hele klomp kanonne teen hulle uitgetrek en hulle onder die vuur gestee, 48) maar dit (was net 'n

44) „The Standard and Diggers' News", 30 Nov. 1899.

45) Maurice, Sir Frederick, with a staff of officers: History of the War in South Africa 1899 - 1902, vol. I, bl. 269.

46) Van Aardt : a. w., bl. 47.

47) Maurice : a. w., bl. 273.

48) Lt.-kol. J. C. Fourie : a. w.

was net 'n demonstrasie en het geen ernstige gevolge gehad nie. Op 27 November was genl. Joubert aan die Tugela terug. 49)

Die Carolina-burgers is reguit deur na Ladysmith, waar hulle gebly het tot komdt. Prinsloo met die burgers van die Swasiegrens af by hulle aangesluit het. 50) Aan die slag van Colenso het die Carolina-burgers dus geen aandeel gehad nie.

c) Platrand

Beleg van Ladysmith Na die slag van Modderspruit het die Boeremagte Ladysmith aan alle kante ingesluit. Die plan was om die dorp aanhoudend te bombardeer en so tot oorgawe te dwing. Die bombardement is dag na dag voortgesit sonder veel sukses. Dit is natuurlik te veel verwag dat 'n vyand wat ingegrawe is oor 'n gebied van nagenoeg vier en 'n half myl van noord na suid en dieselfde afstand van oos na wes, deur 'n paar langafstand-kanonne tot oorgawe gedwing kan word. Gedurende November en Desember 1899 het die bombardement voortgegaan, afgewissel deur kleiner en groter skermutselings tussen die Boere-besettingsmagte en die ingeslote Britse troepe, sonder dat daar enige wesenlike verandering in die militêre toestand ingetree het. 51)

(Aan die

49) E. J. Weeber : Die inval in Natal (Die Huisgenoot, 6 Des. 1935).

50) Lt.-kol. J. C. Fourie : a. w.

51) Vir meer besonderhede oor die beleg van Ladysmith sien: Doyle : a. w., bl. 160 - 165 en 168 - 172 ; Amery : a. w., vol. III. bl. 145 e.v.

Colenso Aan die Tugela, egter, het die militêre toestand wel deeglik verander. Na die terugkeer van die veldtog na Mooirivier, het genl. Botha die rante by Colenso noord van die Tugela beset en gewag dat genl. Buller tot die aanval moes oorgaan. Genl. Botha se manne was so deeglik weggesteek en genl. Buller se inligtingsdiens so hope-loos, dat hy nie geweet het waar en hoeveel die Boere was nie. Op 15 Desember 1899 het hy by Colenso tot die aanval oorgegaan, maar is 'n gevoelige neerlaag toegedien deur genl. Botha. 52) Hierna het genl. Buller se magte nog daaglik aangegroei en dit was vanselfsprekend dat hy weer sou probeer om êrens deur te breek ten einde Ladysmith te ontset. Die Tugela-linie was lank en genl. Botha het nie geweet waar Buller se volgende aanval sou wees nie. Dit het die verdediging moeilik gemaak, want die Boere het nie oor 'n onuitputlike reserwemag om so 'n lang linie te verdedig, beskik nie. Die kommando's wat min of meer ledig by Ladysmith gelê het, kon dus beter gebruik word aan die Tugela.

Besluit om Plat- Hierdie oorwegings moes by genl. Jour-
rand aan te val bert en sy offisiere tydens die krygsraadsvergadering op 3 Januarie 1900 swaar geweeg het. Daar is naamlik besluit om weer 'n keer by Ladysmith tot die aanval oor te gaan en die Engelse mag in die rug van die Tugela-linie uit te skakel. Die hoofaanval sou teen die Platrand, twee tot drie myl ten suid-weste van die dorp, gemik wees. 53) Indien hulle hierdie strategiese punt van die
 (Engelse

52) Lees meer besonderhede oor die slag van Colenso in : Amery : a. w., vol. II, bl. 421 - 467 ; Doyle : a. w., bl. 136 - 149 ; Van Aardt : a. w., bl. 51 - 56 ; Kemp : a. w., bl. 256 ; Naudé : a. w., bl. 71 ; Weeber : Op die Natalse front, bl. 107 - 121.

53) K. G. 353 : Krygsraadsbesluite, dd. 3 Jan. 1900.

Engelse kon verower, sou die Engelse stellings sodanig verswak en blootgestel wees, dat die inname van die dorp daarop kon volg. Die aanval is beplan vir die nag van 5 op 6 Januarie 1900 en al die kommando's om Ladysmith sou daaraan deelneem.

Die Platrand strek vir omtrent twee tot drie myl van noord-wes na suid-oos. Die Engelse was deeglik verskans op die twee eindpunte wat ietwat hoër geleë is as die rug wat hulle verbind. Die plan was dat 'n mag van 900 man, saamgestel uit die kommando's van Heidelberg, Wakkerstroom, Standerton, Krugersdorp en Utrecht op die suid-oostelike punt die aanval sou maak. Uit die suide sou 600 man van die Vryheid-kommando en die Duitse korps tot die aanval oorgaan, terwyl die Winburgers net links van hulle sou optrek. Die ander Vrystaatse kommando's sou die noord-westelike punt van die Platrand aanval. Die voorbereidings moes so onopsigtelik gedoen word dat die aanval 'n groot verrassing vir die Engelse moes wees.

Die burgers het die Platrand onder dekking van die nag op die aand van 5 Januarie bekruip. Omstreeks drie-uur die môre van 6 Januarie het die burgers bo teen die rand uitgekom en 'n hewige vuur gelos, waardeur die Engelse wagte op die rand van die kop afgemaai is. Dit was 'n totale verrassing vir die Engelse en die burgers het hierdie aanvanklike voordeel ten beste gebruik om die vyand swaar verliese toe te dien. Die vyand was egter goed verskans en het die rand behou, ten spyte van die swaar aanval van die burgers. Op sommige punte was hulle so naby mekaar, dat hulle mekaar met klippe sou kon gegooi het.

Toe die aanval op die Platrand op sy hewigste was, is daar ook op die mees noordelike voorpos van die Engelse

((Observation Hill))

(Observation Hill) 'n aanval gemaak ten einde te verhoed dat daarvandaan versterkings na die Platrand gestuur sou word. 54)

Die Carolina-burgers het Ladysmith gedurende die nag voor die aanval onder vkt. Viljoen van die noord-oostekant af genader, hulle perde agter die naaste rantjies gelaat en posisie ingeneem in spoelslote ongeveer 200 tot 300 tree van die naaste huise af. Die Engelse was aan die kant van die dorp ingegrawe. Toe dit die oggend lig word het vkt. Viljoen se mense begin aanval. Hulle kon nie die vyand uit hulle posisie gaan uitdryf nie, want dan sou hulle hulself te veel aan die vuur van die verskanste Engelse moes blootstel. Dit was ook nie die plan van die Boere-opperbevel dat die Carolina-burgers die dorp moes probeer inneem nie. Die hoofaanval van die Boere was op die Platrand toegespits en die Carolina-burgers moes net die Engelse in die dorp besig hou om te verhoed dat hulle te veel versterkings na die bedreigde Platrand stuur. 55)

Die geveg het die hele lange dag aangehou en selfs 'n hewige bui reën die middag het dit nie laat verflou nie. 56)

Laat die middag is die laaste Boere van die Platrand afgejaag en het die vyand in besit van die bloedige slagveld gebly. Albei die vegtende partye het baie swaar verliese gely.

(Vkt. Viljoen)

54) Amery : a. w., vol. III, bl. 177.

55) Verslag van Historiese Komitee van Carolina. Vir 'n vollediger verslag van die slag, sien Amery : a. w., vol. III, bl. 176 - 205; Doyle : a. w., bl. 172 - 178; Naudé : a. w., bl. 83; Kemp, J. C. G. Genl. : Vir Vryheid en vir Reg, Nasionale Pers Bpk., 1941, bl. 265 ; Weeber : Op die Natalse front, bl. 128 - 130.

56) Doyle : a. w., bl. 167.

Vkt. Viljoen en sy manne het ook laat die middag teruggekeer sonder dat hulle enige verliese te betreur gehad het. Vkt. Viljoen was lig aan sy kop gewond, maar dit was niks ernstigs nie. Die ander burgers het gelukkig ongedeerd daarvan afgekom. 57)

Die klompie Carolina-burgers wat saam met genl. Schalk W. Burger Natal toe vertrek het, het tot hiertoe heelwat ondervinding van oorlogvoering opgedoen. Dit was vir hulle 'n voorsmaak van en vuurdoop vir die groot gebeurtenisse wat sou volg. Aangesien hulle so min was, kon hulle nêrens 'n leidende rol speel nie, maar na die slag van Platrand het die hele kommando onder komdt. Prinsloo hulself op 'n onmiskenbare wyse laat geld. Tot hiertoe het hulle nog geen verliese gely nie, maar hierna sou hulle offers, wat alleen deur geïnspireerde vegters gelewer kon word, vir die vryheid van hulle vaderland bring.

57) Verslag van die Historiese Komitee van Carolina.

H O O F S T U K I I I

S P I O E N K O P

Na die neerlaag wat genl. Buller met sy frontaanval op 15 Desember 1899 by Colenso gely het, ¹⁾ is sy magte nog steeds versterk met troepe en artillerie uit Engeland, sodat hy aan die begin van Januarie 1900 reeds meer as 30,000 troepe suid van die Tugela byeen gehad het. Die Boere magte het intussen in hulle stellings vir die volgende aanval van genl. Buller gelê en wag. Baie van die burgers het intussen verlof aangevra om hulle tuistes te gaan besoek en dit het meer en meer 'n probleem vir die offisiere geword om al die stellings te beman.

<u>Buller besluit om</u> <u>aan Bo-Tugela</u> <u>deur te breek</u>	Genl. Buller het intussen besluit dat die deurbraak by Colenso te moeilik sou wees. Hoër op met die rivier sou dit makliker gewees het om 'n deurgang deur die rivier te forseer en daar was net een reeks rante wat hom dan van die vlakte wat tot by Ladysmith strek, sou skei. Die gevolg was dat hy besluit het om hoër op met die rivier vir hom 'n pad na Ladysmith oop te veg. Indien hy 'n vinnige verrassingsaanval sou maak het, sou hy hoogs waarskynlik geslaag het, maar in plaas daarvan het hy sy leër oop en bloot en boonop uiters tydsaam na die Bo-Tugela verskuif. Hierdeur het hy sy planne aan die Boere verrai en hulle in staat gestel om hulle voor te berei vir die verdediging. Die gevolg was dat hierdie nuwe aanval van Buller maar weer 'n frontaanval (soos die
--	---

1) Sien bladsy 34.

soos die vorige by Colenso sou wees en gevolglik 'n mislukking. 2)

Op 10 Januarie 1900 het die Engelse die Bosrand ("Spearman's Hill"), omtrent vyf of ses myl suid-oos van Spioenkop af en aan die oorkant van die Tugela, beset. 3) Hiervandaan sou Buller in die gevegte wat sou volg die Boerestellings met sy groot skeepskanonne bestook. Op 16 Januarie het die Engelse die Tugela by Potgietersdrif oorgesteek en die Maconochie-koppies beset. Die doel hiervan was om die Boere te mislei sodat hy hulle uiterste regterflank by Acton Homes kon verras en omvleuel. Sodoende wou hy dan agter die Boerestellings kom wat al langs die rante ("Tabanyama") vanaf Acton Homes in die weste tot by Brakfontein verby in die ooste gestrek het, 'n afstand van twaalf tot vyftien myl. 4)

Boere versterk
Bo-Tugela

Hierdie bewegings van Buller het die Boere-opperbevel daarvan oortuig dat die Engelse êrens aan die Bo-Tugela wou deurbreek en dat die Boere dus teenmaatreëls moes tref ten einde 'n deurbraak te verhoed. Haastig is Boere-versterkings van Colenso onttrek, terwyl verdere versterkings van Ladysmith af aangestuur is. 5) Die Colenso-stellings moes nog beset bly en die nuwe gevaar moes die hoof gebied word. Die tekort aan man-
(-skappe het die

2) Amery : a. w., vol. III, bl. 206 - 208.

3) Ibid, bl. 211; Preller-versameling : Band 14, bl. 511 - 512 : Telegram Trichardt aan Kommandant-Generaal, ongedateerd. Kol. Trichardt was die hoof van die Staatsartillerie.

4) Amery : a. w., vol. III, bl. 211 e. v.

5) Leyds-argief : Band 780, deel II, bl. 126; Rapport Ram en Thompson : Hierin meld die Kommandant-Generaal op 14 Januarie dat daar toe reeds 650 burgers van die laers rondom Ladysmith gestuur is, terwyl daar dié aand nog 200 man daarvandaan sou vertrek na die Bo-Tugela.

skappe het die Kommandant-Generaal genoodsaak om op die 17de Januarie aan alle landdroste opdrag te gee om alle burgers in hulle distrikte sonder versuim na hulle kommando's te stuur, ongeag of hulle met verlof of om ander redes tuis was. ⁶⁾ Twee dae later het hy 'n vorige bevel aan alle kommandante en veldkornette dat geen verlof aan burgers toegestaan mog word nie herhaal en selfs gedreig met die toepassing van die krygswet op offisiere wat nie hierdie bevel gehoorsaam het nie. ⁷⁾ Genl. Louis Botha wat intussen op die 17de deur genl. Joubert as sy plaasvervanger aan die Tugela aangestel is, ⁸⁾ het uiteindelik 3000 man onder hom gehad om die hele Bo-Tugela-linie mee te verdedig, ⁹⁾ terwyl genl. Buller oor ruim tien keer soveel troepe beskik het.

Op die regterflank ¹⁰⁾ van genl. Botha was die Vrystaters en links van hulle het die verskillende Transvaalse kommando's stelling ingeneem. Op die linkerflank het genl. Schalk Burger die bevel gevoer van Brakfontein af tot by Spioenkop.

Carolina-kommando
kom by Spioenkop aan

Gedurende die tweede week van Januarie 1900 het komdt. Prinsloo met die Carolina-kommando na Spioenkop vertrek. ¹¹⁾ Hulle het die sektor van die nek tussen die Tweelingkoppe tot by die klein koppie links daarvan verdedig. ¹²⁾ Dit was in die
(sektor

6) K. G. 349, Deel I : Telegram Kommandant-Generaal aan alle Landdroste. dd. 17 Jan. 1900.

7) Ibid : Telegram Kommandant-Generaal aan Kommandante en Veldkornette. dd. 19 Jan. 1900.

8) Ibid : Telegram Kommandant-Generaal aan asst.-genl. Louis Botha dd. 17 Jan. 1900.

9) Sandberg, Jhr. Dr. C. G. S. : De zesdaagsche Slag aan de Boven Tugela, in „De Gids“, 1901, Tweede Deel, Amsterdam, P. N. Kampen en Zoon, bl. 85. Dr. Sandberg was gedurende hierdie veldslae genl. Botha se militêre sekretaris en het baie naby hom gelewe. Daar bestaan dus geen rede om hierdie getal in twyfel te trek nie.

10) Wanneer hier van regs en links gepraat word, moet ons


SPIOENKOP EN
OMGEWING

CREUSOT.

✂ KRUPP

✂ MEKSIM

DRILBOOMKOP



MEKSIM

KRUPP



GEN BOIHA SE
HOOFKWARTIER.

CAROLINA -
TLNILALR

TWEELENG-
KOPPIE

GROENKOP

SPIOENKOP

ALWYNKOP

MEKSIM



KRUPP

DRIEBOOMKOP

TUGELA

THRICHARDSDRIF

BRAKFORTEIN



MACONCHIE
KOPPIES

POTGIETERSDRIF

sektor waar genl. Burger die bevel gevoer het. Die wa-laer was 'n paar myl terug, maar op 'n gelyktetjie aan die noorde-like voet van die koppe het hulle tente-laer gestaan, waar genl. Burger ook tuis was aangesien die Lydenburg-laer by Ladysmith agtergebly het. Net 100 Lydenburgers was saam met genl. Burger by die Carolina-burgers. ¹³⁾ Daar het elke dag twee waens tussen die wa-laer en die tente-laer geloop om voorrade aan te bring. ¹⁴⁾ Wie die regterhandse Tweelingkop en die rug daarvandaan na die Alwynkoppie verdedig het, kon nie vasgestel word nie. Moontlik het Carolina ook wel die regterhandse kop verdedig of moontlik was die 100 Lydenburgers daar. Dit is ook baie waarskynlik dat genoem-
(-de kop

in gedagte hou dat die Boere aan Ladysmith se kant van die Tugela stelling ingeneem het en dus met die gesigte na die Tugela gekeer was.

- 11) Preller-versameling : Band 88, lêer 168, bl. 155 : Verklaring J. H. Grobler ; Cilliers, J. H. : Die Slag van Spioenkop, M. A. -verhandeling, Universiteit van Pretoria, bl. 27; Leyds-argief, band 780, deel II, bl. 126, rapport Ram en Thompson : Hierin meld die Kommandant-Generaal op 14 Januarie dat daar toe reeds 200 man van Carolina na die Bo-Tugela gestuur is.
- 12) Verslag van Historiese Komitee van Carolina; Weeber, E. J. : Die Slag van Spioenkop (Die Huisgenoot, 3 Julie 1936), beweer dat komdt. Prinsloo met die Carolina-kommando die grootpad wat Trichardsdrif met die hoogland op die berg verbind bewaak het. Dit is klaarblyklik heeltemal verkeerd, aangesien die pad wat hy moontlik bedoel, drie tot vier myl wes van die Carolina-sektor verbygeloop het. In "Op die Natalse front", bl. 150-151 herhaal hy dieselfde foutiewe bewering.
- 13) Leyds-argief, band 780, deel II, bl. 126, rapport Ram en Thompson : Genoemde berig van die Kommandant-Generaal van 14 Januarie 1900, voetnoot 11; Cilliers : a. w. bl. 27, sê dat die Lydenburgers by Ladysmith agtergebly het, maar volgens hierdie gegewens van die Kommandant-Generaal was daar tog 100 Lydenburgers by Spioenkop.
- 14) Verslag van die Historiese Komitee van Carolina.

de kop en die rug regs daarvan nie verdedig was nie, want hulle is baie steil van die Tugela se kant af en dit was dus, soos hulle waarskynlik gemeen het, nie moontlik dat die Engelse daar sou probeer opklouter nie.

Op 23 Januarie het vkt. Steenkamp van Rustenburg met 50 man as versterking by genl. Burger aangekom. Soos ons later sal sien het hierdie 50 Rustenburgers die volgende dag 'n belangrike aandeel aan die slag op die kop geneem. ¹⁵⁾ Dieselfde aand het daar ook 'n klompie Heidelbergers by genl. Burger aangekom, ^{15a)}

Aan die rivierkant van die Carolina-sektor is aan die voet van die koppe 'n reeks loopgrawe deur die burgers gegrawe en halfpad teen die kruin op ook. Hierdie loopgrawe was heeltemal blootgestel aan die bombardement van die Engelse kanonne op die Bosrand en moes ook spoedig ontruim word. ¹⁶⁾

(Die kleiner

15) Cilliers : a. w., bl. 27, sê dat vkt. Steenkamp met 50 Heidelbergers by genl. Burger aangekom het. Die Carolina-oudstryders wat aan die Historiese Komitee van Carolina verslag gedoen het van die gebeure, praat van Rustenburgers. Waar hulle saam in een laer was en die volgende dag saam geveg het, kan hulle verklarings moeilik in twyfel getrek word. Verder was daar geen vkt. Steenkamp in die Heidelberg-kommando nie (Sien Staatsalmanak, Z. A. R., vir 1899, bl. 47), maar wel in die Rustenburg-kommando (Sien Staatsalmanak, Z. A. R., vir 1899, bl. 48). Daar het wel die aand van die 23ste Heidelbergers by genl. Burger aangekom, (sien voetnoot 15a) maar dit was nie vkt. Steenkamp en sy 50 man nie;

15a) Sandberg : a. w., bl. 93; Cilliers : a. w., bl. 27.

16) Dis moontlik hier waar Gert Strydom van Zevenfontein, Pk. Bonnefoi, Carolina, lig gewond is aan sy kop, want die Staatscourant, Z. A. R., 24 Januarie 1900, meld dat hy op 17 Januarie by Spioenkop gewond is; Genl. Botha praat moontlik van hierdie loopgrawe in sy telegram aan die Kommandant-Generaal waarin hy praat van „Spioenkop in de zuidelijke helling waarvan sloten zyn gegraven.” (K. G. 339, deel II).

Die kleiner koppie links van die Tweelingkoppe het 'n duik in soos 'n vlak nek en hier het 'n bommeksim en 'n Krupp-kanon gestaan. 17)

Dit is nie seker hoeveel Carolina-burgers by Spioenkop was nie. Op 14 Januarie het die Kommandant-Generaal gemeld dat daar toe reeds 200 man van Carolina van Lady-smith af gestuur is. 18) Op 17 Januarie het hy aan genl. Botha laat weet dat daar dié môre nog „een deel" van Carolina se burgers gestuur is om hulle by die ander te gaan voeg. 19) Moontlik was daar dus omtrent 300 Carolina-burgers wat hulle stellings hier moes verdedig.

Engelse be- Sir Charles Warren aan wie genl. Buller
gin aanval die bevel oor die Spioenkopgevegte oor-
gedra het, 20) het op 18 Januarie begin om voelers na die Boere se uiterste regterflank by Acton Homes uit te stoot. Die Vrystaters by Acton Homes is verras deur 'n Engelse afdeling ruiters en as Warren aan hulle die versterkings waarvoor hulle gevra het gestuur het, sou hulle die Boere se regterflank kon omvleuel en van agter af aanval. Gelukkig vir die Boere is dit nie gedoen nie en dit het genl. Botha die geleentheid gegee om sy regterflank teen 'n moontlike herhaling daarvan te versterk. Nadat die Engelse op die 19de weer voelers uitgestoot het, gaan hulle in die vroeë môre-ure van 20 Januarie oor tot 'n grootskaalse aanval op die Boere-linie wes van Spioenkop. 21) Die aanvalle het
(tot die

17) Verslag van die Historiese Komitee van Carolina.

18) Sien voetnoot 11.

19) K. G. 349, deel I : Telegram Kommandant-Generaal aan asst.-genl. Louis Botha dd. 17 Jan. 1900.

20) Amery : a. w., vol III, bl. 216 - 217.

21) Ibid, bl. 229 e.v.; Cilliers : a. w., bl. 16 e.v.

tot die 24ste voortgeduur en hoewel hulle plaaslike sukses gehad het, kon hulle die Boere-linie nie deurboor nie. Op die 22ste reeds het Warren besluit om Spioenkop in die nag te laat beset en die besetters hulle te laat ingrawe ter verdediging teen 'n moontlike teenaanval van die Boere. 22)

Tot sover het die Engelse dus nog nie die Carolina-sektor aangeval nie, behalwe dat hulle genl. Burger se stellings van die Bosrand af gebombardeer het. Aangesien die Engelse aanval teen die regterhelfte van die Boere-linie baie hewig was, het die Kommandant-Generaal op die 22ste aan genl. Burger opdrag gegee om versterkings aan genl. Botha af te staan aangesien al die Carolina-burgers in die laers was. 23) Hierop het komdt. Prinsloo opdrag gekry om met 60 man te gaan help waar genl. Botha hulle wou gebruik. 24) Die feit dat die Boeremagte hier perderuiters was en dus baie beweeglik, het genl. Botha in staat gestel om hulle vinnig na bedreigde punte te verskuif. As sy magte nie so beweeglik was nie sou hy onmoontlik die aanval van so 'n oormag kon afgeslaan het.

<u>Kommandant-Generaal</u>	Intussen het die Kommandant-Generaal
<u>stuur versterkings</u>	nog steeds soveel versterkings
	(as wat

22) Amery : a. w., vol. III, bl. 239 e. v.

23) K. G. 349, deel II : Telegram Kommandant-Generaal aan genl. Burger dd. 22 Jan. 1900. Dis eienaardig dat genl. Burger so 'n opdrag van die Kommandant-Generaal moes ontvang, aangesien genl. Botha tog die bevel oor al die kommando's hier aan die Bo-Tugela gevoer het (sien voetnoot 8). Dit skyn dus of genl. Burger nie genl. Botha se versoek om versterkings te stuur wou gehoorsaam nie en dat genl. Botha daaroor by die Kommandant-Generaal gekla het. Verdere getuienis hieroor kon egter nie gevind word nie.

24) Preller-versameling, band 28, bl. 273 : Brief van komdt. Prinsloo aan sy vrou dd. 22 Jan 1900.

as wat hy by Ladysmith kon afstaan, aangestuur. So word komdt. S. Grobler van Vryheid op die 17de met 'n klompie man as versterking na genl. Burger gestuur. Hy het 'n groot meksim met hom saamgebring. 25) Hoeveel Vryheid-burgers by genl. Burger aangekom het is nie bekend nie, maar 70 van hulle is bo-op Spioenkop geplaas om as 'n wag teen 'n moontlike Engelse besetting van die kop te dien. 26)

Genl. Botha laat
Spioenkop ondersoek

Genl. Botha het besef dat Spioenkop die sleutelposisie van sy hele linie was en op die 21ste versoek hy genl. Burger om die kop te laat ondersoek met die oog op die plasing van 'n kanon aldaar. So 'n kanon sou dan die vyand wat by Groenkop aangeval het, van agter kon skiet en ook hulle kamp kon bombardeer. Indien dit moontlik sou wees om so 'n kanon daar te plaas, moes genl. Burger toesien dat die Vryheid-burgers 'n behoorlike sterk skans maak sodat daar 'n Krupp-kanon geplaas kon word. 26a)

Teen die aand van 23 Januarie is komdt. Prinsloo met sy adjudant J. C. Fourie die kop uit om te gaan kyk of daar 'n kanon geplaas kon word om die druk op die Boerestellings op die Groenkop te verlig. Moontlik was dit ter uitvoering van genl. Botha se opdrag van twee dae tevore aan genl. Burger. Hier het hulle komdt. Grobler van Vryheid ontmoet. Die Vryheid-burgers was op die suidelike deel van die kop. Die twee kommandante het die wenslikheid van 'n kanon op die kop bespreek en besluit dat daar 'n kanon geplaas sou word. Komdt. Prinsloo het seker ook so
(aan genl.

25) K. G. 339, deel II : Telegram asst.-genl. Botha aan Kommandant-Generaal dd. 17 Jan. 1900 ; K. G. 339, deel III : Telegram wd. Komdt. Vryheid aan Kommandant-Generaal dd. 19 Jan. 1900.

26) Sien voetnoot 32.

26a) Preller-versameling, band 3/3a, 3/3b, bl. 31 : Helio-gram genl. Botha aan genl. Burger dd. 21 Jan 1900.

aan genl. Burger gerapporteer. Die kanon is in elk geval nooit daar geplaas nie. Moontlik sou dit die volgende dag gedoen gewees het as die Engelse nie dié nag die kop ingeneem het nie. 27)

Carolina-stellings Ter voorbereiding van die aanslag
gebombardeer wat die Engelse vir die 24ste op
genl. Burger se stellings beplan het, het hulle die vorige
dag die Generaal se stellings swaar gebombardeer en van die
bomme het tussen hulle tente geval. 28)

Dieselfde dag het genl. Burger vir kol. Trichardt versoek om dadelik vir hom 'n Franse kanon en 'n groot meksim te stuur aangesien hy 'n goeie plek daarvoor ontdek het. Hierdie stelling is ook deur maj. Wolmarans goedgekeur en hulle was reeds besig om skanse daarvoor te maak. Of daar toe ooit kanonne deur Trichardt gestuur is weet ons nie. Moontlik is daar gestuur en was dit die kanonne wat komdt. Prinsloo die volgende oggend voor die slag in posisie gaan plaas het. 29)

Engelse verower Net soos genl. Botha het ook die Eng-
Spioenkop else Spioenkop as die sleutelposisie
van die Boere-stellings beskou. 30) Die kop oorheers sy
omgewing en is so geleë dat as die Engelse dit in besit kon
neem en kanonne daar sou plaas, sou hulle die Boere op
Groenkop onder 'n kruisvuur kon neem en dit sodoende vir
(hulle

27) Verslag van Historiese Komitee van Carolina.

28) K. G. 339, deel V : Telegram asst.-genl. Burger aan Kommandant-Generaal dd. 23 Jan. 1900, om 4 nm.

29) Preller-versameling, band 14 (a) (2), Inkomende Telegramme, bl. 291 : Telegram asst.-genl. Burger aan overste Trichardt deur die Kommandant-Generaal, dd. 23 Jan. 1900; Ibid, bl. 292 : Telegram asst.-genl. Burger aan overste Trichardt dd. 23 Jan. 1900

30) Amery : a. w., vol. III, bl. 245 e. v.

hulle onhoudbaar maak. So sou hulle dan 'n deurbraak na Ladysmith kon bewerkstellig.

Gedurende die dag van 23 Januarie was hulle ernstig met voorbereidings besig om uitvoering te gee aan die besluit van die vorige dag ³¹⁾ om Spioenkop te beset. Die kop is baie steil van die rivier se kant af en byna onmoontlik om te bestyg. Dit maak egter 'n lang uitloper na die suid-weste kant toe en dit was die enigste roete waarlangs die Engelse die kop kon beklim, hoewel dit ook nog baie moeisaam was.

Gedurende die nag van 23 op 24 Januarie klim oor die 1700 Engelse teen die uitloper op na die kop onder aanvoering van genl.-maj. Woodgate. Hulle het maar stadig gevorder want behalwe dat dit so steil was, was dit 'n baie donker nag en daar het 'n ligte stuifreëntjie geval. Die kop was bo-op en tot 'n end teen die helling af toe van die mis sodat hulle dit moeilik gevind het om nie te verdwaal nie.

Komdt. Grobler en sy sewentig man was intussen onbewus van die gevaar wat hulle bekruip het. Die vyand het so stil teen die kop opgekruip dat hulle nie deur die Boerebrandwagte gewaar is voor hulle op hulle was nie. Hulle moes net op hulle gehoor staatmaak want in die digte mis kon hulle nie die hand voor die oë sien nie. Toe hulle die vyand gewaar het, het hulle sommer skote die donker ingeskiet sonder om na iets te mik. Die Engelse het die vuur met 'n paar honderd gewere beantwoord en daarop gestorm met gevelde bajonette. Hierteen was die klompie burgers nie bestand nie en hulle het inderhaas gevlug, sommige sonder broek, ander kaalvoet en met agterlating van hulle bedde-

(-goed en

31) Sien voetnoot 22.


goed en persoonlike besittings. Tussen drie-uur en half-vier die oggend is die kop deur die Engelse verower sonder enige verliese, terwyl van die Boere een man gedood is. Toe die Engelse vind dat die Boere gewyk het, het hulle drie hoera's aangehef en hulle maats onder die kop op dié wyse ook die wete gegee dat hulle sending suksesvol was. Die geskree uit so baie kele teen daardie tyd van die nag moes seker skrikaanjaend geklink het vir die mense wat daardeur gewek is. 32) Dadelik het hulle toe aan die werk gespring (om hulle

32) Leyds-argief, band 780, deel II, bl. 223 : Rapport Ram en Thompson; "The Standard and Diggers' News", 29 Jan. 1900; Kemp : a. w., bl. 281, beweer dat daar 'n wag van hoogstens 100 Vrystaters op die kop was. Dit is verkeerd, want die Vrystaters se stellings was myle ten weste van Spioenkop. Dat dit nie Vrystaters was nie blyk ook uit die heliogram van genl. Botha aan genl. Burger dd. 21 Januarie 1900 (Preller-versameling, band 3/3a, 3/3b, bl. 31), waarin hy spreek van "de groote kop waarop wd. Comdt. Grobler Vryheid thans is"; Cilliers : a. w., bl. 27, sê ook dat daar 70 Vryheid-burgers onder komdt. S. Grobler was; Leyds-argief, band 715 (e) : Telegram H. T. D. aan H. T. D. dd. 24 Jan. 1900, praat ook van Vryheid-posisie wat ingeneem is.

Preller : a. w., bl. 242, beweer dat die kop deur die Lydenburgers en 'n klompie Pretoriane onder genl. Erasmus beset was. Die Lydenburgers sou toe die stellings ontruim het, terwyl genl. Erasmus en sy Pretoriane hulle stellings behou het tot daar nog dieselfde nag versterkings opgedaag het. Hierdie bewerings kan nie aanvaar word nie, want ten eerste weet ons reeds dat dit Vryheid-burgers was wat die posisie gehou het. Die bewering dat daar Pretoriane op die kop agtergebly het, kan ook nie aanvaar word nie, want in 'n telegram van die Kommandant-Generaal aan asst.-genl. de la Rey van 26 Januarie 1900 sê hy dat die vyand die nag die kop ingeneem het en dat die burgers die volgende môre weer die kop bestorm het om die posisies terug te probeer wen (Leyds-argief, band 747a). Van 'n teenaanval dieselfde nag is daar dus geen sprake nie. Die Kommandant-Generaal meld in dieselfde telegram dat daar "omtrent 60 burgers" op die kop was.

Weeber : Die Slag van Spioenkop (Die Huisgenoot, 3 Julie 1936), beweer dat die Vryheid-burgers onder bevel van Cheere Emmet was, wat met twee bommeksim op die kop was. Dit kan nie aanvaar word nie, want ons weet reeds dat komdt. Grobler sonder enige grofgeskut op die kop was; Ibid : Op die Natalse front, bl. 146, herhaal die bewering van die twee kanonne en voeg by dat die burgers die kanonne die hoogte laat afstort het om te belet dat die vyand hulle buitmaak. Hy praat verder verkeerdlik van 25 man wat op die kop was.

Sien ook verder Amery : a. w., vol. III, bl. 250 e.v. ; Maurice : a. w., vol. II, bl. 381.



Met verlof van :
Amery ; The Times History of the War in
South Africa 1899-1902.



KRUIJN VAN
SPIOENKOP.

om hulle in te grawe, ten einde hulle te kan verdedig teen 'n moontlike teenaanval van die Boere.

Beskrywing van
Spioenkop

Voordat ons meer besonderhede oor die Engelse loopgrawe meedeel, is dit wenslik dat ons eers 'n beskrywing van die kop gee. Hoewel die hellings aan die noord-weste en suidekant van die kop baie steil is, is die kop bo-op 'n onegalige plato van omtrent 700 tree van oos na wes en gemiddeld omtrent 350 tree breed. Min of meer in die middel is 'n rotsbesaaide plato ('n knop) van omtrent 200 tree na alle kante en dit vorm die hoogste deel van die kop. Wes hiervan is 'n tweede plato, 'n bietjie laer, en dit strek tot aan die rand van die kop. Noord-waarts en suidwaarts daal die plato geleidelik na die rand van die kop. Aan die suid-weste gaan dit oor in die lang uitloper waarlangs die Engelse die nag die kop bestyg het. Aan die oostekant vernou die plato tot 'n smal nek wat hom met 'n klein rotsagtige koppie, begroei met alwyne (destyds), hierna genoem die Alwynkoppie, verbind. Noord-weswaarts strek die kop vir omtrent 1,000 tree uit en eindig in 'n klein koppie wat deur 'n nek verbind is met Groenkop. 33)

Die loopgrawe

Die Engelse het nie geweet hoe die kop bo-op lyk en hoe dit met die omgewing aaneenskakel nie. Daarby was die kop toe van die mis en dus pikdonker. Dit was hoofsaaklik hieraan te wyte dat die loopgrawe verkeerd beplan is. Die hoof-loopgraaf was omtrent 200 tree lank en was op die noordelike rand van die sentrale plato. Sy linkerpunt (van Engelse kant gesien) het uitgeloop op 'n klompie rotse, waarvandaan 'n ander loopgraaf vir omtrent 100 tree onder die westelike rand van die plato langs ge-

(-loop het.....)

33) Cilliers : a. w., bl. 25 ; Amery : a. w., vol. III, bl. 246 - 247; Sien ook kaart van die kruin van Spioenkop teenoor hierdie bladsy.

loop het om noord-weswaarts te dek. Dit saam met 'n klompie kleiner skanse het die verdediging van die Engelse linkerflank gevorm. Op die regterflank was net kleiner skansies tot by 'n paar rotse aan die suid-oostelike hoek van die sentrale plato of boonste knop van die kop. Omtrent 50 tree agter die hoof-loopgraaf was die hoogste punt van die kop en 'n klompie rotse daar het ook 'n taamlike skuiling gebied.

Die hoof-loopgraaf het gewissel van omtrent 80 tot omtrent 150 tree van die rand van die kop af. Die kop het steil gedaal van sy rand af sodat die Boere tot aan die rand van die kop veilig kon klim sonder dat die Engelse hulle kon sien. Daarby het die skuinste van die loopgraaf af na die rand van die kop toe veroorsaak dat die Engelse soldate hulle moes op lig om te sien waar die Boere die rand van die kop opkom. Die loopgrawe het dus nie 'n gesigsveld vir die Engelse soldate gebied, anders as wanneer hulle hulle bolywe opgelig het om te sien wat voor hulle aangegaan het nie.

Genl.-Maj. Woodgate was nie bewus van die posisie van die Alwynkoppie nie en dié was so geleë, dat die regterhelfte van die hoofloopgraaf en al die kleiner skanse op die regterflank,oop was vir die vuur van die koppie se besetters op omtrent 250 tree.

Met die grawe van die loopgrawe het dit ook nie so voorspoedig gegaan nie. Die bo-grond was vlak en daaronder was vaste klip. Die gevolg was dat hulle die loopgrawe wyer moes maak om genoeg los grond en klip te kry om 'n walletjie van omtrent agtien duim hoog te vorm. 34)

(Toe die

34) Cilliers : a. w., bl. 25; Amery : a. w., vol. III, bl. 251 - 253; Maurice : a. w., vol. II, bl. 382.

Boere tref
teenmaatreëls

Toe die Vryheid-burgers in die vroeë
môre-ure van 24 Januarie ^{34a)} van Spi-
oenkop afgejaag is, het hulle in verskillende rigtings ge-
vlug, sodat party by genl. Botha uitgekom het, terwyl 'n
klompie in die tentlaertjie van genl. Burger te lande gekom
het. Hulle het daar gehawend uitgesien, kaalkop, kaalvoet
en sonder hulle geweers. Hulle het die ontstellende berig
gebring dat die Engelse die kop gevat het. ³⁵⁾ Die laer
was egter reeds in rep en roer, want die skote op die kop
het die burgers wakker gemaak. ³⁶⁾

Toe die berig genl. Burger bereik het, het hy en
komdt. Prinsloo dadelik beraad gehou en planne beraam vir
onmiddellike optrede. Hulle het besluit om dadelik 'n klom-
pie manne na die kop vooruit te stuur om die posisie te
gaan verken en 'n ander klompie om die Alwynkoppie te gaan
beset voor die Engelse dit dalk sou doen. Komdt. Prinsloo
het daarop vir korp. Abraham Smit met omtrent 25 man ^{36a)}
vooruitgestuur om die posisie te probeer hou of minstens
dan vas te stel wat daar aangegaan het. Hierna het komdt.
Prinsloo sy adjudant J. C. Fourie na vkt. Steenkamp gestuur
met die bevel om te laat opsaal en met sy manne die Alwyn-
koppie te gaan beset.

Intussen het komdt. Prinsloo na genl. Botha gejaag
om die saak met hom te gaan bespreek en opdragte te ont-

(-vang)

34a) Mouton, J. A. : Generaal Piet Joubert in die Trans-
vaalse Geskiedenis, bl. 252, praat verkeerdelik van
die slag van Spioenkop wat op 25 Januarie 1900 plaas-
gevind het.

35) Verslag van Historiese Komitee van Carolina.

36) Preller-versameling, band 88, lêer 168, bl. 133 - 146:
Verklaring Dr. Sandberg ; Reitz : a. w., bl. 72.

36a) Lt.-kol. J. C. Fourie in antwoord op vraelys oor Spi-
oenkop (in my besit) sê dit was 30 man. Fourie was
komdt. Prinsloo se adjudant.

vang. 37) Na 'n kort beraad het hy weer teruggejaag en toe het hy en sy adjudant saam met vkt. Steenkamp en sy 50 man tot aan die voet van die Alwynkoppie gejaag, waar die Kommandant aan hom verduidelik het waar hy posisie moes gaan inneem.

Voor komdt. Prinsloo se vertrek saam met vkt. Steenkamp het hy opdrag gegee dat die kanonne na sekere stellings, deur hom aangedui, vervoer moes word. Na sy terugkeer is hy na die kanonne wat onder sy persoonlike toesig in posisie geplaas is. Op 'n platotjie teen die noord-wes-telike helling van die regterhandse Tweelingkop is 'n Krupp-kanon geplaas en op die rug tussen die Alwynkop en die regterhandse Tweelingkop 'n meksim. 38)

Na die kanonne geplaas is, het komdt. Prinsloo na die tentelaer teruggekeer waar genl. Burger intussen 35 tot 40 man uitgetel het. Komdt. Prinsloo het hom toe teen omtrent halfsewe aan die hoof van hierdie manne geplaas en na Spioenkop gehaas om by die 25 man wat vroeg die oggend onder korp. Abraham Smit vooruit is te gaan aansluit. 39)

Genl. Burger het die stellings wat hulle die vorige dag beset het, weer beset met die orige Carolina-burgers en die Lydenburgers. Dit sou gevaarlik gewees het om te veel
(van hierdie.....)

37) Preller-versameling, band 88, lêer 168, bl. 133 - 146 : Verklaring dr. C. G. S. Sandberg.

38) Verslag van Historiese Komitee van Carolina : In hierdie verslag gee F. J. Pieterse die posisies van die kanonne aan. Hy het self die kanonne gehelp regstoot en kon met ons besoek in September 1939 selfs die oorblyfsels van die Krupp-kanon se skans aanwys; Amery : a. w., vol. III, bl. 300 : Die kaart teenoor hierdie bladsy toon ook die twee kanonne aan; Verklaring in my besit van J. D. J. Stoltz.

39) Verslag van die Historiese Komitee van Carolina.

van hierdie burgers saam met komdt. Prinsloo te laat gaan, want dit sou die verdediging hier weer te kwesbaar gemaak het in geval van 'n Engelse aanval. Korp L. J. R. Kritzinger moes hom by die tentlaertjie met 15 tot 20 man gereed hou, terwyl komdt. Prinsloo vooruit is om sake op die kop te gaan deurkyk. Dit was egter nie vir lank nie want komdt. Prinsloo het hulle gou laat roep. 40) Die drie groepe wat na Spioenkop is en die dag so swaar te verduur gehad het, kon dus nagenoeg tesame 85 man gewees het. 41)

Die inname van die kop is tereg deur die Boere-offisiere in 'n baie ernstige lig gesien. Om vyfuur die oggend was dit reeds aan die inligtingsdiens bekend, soos blyk uit die volgende telegram : „ Rapport ingekomen dat vyand Vryheid posities ingenomen heeft. Genl. Burger met alle beskikbare burgers daarheen." 42) Om halfsewe die oggend het genl. Burger die nuus telegrafies aan die Kommandant-Generaal meegedeel. 43) Direk daarop het die Kommandant-Generaal geantwoord : „ Was de kop dan nog onbeschanst ? Kunt gy dan niet al Uwe burgers en van die andere kant die andere officieren met al uw manschappen die kop met geweld herneem ? Alles moet gedaan worden " 44), waarop genl. Burger weer geantwoord het dat daar wel 'n sloot was maar dat dit
(verlaat is .

40) Verklaring in my besit van L. J. R. Kritzinger.

41) Hierdie getal word o. a. ook bevestig deur A. MacCallum sr. (sien sy verklaring in my besit) wat die getal op 84 stel; Maj. C. J. Davel noem dieselfde getal (Brief aan „Standertonner", Preller-versameling, band 88, lêer 168, bl. 55), terwyl dr. Sandberg van 90 man spreek wat saam met komdt. Prinsloo die kop uit is (sien „ De Gids", tweede deel, 1901, bl. 193); Dr. W. van Everdingen („ De oorlog in Zuid-Afrika, Delft, 1902, bl. 184) spreek in die verband ook van 90 Carolina-burgers en Standertonner („Waar Spioenkop blits in „Die Huisgenoot", 14 Feb. 1936) noem 88 man. Genl. Kemp se getal van 500 man („Vir Vryheid en vir Reg", bl. 284) is dus taamlik ver uit die kol, veral as ook in aanmerking geneem word dat die hele oorspronklike Carolina-kommando nie eers uit 500 burgers bestaan het nie (Sien hierbo bl. 7).

42) Leyds-argief, band 715 (e) : Telegram H.T.D. aan H.T.D. dd. 24 Jan. 1900, om 5 vm.

verlaat is. 45) Om agtuur die oggend het genl. Burger weer 'n noodkreet aan die Kommandant-Generaal gestuur. Hy was al klaar pessimisties en het nie meer geglo dat die Boere die kop weer sou kon terugneem nie, hoewel die slag toe moontlik nog nie, of pas net, begin het, want volgens sy telegram was die kop nog toe onder die mis. 46)

Komdt. Prinsloo Na komdt. Prinsloo met sy manne van die na Spioenkop tentlaertjie af weg is, het hulle al teen die voet van die rant langs beweeg so vinnig as wat die baie slote hulle toegelaat het. In die klofie wat tussen Spioenkop en die Alwynkoppie afloop het hulle die perde gelaat om Spioenkop verder te voet te bestyg. In hierdie klofie was die perde veilig want die vyand kon nie hier sien nie en dus ook nie skiet nie. Komdt. Prinsloo het die kop bestyg in die rigting min of meer reguit tot waar daar so 'n hap of duik uit die rand van die kop is. Daar vorm dit 'n gelyktetjie wat nog teen die vyandelike vuur bedek was. Hier het die burgers van korp. Abraham Smit wat vroeg die môre vooruit is, by hom aangesluit. 47)

Die korporaalskap wat vroeg die oggend die kop uitgestuur is, het hulle perde aan die voet van die kop gelaat en dit te voet bestyg. Dit was nog donker en mistige weer. Toe hulle bo uitgekom het, het die mis effens oopgemaak, (waarop die

43) K. G. 339, deel V : Telegram asst.-genl. Burger aan Kommandant-Generaal dd. 24 Jan. 1900 om 6.30 vm.

44) Leyds-argief, band 780, deel II, bl. 225 : Rapport Ram en Thompson.

45) K. G. 339, deel V : Heliogram van asst.-genl. Burger aan Kommandant-Generaal dd. 24 Jan. 1900 om 9.55 vm.

46) K. G. 339, deel V : Telegram asst.-genl. Burger aan Kommandant-Generaal dd. 24 Jan. 1900 om 8 vm.

47) Verslag Historiese Komitee van Carolina.

waarop die vyand hulle gewaar en 'n paar sarsies op hulle gelos het. Daarop het korp. Smit sy manne beveel om terug te val tot waar komdt. Prinsloo hulle gekry het. 48)

Komdt. Prinsloo het toe sy burgers min of meer as volg toegesprek : „ Burgers, ons gaan onder die vyand in en ons sal nie almal terugkom nie. Doen julle plig en vertrou op die Here.” Met die woorde, „ Kom Burgers,” het hulle die kop verder uitgeklim en tot die aanval oorgegaan. 49) Die aanval moes tussen agtuur en halfnege begin het. 50)

Toe komdt. Prinsloo met sy manne bo uitkom, was hulle vlak by die Engelse en op die regterflank selfs deurmaak met hulle. Die kop is bo nie heeltemal plat nie ; aan komdt. Prinsloo se regterkant was daar 'n duikie, weerskante skerp afgeteken deur los granietklippe wat meestal nie hoër as kniehoogte was nie. Links van die duikie was die klippe effens groter. Die middel van die Kommandant se posisie en die linkerflank was byna kaal, met hier en daar 'n los klip.

Wanneer 'n mens die steil helling van Spioenkop aan die noordekant uitgeklim het, styg die kop skielik na 'n sagte helling tot waar die skuins gelykte wat na die eertydse Engelse loopgraaf strek, begin. Dit vorm feitlik 'n ronding wat die steil helling en die skuins plato met mekaar verbind. Die gevolg hiervan was dat die burgers nog
(nie die

48) Maj. C. J. Davel en H. J. van Wyk : Verklaring in my besit.

49) Ibid ; Historiese Komitee van Carolina.

50) Amery : a. w., vol. III, bl. 255, verklaar dat die mis teen daardie tyd opgeklaar het en dat die Boere toe dadelik 'n hewige vuur geopen het. Dit moes na agtuur gewees het; want om agtuur het genl. Burger aan die Kommandant-Generaal getelegrafeer dat die kop nog toe onder die mis is (K. G. 339, deel V; sien voetnoot 46).

nie die Engelse loopgrawe kon sien na hulle die steilte uit was nie, tensy hulle regop gaan staan het of omtrent vyftien tree vorentoe gekruip het om dekking agter die klippe te kry. Hierdeur is heelparty burgers deur kopskote getref.

Op die regterflank het die burgers dadelik gesien dat daar min dekking aan hulle kant van die genoemde duikie was en hulle wou gevolglik deur die duikie na die klippe aan die oorkant daarvan storm. Hulle het nie die Engelse in die duikie en agter die klippe aan die oorkant gesien nie en gevolglik tussen hulle ingestorm. Vriend en vyand was hier deurmekaar en het soms van weerskante van dieselfde klip op mekaar aangelê. So het C. J. Davel en een van die vyand weerskante van dieselfde klip gelê sonder dat hy die Engelsman gesien het. J. H. Kilian het net betyds gesien hoe die Engelsman op Davel aanlê en hom onskadelik gestel. Die Engelse het hier die voordeel gehad dat hulle die burgers heeltemal verras het en gevolglik het hulle 'n moorddadige vuur op die burgers wat feitlik sonder dekking was, gelos. Op hierdie flank was die verliese van die burgers dan ook swaar en binne 'n kort tydjie. Willem (Bill) Prinsloo, die Kommandant se broer, Jacob Malan en Theunis Breytenbach is hier met die eerste stormloop doodgeskiet, terwyl Christiaan Prinsloo, 'n ander broer van die Kommandant, se twee bene afgeskiet is. H. J. G. Korf is deur albei arms geskiet. Sy regterarm is eerste afgeskiet, waarop hy die geweer aan die linkerskouer gesit en voortgeveg het terwyl die geweer op 'n klip rus. Weldra is hy ook deur die ander arm geskiet en was hy weerloos. Die

(Kommandant)

51) Korf, H. J. G. : Verklaring in my besit.

Kommandant het van die middelsektor af gesien hoe die burgers afgemaai word en toe hy merk dat sy broer Christiaan gewond is, storm hy in onder 'n koeëlreën en dra hom uit sonder dat hy getref word. Hier is voorwaar heldemoed wat seker op min slagvelde geëwenaar is, aan die dag gelê. Die burgers was vasberade en het alles in die stryd gewerp ten spyte van die vernietigende vyandelike vuur wat hulle so afgemaai het. 52)

Uiteindelik het die oorblywende burgers op die regterflank gewefel toe die Engelse 'n stormloop uitgevoer het. Hulle was genoodsaak om terug te val uit die moordende vuur, want daar was geen dekking om hulle te verweer nie. Hulle het teruggehardloop na die gelykte vanwaar die aanval 'n rukkie tevore begin is. Komdt. Prinsloo het gesien wat aangaan en dadelik na hulle toe gehardloop om hulle agter die bankies wat die kop daar maak, weer moed in te praant en te lei na waar die ander burgers meer na links, met die vyand slaags was. Sodoende was hierdie burgers byna dadelik weer in die vuurlinie terug. 53)

In die middelsektor was die geveg ook hewig en die dekking het net bestaan uit enkele los klippe. Met die eerste botsing is A. MacCallum jr. gewond, terwyl Robie van Niekerk, Cornelis Potgieter, Louw van der Merwe en Cornelis Meyer gedood is. J. H. Kilian en C. J. Davel wat van die regterflank af hierheen verskuif is, is hier gewond, asook veldkornette A. J. Viljoen en A. J. de Lange en verder Johannes Pretorius, Nolan Harries, Paul Meyer, Cornelis (MacCallum, 54)

52) Verslag Historiese Komitee van Carolina.

53) Ibid ; Preller-versameling, band 88, lêer 168, bl. 55 : Brief van maj. C. J. Davel aan Standertonner; Ibid, bl. 83 : Verklaring van Louis Bothma : Maj. C. J. Davel en H. J. van Wyk : a. w.

54) Seun van A. MacCallum sr., wie se verklaring al meer male aangehaal is. Die C. MacCallum wat gewond is, was 'n ander seun van A. MacCallum sr.

MacCallum, Frans van Heerden, C. Breytenbach, Izaak Smit en Pincham.

Op die linkerflank was beter dekking en gevolglik is hier nie so 'n hoë tol geëis nie. De Koker is hier gedood. Die ander burgers het gedurende die dag ook meer en meer omgewerk na die linkerflank en party het selfs na die Alwynkoppie verskuif waar vkt. Steenkamp met sy 50 man, die uiterste linkerflank gevorm het. Hiervandaan het hulle 'n vernietigende vuur op die vyand se ontblote regterflank gelos en die hele lange dag met verwoestende gevolge volgehou. 55) Die burgers van vkt. Steenkamp is gedurende die oggend deur 50 Heidelbergers versterk. Hulle het die vorige aand as versterking by genl. Burger aangekom. 55a)

Kort na komdt. Prinsloo op die kop gekom het, het hy die korporaalskap van korp Kritzinger ontbied. Toe hulle die kop bestyg het, het komdt. Prinsloo hulle beduie om te buk en hulle meegedeel dat die vyand vlakby was. 56)

Komdt. Prinsloo Louis Bothma was komdt. Prinsloo se vra hulp heliografis. Hy het die heliograaf links en laer af, net agter die vuurlinie, opgestel. Kort na die mis die oggend opgeklaar het, het komdt. Prinsloo aan genl. Botha laat sein dat daar omtrent 1,200 Engelse op die kop was ; Carolina het wel die strategiese posisie gehou, maar was te min om dit te behou, daar hulle verliese elke oomblik swaarder geword het. Genl. Botha het geantwoord dat hy reeds 400 man gestuur het en dat die Kommandant die kop ten alle koste moes hou. 57)

(Die

55) Verslag van Historiese Komitee van Carolina ; Amery : a. w., vol. III, bl. 255, noem genl. Botha as segsman dat meer as 70 van die Engelse lyke op hierdie flank die skote regs in die kop gekry het.

55a) Sandberg : a. w., bl. 93; Van Aardt : a. w., bl. 64.

56) Kritzinger, L. J. R. : Verklaring in my besit.

57) Preller-versameling, band 88, lêer 168, bl. 83 : Verklaring van Louis Bothma.

Die beproefde Carolina-burgers moes vir omtrent twee uur lank alleen die spit op die kop teen die Engelse oormag afbyt. So verklaar maj. C. J. Davel en H. J. van Wyk dat hulle vir omtrent twee uur alleen op die kop moes veg voordat versterkings opgedaag het. ⁵⁸⁾ Op 30 Januarie 1900 bevestig komdt. Prinsloo die feit in 'n brief aan sy vrou. ⁵⁹⁾ Intussen het die vuur van die Engelse onafgebroke voortgeduur en die een slagoffer na die ander opgeëis.

Die eerste versterking wat op die kop opgedaag het, was omtrent 30 Pretoriane onder komdt. D. Opperman. ^{59a)} Komdt. Prinsloo het hom gevra om die Carolina-burgers op die regterflank te gaan versterk, terwyl hy self 'n klompie Pretoriane na die linkerflank gelei het. So het die twee Kommandante se manskappe deurmekaar geveg, gedurig aangemoedig deur hulle albei. ⁶⁰⁾

Baie van die ander versterkings wat genl. Botha gestuur het, het helaas nooit op die kop uitgekom nie, maar teen die kop in veiligheid bly sit. ⁶¹⁾

Engelse onder kruisvuur Van vroeg af is die Engelse linkerflank en front ook hewig beskiet deur geweervuur van Groenkop af, asook van die koppie op die mees noord-westelike uitloper van Spioenkop. Die Boksburgers onder vkt. Alberts het hierdie koppie beset en baie goeie werk gedoen deur die vyand van die Carolina-regterflank af te verdryf. Hierdie Boksburgers het swaar verliese gely want dit was die enigste punt waar die Engelse kanonne ooit
(gevaarlik

58) Maj. C. J. Davel en H. J. van Wyk : a. w.

59) Preller-versameling, band 88, lêer 168, bl. 93.

59a) Hy was in die omloop bekend as „Rooi Daniël”.

60) Preller-versameling, band 88, lêer 168, bl. 85 : Verklaring Louis Bothma.

61) Ibid ; Kritzinger : a. w., bl. 4 - 5; Reitz : a. w., bl. 75.

gevaarlik was. Die gevolg was dat genl. Botha later in die dag die koppie laat ontruim het. 62)

'n Ander kommando wie se lede hulle ook op die kop onderskei het, was die Pretoria-dorpkommando onder vkt. Zeederberg, wat 10 ongevalle gely het uit 35 man. Die Duitse korps en 'n deel van Krugersdorp onder vkt. Jan Kemp het hulle ook onderskei. 63)

Gou het die twee kanonne en die meksim uit die rigting van Groenkop verwoesting onder die Engelse troepe op die kop gesaai. 64)

Boerekanonne Maar wat was die posisie met die Boerekanonne ? Omtrent 4,800 tree noord-noord-wes van Spioenkop en agter die Boere-regterflank het 'n Creusot gestaan. Op 'n afstand van omtrent 3,600 tree en naasteby in dieselfde rigting as die Creusot was 'n Krupp-kanon. Dan was daar nog 'n Meksim Nordenfeldt (Pom-Pom) wat blykbaar naby die Krupp was, maar die presiese plek is nie duidelik nie. Aan die oostekant was die Vrystaatse Krupp met rookmakende kruit en die Meksim wat komdt. Prinsloo die oggend gaan regsit het. Noord-oos van Spioenkop op 'n vlak koppie was 'n swaar Krupp onder maj. Wolmarans. Dit was die kanon waarmee die meeste sukses behaal is. 65) Majoor Wolmarans was baie laer as Spioenkop en is alleen gelei deur die seine van die heliografis Louis Bothma, aan genl. Botha.

(Die Boere

62) Sandberg : a. w., bl. 94 ; Naudé : a. w., bl. 85, noem hulle verkeerdelik Germistonniers.

63) Sandberg : a. w., bl. 93.

64) Maurice : a. w., vol. II, bl. 383, praat van drie kanonne, terwyl Sandberg net die twee noem en 'n meksim (a. w., bl. 94).

65) Sandberg : a. w., bl. 94 en 96 ; Van Everdingen : a. w., bl. 187 ; Amery : a. w., vol. III, bl. 256.

Die Boere was so naby die vyand dat 'n skoot wat te kort gemik sou wees, die Boere sou tref. Nogtans het Wolmarans die waagstuk onderneem en sy eerste skote was net voor die Boere. Gelei deur Bothma het hy verder geskiet en binne in die Engelse stellings, waar hy vir die res van die dag met sy bomme geboer het. Die kanonne van die regterkant af was ook suksesvol en het die Engelse baie skade aangedoen. Dit skyn of die kanonne van links af nie so suksesvol was nie. Aan die begin het die Meksim pragtig gewerk, maar die oggend kort voor tienuur het genl. Burger aan die Kommandant-Generaal berig dat dit uit orde is. 66)

Die Engelse op die kop was dus die môre van omtrent nege-uur of halftien af onder 'n verwoestende kruisvuur van kanonne en kleingewere, wat hulle posisie onhoudbaar gemaak het. 67) Die Boere was tot 'n groot mate in stellings waar die Engelse hulle nie kon raakskiet nie, behalwe vir die Carolina-burgers aan die begin. Die teenoorgestelde was egter waar van die Engelse, want hulle loopgrawe het hulle nie beskerm teen die kruisvuur van die Boere nie. Genl. Botha het versterkings uit al die verskillende kommando's getrek en die kop opgestuur, maar dit is te betwyfel of daar ooit 400 burgers op die kop was, siende dat soveel onder die kop geskuil het. 68)

(Die Engelse

-
- 66) K. G. 339, deel V : Heliogram asst.-genl. Burger aan Kommandant-Generaal dd. 24 Jan. 1900 om 9.50 vm.; Prel-ler-versameling, band 88, lêer 168 : Verklaring Sandberg; Ibid, bl. 85 : Verklaring Louis Bothma; Kritzinger: a. w.; Maurice: a. w., vol. II, bl. 383.
- 67) Reitz : a. w., bl. 75, sê die kanonne het teen nege-uur op die Engelse begin vuur, waardeur die Engelse vuur begin afneem het.
- 68) "The Standard and Diggers' News", 3 Feb. 1900 : In 'n onderhoud met die koerant het genl. Botha verklaar dat daar alles tesame net 350 burgers op die kop geveg het.

Engelse
artillerie

Die Engelse op die kop se posisie is verder bemoeilik deurdat hulle artillerie hopeeloos ondoeltreffend was. Warren wou nie die kop bestook nie want hy was onder die indruk dat die Engelse die hele kop beset het en dus wou hy nie sy eie mense skiet nie. Hy wou eerder die Boere-kanonne bestook, maar hy kon nooit uitvind waar hulle gestaan het nie. Sodoende was sy kanonvuur die heeldag ondoelmatig en 'n verkwisting van ammunisie. ⁶⁹⁾ Al sukses wat die Engelse kanonniers gehad het, was toe hulle die Boksburgers op die koppie aan die noordwestelike uitloper van Spioenkop beskiet het. Wanneer Warren nog na Spioenkop self laat skiet het, het sy bomme tussen die Engelse gebars. ⁷⁰⁾

Woodgate
geskiet

Die Engelse aanvoerder, genl.-maj. Woodgate, is nog voor nege-uur die oggend dodelik gewond. Daardeur het daar 'n mate van verwarring onder die Engelse op die kop ontstaan omdat hulle nie geweet het wie in bevel was nie. Daar was trouens ook vir 'n lang tyd niemand in bevel nie want teen omtrent twaalfuur word kol. Thorneycroft as Woodgate se opvolger benoem, maar hy sou dit eers later die middag verneem en sommige offisiere sou dit eers die aand uitvind.

Engelse regter-
flank geteister

Die vuur op die Engelse regterflank was so verskriklik dat herhaalde stormlope daar onderneem is om die Boere te verdryf dog sonder sukses. So het kol. Thorneycroft op 'n keer met 40 man gestorm om die rand van die kop te probeer bereik. Die
(Boerevuur

69) Amery : a. w., vol. III, bl. 256.

70) Burleigh, Bennet : The Natal Campaign, London, G. Bell & Sons, 1900, bl. 333 ; Smit, A. N. : Antwoord op Vraagstukke oor Spioenkop (in my besit).

Boerevuur is op hulle gekonsentreer en hulle is binne 'n paar tree platgeskiet. Die paar oorlewendes het teruggekruip. Versterkings aan Engelse kant het aanhoudend ingestroom en teen eenuur het daar al 1,800 bygekom. Ten spyte daarvan was die Engelse posisie kritiek. Die meeste offisiere en baie manskappe was dood of gewond. Die Boerevuur het eerder kwaaiër geword as wat dit verminder het. Eoonop is die enigste pad waarlangs versterkings vir die Engelse kon kom ook deur die Boerekanonne bestryk. 71) Teen twaalfuur reeds was die Engelse in die voorste linies vernietig of teruggejaag en die hoof-loopgraaf het die voorste linie geword. Die sloot het begin vol raak met dooies en gewondes. Sommige soldate was ook al moedeloos en wou nie meer hulle koppe uitsteek nie. Ander het selfs agter die kop gaan skuiling soek. Daar was ook nie voorsiening gemaak vir water nie en baie soldate was half dood van die dors. Die Natalse somerson het genadeloos op hierdie, tot die uiterste beproefde soldate, neergebrand. Onder sulke omstandighede is dit te verstaan dat die Engelse vuur begin verswak het. 72)

Witvlag- Op die Engelse regterflank waar hulle dit die
episode swaarste te verduur gehad het en waar die offisiere reeds dood was, het die soldate om eenuur wit sakdoeke opgesteek om oor te gee. Die Boere het dadelik hulle vuur gestaakten uit hulle stellings gekom om die soldate te ontwapen. Jan Cilliers 73) van die Pretoria-kommando het selfs in die Engelse loopgraaf ingespring en gevra wie hulle
(-le offisier

71) Maurice : a. w., vol. II, bl. 386 - 389.

72) Amery : a. w., vol. III, bl. 260 e. v.

73) Hierdie Jan Cilliers was nie die digter nie, want hy was destyds in die Vrystaat volgens sy artikels "My Oorlogsdagboek" in "Die Huisgenoot" van 13, 20 en 27 Desember 1935.

le offisier was. Daar was nie een nie en die enigste onder-offisier is deur die soldate self ontwapen. Die soldate het uit die loopgraaf opgestaan en oorgegee. Vriend en vyand was deurmekaar. Toe kol. Thorneycroft opgemerk het wat aan die gang was het hy soontoe gehardloop en geweier om die oorgawe te erken. Op daardie tydstip het hy weer versterkings bygekry, teruggehardloop, stellings gaan inneem agter 'n klomp klippe in die middel van die kop en dadelik weer begin vuur. Die Boere het platgeval en sy vuur beantwoord, terwyl die soldate wat oorgegee het tussen die Boere-linies deur die kop afgehardloop het. Sommige van hulle, sowel as van die Boere, is deur die Engelse doodgeskiet of gewond, maar daar is nie 'n Carolina-burger met hierdie episode raakgeskiet nie. Met hierdie geleentheid het daar 178 Engelse oorgegee. Later die dag het van die soldate weer wit vlae opgesteek maar die burgers het hulle nie daaraan gesteur nie. 74)

Laat die middag het komdt. Prinsloo die vuur op die gevaarlikste punte laat konsentreer en sy adjudant en J. Brits gestuur om sy broer, Bill, wat die oggend vroeg reeds gesneuwel het, se lyk te gaan uitdra. 75)

Hierna het die vuur onverpoosd voortgeduur tot donker. 76) Die Engelse het nog steeds versterkings gekry so-
(-dat daar

74) K. G. 349, deel II : Telegram van Kommandant-Generaal aan Staatspresident. dd. 21 Jan. 1900 ; Amery : a. w., vol. III, bl. 268 - 269 ; Sandberg : a. w., bl. 96 - 98 ; Maurice : a. w., vol. II, bl. 390 ; Preller-versameling, band 88, lêer 168, bl. 175 - 176 : Verklaring van H. J. Davel ; Kritzinger : a. w.

75) Verslag van Historiese Komitee van Carolina ; Kritzinger : a. w., verklaar dat dit al sterk skemer-donker was.

76) Leyds-argief, band 780, deel II, bl. 241 : Rapport van genl. Botha aan die Kommandant-Generaal die aand van 24 Jan. 1900. Hierin sê hy o.a. "..... onze burgers nog vechten toen het reeds donker was."

dat daar uiteindelik alles tesame die dag 4,500 Engelse op die kop was. 77) Genl. Botha, daarenteen, het nie meer versterkings gehad om te stuur nie.

Gedurende die dag is die gewondes na 'n fonteintjie teen die kop afgedra. Hier is hulle so goed as wat onder die omstandighede moontlik was gehelp. Dis moeilik om te verklaar waarom daar nie 'n ambulans beskikbaar was nie. Louis Bothma, die heliografis, verklaar dat hy van die vroeë môre af, in opdrag van komdt. Prinsloo, gesein het vir 'n ambulans, maar dit het nooit opgedaag nie. Na sonder het komdt. Prinsloo hom gestuur om een te gaan soek. 78)

Aanval op
Tweelingkoppe

Om twee-uur die middag van 24 Januarie het 'n bataljon soldate onder aanvoering van kol. R. Buchanan-Riddell deur die Tugela getrek om die Tweelingkoppe te gaan verower en sodoende die kruisvuur op Spioenkop uit te skakel. Hierdie sektor is verdedig deur die Carolina-burgers en 'n klompie Lydenburgers onder genl. Schalk Burger. Hulle geledere was taamlik uitgedun deurdat komdt. Prinsloo met 'n deel van die Carolina-burgers op die kruin van Spioenkop aan die veg was.

Die Boere het Buchanan-Riddell se soldate onder 'n hewige vuur geneem, maar die ongelyktes in die terrein waaroor die Engelse aangestorm het en die steilte van die koppe het 'n taamlike dekking vir die aanvallers gebied. Daarby was die aanval gedek deur 'n hewige bombardement deur die skeepskanonne op die Bosrand. 79)

(Genl. Burger)

77) Maurice : a. w., vol. II, bl. 398.

78) Preller-versameling, band 88, lêer 168, bl. 87 : Louis Bothma se verklaring; Reitz : a. w., bl. 77.

79) Maurice : a. w., vol. II, bl. 392 - 394 ; Amery : a. w., vol. III, bl. 276 - 277.

Genl. Burger het aan genl. Botha gerapporteer dat hy deur 'n sterk mag aangeval word en om hulp gevra. 80)
 Om halfvyf die middag het genl. Botha berig gekry dat die Engelse die Tweelingkoppe sterk bedreig het en dat hulp dringend nodig was. Genl. Botha het nog net twaalf man by hom gehad, bestaande uit adjudante, die Kommandant van die verkennerskorps, rapportryers en sy assistent-sekretaris. Hiervan het hy dadelik tien man gestuur om te gaan help. Die ander twee het hy gestuur om die Utrecht-kommando na die Tweelingkoppe te ontbied en die Vrystaters te gelas om ook die Utrecht-sektor oor te neem. 81)

Hierdie skamele hulp wat genl. Botha kon stuur was egter te min om die koppe te red en om kwart-oor-vyf die middag was albei koppe in Engelse hande. Die Carolina-burgers en die Lydenburgers het nogtans die koppe duur verkoop. Die Engelse verliese hier was 27 gedood en 'n onbekende aantal gewond, behalwe die wat getref is voordat hulle die koppe bestyg het. 82)

Genl. Burger met sy burgers was aan die vlug met agterlating van hulle tentelaer. Hierdie verowering van die Tweelingkoppe was 'n groot verlies vir die Boere. Die kruisvuur op Spioenkop is toe baie verminder en boonop was die Engelse in die rug van die vegters op Spioenkop. Die deurbraak na Ladysmith waarvoor genl. Buller reeds sulke swaar offers aan menselewens gebring het, was feitlik 'n voldonge feit. Genl. Buller het dit egter nooit besef nie en onder
 (druk van

80) K. G. 339, deel V : Telegram H. I. D. aan Kommandant-Generaal dd. 24 Jan. 1900 om 3.30 nm.

81) Sandberg : a. w., bl. 98.

82) In die nek tussen die Tweelingkoppe staan vandag 'n monument met die name van lt.-kol. R. G. Buchanan-Riddell, nog twee offisiere en 24 manskappe daarop. Dit is die mense wat die dag daar gesneuwel het met die verowering van die koppe.

druk van sy kant af is die veroweraars van die Tweelingkoppe beveel om na donker oor die Tugela terug te keer. Teen middernag is hulle weer die rivier deur. 83)

Die nag na die Spioenkopslag Laat ons egter terugkeer na Spioenkop en kyk wat intussen die aand daar gebeur het. Toe die gevegte na donker opgehou het, het Thorneycroft besluit om sy magte van die kop af terug te trek. Sy troepe was kapot en half dood van die dors. Die Boere-magte was ook so uitgeput deur die aanhoudende geveg en moedeloos vanweë die verowering van die Tweelingkoppe in hulle rug, dat hulle groepiesgewyse die kop verlaat het. Die berig van genl. Burger se vlug na Ladysmith het tot 'n mate verwarring geskep. Die burgers was oortuig daarvan dat die Engelse deurbraak na Ladysmith voltooi was. Laat die aand het genl. Botha 'n brief aan genl. Burger geskryf om hom op te beur en moed in te praat. Omtrent middernag het die rapportryer, vergesel van komdt. Prinsloo, teruggekom met die nuus dat genl. Burger gevlug en sy twee kanonne saamgeneem het. 84) Min wis hulle dat die Engelse moedeloos en flou die slagveld aan die anderkant verlaat het.

Na donker het al die Carolina-burgers die kop verlaat. Komdt. Prinsloo is blykbaar na sy gewonde broer Christiaan in die veld-hospitaal en die Carolina-burgers was uitmekaar. Die meeste was darem by hulle tente, waar hulle somer van vermoeienis aan die slaap geraak het. Ander het saam met genl. Burger gevlug, terwyl nog ander klaargemaak het om te vlug. 85)

(Gedurende)

83) Knox, E. B. : Buller's Campaign with the Natal Field Force of 1900, London, Johnson, 1902, bl. 83 - 85.

84) Leyds-argief, band 780, deel II, Rapport Ram en Thompson, bl. 239.

85) Reitz : a. w., bl. 78 ; Verklarings in my besit van lt.-kol. J. C. Fourie, H. J. van Wyk, L. J. R. Kritzer, H. J. G. Korf, F. J. Pieterse, T. Nieuwoudt.

Gedurende die nag het komdt. Prinsloo te perd terug-
gekom en sy laer in wanorde gevind, op die punt om te vlug.
Hy het die burgers toegesprek en hulle vermaan om weer
hulle poste te gaan inneem, waarop sommige burgers weer te-
ruggekeer het na die oorspronklike Carolina-stellings. ⁸⁶⁾
Ander het van vermoeienis deurgeslaap en van dit alles niks
geweet nie.

Wat het die nag op Spioenkop gebeur ? Was daar nog
Boere wat die wag gehou het ? Hier is die getuienis baie
teenstrydig. Majoor C. J. Davel, H. J. van Wyk en J. H.
Rust ⁸⁷⁾ verklaar dat hulle 'n deel van 'n wag gevorm het.
Dit is egter moontlik dat hulle die Carolina-sektor met
Spioenkop verwar, want komdt. Prinsloo het wel laat die nag
'n wag na die Carolina-sektor gestuur. ⁸⁸⁾ Deneys Reitz be-
weer dat komdt. Opperman met 20 man die laaste was om die
kop te verlaat na tienuur. ⁸⁹⁾ Naudé verklaar dat daar geen
Boere op die kop agtergebly het nie. ⁹⁰⁾ Kemp verklaar
dat hy met 60 man die aand deur genl. Botha gestuur is om
op die kop te gaan help. Teen skemer sou almal die kop ver-
laat het behalwe komdt. Alberts met 15 Boksburgers. Verder
verklaar Kemp dat die skietery teen nege-uur die aand opge-
hou het en dat hyself tot ongeveer dagbreek daar gebly

(het.


86) Verklarings van lt.-kol. J. C. Fourie, H. J. van Wyk, L. J. R. Kritzinger, H. J. G. Korf, F. J. Pieterse, T. Nieuwoudt ; Reitz : a. w., bl. 78, beskryf in hoofsaak dieselfde situasie en praat ook van die man te perd, maar hy het hom in die donker vir genl. Botha aangesien. Moontlik was dit tog komdt. Prinsloo, want daar kon geen getuienis gevind word dat genl. Botha die nag uit sy hoofkwartier was nie. Inteendeel, Sandberg (Twintig Jaren onder Krugers Boeren in Voor- en Tegenspoed, Amsterdam, 1943, bl. 273) vertel dat hy en genl. Botha albei die aand so moeg was, dat hulle om die beurt mekaar moes wakker maak terwyl hulle die rapport vir die Kommandant-Generaal opgestel het. Dis dus onwaarskynlik dat genl. Botha onder dié omstandighede die nag die kommando's sou gaan besoek het.

87) Verklarings in my besit.


88) Sien voetnoot 86.

89) Reitz : a. w. ; bl. 77:

90) Naudé : a. w. ; bl. 86:



Gedenksteen aan die westelike punt van
die massa graf (gewese Engelse loopgraaf)
op Spioenkop.



Massagraf van die oostekant af afgeneem met die gedenksteen van die vorige bladsy op die agtergrond.



Dieselfde massagraf as die vorige maar van die trappies van die gedenksteen af afgeneem. Die Alwynkoppie verskyn op die agtergrond.

het. ⁹¹⁾ Amery beweer dat die Boere heeltemal gedemoraliseer en aan die vlug was met niemand op die kop meer oor nie. ⁹²⁾

Uit al hierdie getuienis word dit duidelik dat daar moontlik wel individue soos vkt. Jan Kemp op die kop mog gewees het, maar van 'n georganiseerde militêre optrede was daar geen sprake nie. Die bevelvoerende offisiere het almal die kop verlaat, menende dat die vyand die slagveld behou het. Genl. Burger in wie se sektor Spioenkop eintlik gelê het, ⁹³⁾ het glad heeltemal gevlug en dit was seker die vernaamste rede waarom daar nie 'n georganiseerde wag vir die nag uitgesit is nie.

Anderdagmôre
op Spioenkop

Die volgende môre vroeg was komdt. Prinsloo en 'n paar man weer op die kop om die toneel van verwoesting te aanskou. Weldra sou baie ander ook die kop bestyg om hulle van die ongelooflike waarheid dat die vyand gewyk het te vergewis. ⁹⁴⁾ Agter die Engelse skanse het dit vreeslik daar uitgesien. Die vlak loopgrawe het tot bo met lyke vol gelê, die een op die ander tot drie-diep. Lyke was onherkenbaar vermink deur die verwoestende bombardement van die Boere-kanonne die vorige dag. Los ledemate het rondgelê. Dit was 'n grusame toneel van dood en verwoesting. Etlike honderde gewonde Engelse wat
(die nag

91) Kemp : a. w., bl. 290.

92) Amery : a. w., vol. III, bl. 292 - 293.

93) Sien bl. 40.

94) Verslag van die Historiese Komitee van Carolina.

die nag op die kop agtergelaat is, moes in hulle ellende op die koms van die nuwe dag wag om verpleeg te word. 95)

Geweers en patrone het oor die kop gesaai gelê.

Genl. Botha het 'n aantal burgers aangesê om dit bymekaar te maak, sodat 40 kiste patrone en „ een mooi klomp " geweers in Boerehande geval het. 96)

Boere-ver
liese

Die Boere het baie gevoelige verliese gely, veral as ons in aanmerking neem dat hulle nie reserwe-magte gehad het om die gapings mee te vul nie. Die totale verlies was 58 gesneuwel en 140 gewond. 97) Die Carolina-kommando het die grootste bydrae tot hierdie ongevalligelys gelewer. Cilliers 98) verklaar dat daar 55 gedood en gewond is. Dit sal min of meer reg wees en dit is ook die getal wat algemeen deur die Carolina-burgers genoem word. Sover nagespoor kon word was daar 14 gesneuweldes en 43 gewondes. 99) By hierdie getalle is die moontlike ongevalle by die Tweelingkoppe egter ingesluit.

Engelse
verliese

Die verliese van die Engelse magte was baie groter. Amery gee die verliese aan as 322 gedood en 566 gewond, terwyl daar byna 300 krygsgevangenes was van wie sommiges ook gewond was. 100) Maurice noem die verliese as volg : 68 offisiere en 976 manskappe gedood, (gewond en

95) Reitz : a. w., bl. 79.

96) K. G. 339, deel V : Brief van asst.-genl. Botha aan die Kommandant-Generaal. dd. 24 Jan. 1900 (Die datum is verkeerd, want die brief kon tog seker nie voor die 25ste geskryf gewees het nie).

97) Staatscourant der Z. A. R., 31 Januarie, 7 en 14 Februarie 1900.

98) Cilliers : a. w., bl. 107.

99) In Bylaag I word 'n lys van ongevalle gegee, saamgestel uit die Staatscourant der Z. A. R. van 31 Januarie, 7, 14 en 28 Februarie 1900 en komdt. Prinsloo se verslag aan die Landdros van Carolina soos gepubliseer in „The Standard and Diggers' News", 2 Februarie 1900. Sien verder ook Standertonner : a. w., bl. 67.

100) Amery : a. w., vol. III, bl. 295.

gewond en vermis uit 'n totaal van ongeveer 4,500 man of ongeveer 23 %. 101)

In 'n onderhoud met „The Standard and Diggers' News” het genl. Botha verklaar dat hy aan komdt. Pretorius van Heidelberg opdrag gegee het om die dooies van die vyand op die kop te tel en hy het aan die Generaal gerapporteer dat hy 650 lyke getel het. Verder het genl. Botha verklaar dat hy 350 swaar gewondes van die vyand wat die nag op die kop agtergelaat was, die volgende môre teruggestuur het. 102)

Hierby moet natuurlik nog dié getel word wat gedurende die dag van die kop af verwyder is en dié wat lig gewond was en die kop self kon verlaat het. Daarbenewens is daar nog 184 krygsgevangenes geneem. 103)

Die totale verliese soos deur genl. Botha en Maurice aangegee, verskil nie so baie nie en dit wil dus voorkom dat ons die Engelse gesneuweldes op ongeveer 600 kan stel met 'n onbekende hoeveelheid gewondes. 104)

(Die aandeel

101) Maurice : a. w., vol. II, bl. 398.

102) „The Standard and Diggers' News”, 3 Feb. 1900 ; Prel-lér-versameling, band 88, lêer 168, bl. 11 : Op 26 Januarie 1900 skryf genl. Botha aan die Kommandant-Generaal dat komdt. Pretorius van Heidelberg opdrag gehad het om die gesneuweldes van die vyand te begrawe en hy het gerapporteer dat daar 650 dooies was. Dit sluit nie dié in wat die vyand die dag verwyder het en dié wat onder die berg en teen die spitskop gedood is nie. Hy deel verder mee dat die vyand se gewondes baie is.

103) K. G. 339, deel V : Brief van genl. Botha aan die Kommandant-Generaal, dd. 24 Januarie 1900. (Sien voetnoot 96).

104) In „The Journal”, Grahamstad, 2 Februarie 1900, verklaar kol. R. A. Bettington wat self op die Engelse regterflank op die kop geveg het : „..... both their rifle-fire and the shell-fire was most accurate. Soon there were very few shells which did not fall within the circle of the kop.

It will be scarcely an exaggeration to say that nearly every man round the spot where I happened to be, if he had no wounds, had at all events a hole through his helmet.

The order to retire was passed along the serried ranks, and the British withdrew in good order down the steep hill. All the way as they retraced their steps, in almost every bush and behind almost every stone, were to be seen dead or dying soldiers -- an awful evidence of the fray. The retreat was all the more necessary as it was impossible to locate the Boer guns.

Out of 200 officers, 110 were killed or wounded.”

Die aandeel van die Carolina-burgers aan hierdie slag word waarskynlik nêrens beter beskryf as deur Amery nie : " Where many on both sides showed conspicuous courage the palm must go to the little band of Carolina men Their losses, 55 out of a total of 88, or 62 per cent equal the best achievement of any corps on either side during the war, and the part they played that day was a splendid testimony alike to their valour and to the skill with which they had posted themselves ". 105)

Die dag na die slag het Carolina sy dooies begrawe. Die kommando, sowel as die bloedverwante tuis, was in rou. Hulle kon nogtans die wêreld fier in die oë kyk want nog nooit is groter dapperheid en offervaardigheid vir land en volk aan die dag gelê nie. Hulle was wel een van die kleinste kommando's van die Boere-strydmagte, maar hulle het groot dade gelewer wat onthou sal word solank as wat hulle volk se geskiedenis vertel sal word.

Die begrafnisdiens is deur ds. Ennis van Emmelo by die wa-laer gehou. 106) Ongelukkig is die presiese plek van hierdie grafte onbekend en ten spyte van herhaalde soektogte, kon dit tot hiertoe nog nie gevind word nie.

Hiermee eindig die glorietydperk van die Boere-wapens in Natal. Die vyand met sy 30,000 man is bloedig verslaan deur 3,000 Boere. Genl. Buller sou hom egter nie daarby neerlê nie. Hy was daartoe in staat om 'n nog groter bormag aan manne en wapens op te bou en sou dit ook doen. Dit was vir die Britse prestige en in belang van genl. White en sy vasgekeerdes by Ladysmith noodsaaklik dat genl. Buller deur die Boerelinies moes breek. In die volgende weke sou hy dan ook al sy aandag daarop toespits.

105) Amery : a. w., vol. III, bl. 295.

106) Maj. C. J. Davel en H. J. van Wyk : a. w.

H O O F S T U K I V

VAN SPIOENKOP TOT ALLEMANSNEK

a) Pietershoogte („ Pieter's Hill ”)

Op 25 Januarie 1900 was al die Engelse magte weer aan die suidekant van die Tugela, waar genl. Buller persoonlik die bevel van Warren oorgeneem het. Buller se swaar verliese op Spioenkop het hom kopsku gemaak en hy het besluit om nie weer daar aan te val nie.

Die vraag ontstaan nou waarom genl. Botha nie die vyand agtervolg en voordeel uit hulle gedemoraliseerde toestand getrek het nie. Die antwoord word vir ons verstrekteur sy militêre sekretaris, dr. Sandberg, wat die rede mooi saamvat in hierdie woorde : „ De Generaal kon met zijn troepen niets meer doen. Ze waren op, gedaan, uitgeput”. ¹⁾ Vir ses dae het hulle aaneen teen 'n oorweldigende oormag geveg, swak geëet en min geslaap. As daarby nog die moordende Natalse somerhitte genoem word, dan is dit wel te verstaan dat die burgers uitgeput was.

Voorlopig het die Carolina-laer by Spioenkop gebly. Gedurende die Vaalkrans-gevegte, 5 tot 7 Februarie, was die laer nog daar. ²⁾ Die kommando het van nou af nie meer vaste stellings verdedig nie maar is in los groepe gebruik om te gaan help waar nodig. In die gevegte wat hierop sou volg, verneem ons dan ook baie min van Carolina omdat hulle
(nie meer

1) Sandberg : a. w., bl. 101.

2) Amery : a. w., vol. III, bl. 312.

nie meer as 'n eenheid opgetree het soos by Spioenkop nie. 3)

Vaalkrans Die volgende deurbreek-poging van Buller sou van 5 tot 7 Februarie by Vaalkrans aangewend word. 4) Ben Viljoen se kommando moes hier die spit afbyt. Dit skyn of 'n groepie Carolina-burgers hier gehelp het. Hulle kanonne onder maj. Wolmarans het in elk geval op die 5de en 6de aktief aan die slag deelgeneem en 'n hewige tweegeveg met die Engelse artillerie gevoer. Van die Carolina-burgers is net 'n sekere Potgieter lig gewond. 5) Volgens die Rooikruis-verslae het Carolina geen gesneuweldes of gewondes te betreureur gehad nie. 6)

Na die mislukking by Vaalkrans het genl. Buller te ruggetrek na Colenso. Hy het op 15 Desember die vorige jaar die neerlaag gely toe hy 'n frontaanval by Colenso maak het, daarna het sy poging misluk om die Boere se regterflank aan die Bo-Tugela te omvleuel en toe is hy bloedig teruggeslaan by Vaalkrans. Sy volgende poging sou wees om die Boere se linkerflank op 17 Februarie 1900 aan te pak en uiteindelik sukses te hê met die deurbraak by Pietersheuwel op 27 Februarie, Majoebadag. 7)

Posisie van Wanneer die Carolina-laer van Spioenkop af
Carolina vertrek het, is nie bekend nie, maar dit moes kort na die slag van Vaalkrans gewees het toe die Eng-
(-else magte

3) Verhaal van Jacob van Rensburg.


4) Vir meer besonderhede oor hierdie slag, sien Viljoen, B. J. Genl. : Mijne Herinneringen uit den Anglo-Boeren Oorlog, bl. 51 - 57 ; Amery : a. w., vol. III, bl. 303 - 327 ; Doyle : a. w., bl. 205 - 211 ; Van Aardt : a. w., bl. 68 - 84 ; Weeber : a. w., bl. 162 - 165.

5) "The Standard and Diggers' News", 7 Februarie 1900.

6) Staatscourant der Z. A. R., 14 en 21 Februarie 1900.

7) Vir meer besonderhede sien Amery : a. w., vol. III, bl. 496 - 543 ; Doyle : a. w., bl. 212 - 222 ; Van Aardt : a. w., bl. 68 - 84 ; Weeber : a. w., bl. 183 - 204.

Posisies aan Tugela



(Map taken from The Times History of the War in South Africa 1899-1902)
 Scale: 1 inch = 3 myl.

else magte na Colenso teruggetrek het en al die Boeremagte aan die Bo-Tugela ook ooswaarts beweeg het om die Engelse volgende deurbreekpoging te gaan stuit. Die Carolina-laer het suid van Grobbelaarsheuwel aan Onderbroekspruit gestaan, met die Swasielanders aan hulle regterkant en die Pretoriane links van hulle. 8)

Vanhier het komdt. Prinsloo op 26 Februarie die volgende brief aan genl. Burger gerig : „ Ik heb wyk II en alle andere burgers van wyken I en III die bekwame paarden hebben, naar u gezonden. Ik zal hier wachten om te zien wat beslissing is omtrent lager. ” 9) Daar kon geen getuigenis gevind word wat daarop dui dat die Carolina-kommando as 'n eenheid in hierdie slag opgetree het nie. Daarom laat hierdie brief die gedagte ontstaan dat die Carolina-kommando versnipper is en na bedreigde punte gestuur is. Die gebeurtenisse wat hierna beskryf sal word, versterk die gedagte dat die Carolina-burgers in groepies opgetree het.

Pietersheuwel Op 27 Februarie is komdt. Prinsloo met sowat 50 man as versterking na Pietersheuwel gestuur waar Buller se aanval die swaarste was. Hulle het laat in die middag die rante ten noord-weste van Pietersheuwel bereik en is toe oor die spoor. Hierna was hulle blootgestel aan 'n verskriklike kanon- en kleingeweervuur terwyl hulle vir meer as 'n myl oor 'n kaalte moes jaag. Soms was hulle so toe onder die stof dat hulle mekaar skaars kon sien. Onder Pietersheuwel was 'n diep sloot wat afgeloop het na die Tugela en die 50 man het op wonderbaarlike wyse daarin geslaag om die sloot ongedeerd te haal. Hier het hulle 'n

(klomp gewondes

8) Amery : a. w., vol. III, bl. 542 -- die kaart van „Colenso Operations ”.

9) Preller-versameling, band I, deel II, bl. 255.

klomp gewondes van die ander kommando's wat gedurende die dag vir veiligheid daarheen gebring is aangetref. Die sloot het tydelike dekking vir komdt. Prinsloo en sy manne gebied en hier kon die Kommandant sy planne aan sy burgers meedeel en finale bevele gee. Hy het hulle in twee groepe verdeel met wnd. vkt. Arie Korf 9a) aan die hoof van 22 man wat in 'n oostelike rigting (links) feitlik tussen die vyand ingestuur is. Die Kommandant met die orige manne het meer na regs aangeval. Hier is Jan Grobler (Jan Baltus) gewond. 'n Vyandelike koeël het voor hom op 'n klip gebars en stukke koeël en klip het in sy gesig gespat. Hoewel sy hele gesig vol bloed was, kon hy nietemin voortveg. Komdt. Prinsloo het goeie dekking gehad terwyl die Engelse hulle baie moes blootstel om hierdie burgers aan te val. Die gevolg was dat die klompie man die Engelse swaar verliese toegedien het. Die vyandelike oormag het nogtans hulle aanval vasberade voortgesit, sodat komdt. Prinsloo teen die aand sy manne moes opdrag gee om 'n vinnige sarsie te skiet en dan terug te val. Toe kon hulle ook al die juigkrete hoor van die troepe wat ander ontrijmde Boerestellings ingeneem het. Dit was die doodsnikke van die bloedige slag wat van die 17de af onafgebroke gewoed het. Die deurbraak na Ladysmith was einde ten laaste daar en die groot Boere-terugtog het begin.

Komdt. Prinsloo het ook betyds die bevel om terug te val aan wnd. vkt. Korf gegee. Hulle is so vinnig as wat hulle bene hulle kon dra terug na die sloot waar hulle perde was. Dit was pateties om te hoor hoe die talle gewondes in die sloot gesoebat het om tog nie agtergelaat te word en

(in die

9a) Hy is tydelik aangestel in die plek van vkt. A. J. Viljoen wat op Spioenkop gewond is.

in die hande van die vyand te val nie. Hiervandaan is die Kommandant terug na sy laer wat reeds aan die vertrek was. 10)

Carolina het gelukkig geen lewens hier verloor nie. Die enigste ongevalle was genoemde Jan Grobler en Jan Stander wat 'n ligte wond aan sy gesig opgedoen het. 11)

Die groot Die hele Boeremag was nou aan die vlug,
Terugtog heeltemal gedemoraliseer en ordeloos. Vir die offisiere was dit onmoontlik om orde te probeer skep want die mense was paniekbevange en vasbeslote om so vinnig as moontlik van die Engelse af weg te kom. Die paniek is vererger deurdat die Kliprivier wat by Ladysmith verbyloop in vloed was. Dit het 'n gesukkel afgegee om die waens deur die rivier te kry. Honderde waens het daar opgehoop. Die rivier se walle by die driewe het so glad geword dat die osse nie kon vastrap om die waens uit die rivier te kry nie. Dit het 'n groot verwarring afgegee en van 'n kommando-organisasie het nie veel oorgebly nie. 11a)

Genl. Buller het hier die kans van sy lewe gehad om 'n groot buit te maak en die grootste deel van die Boeremagte gevange te neem. Hy was egter so stadig om sy sukses by Pietersheuwel op te volg dat hy die gulde geleentheid deur sy vingers laat glip en die Boere die geleentheid gegee het om te ontsnap. 12)

Die meeste waens en burgers is oos van Ladysmith verby, maar die Carolina-kommando en nog 'n paar ander kommando's is wes van die dorp verby. Nadat die Carolina-burgers die

10) Verklarings in my besit van H. J. G. Korf en Wessel C. Davel, asook die verhaal van Jacob van Rensburg.

11) Staatscourant der Z. A. R., 7 en 14 Maart 1900.

11a) Weeber : a. w., bl. 207-214.

12) Amery : a. w., vol. III, bl. 543 e. v. ; Viljoen : a. w., bl. 64 e. v.


gers die Kliprivier deur was het hulle uitgespan en afgesaal om kos te maak, want mens en dier was afgemat. Daarby het die burgers in die gevegte van die voorafgaande paar dae baie swak geëet. ¹³⁾ Daar kon egter nie te lank vertoef word nie want die besettingsmagte om Ladysmith het alreeds teruggetrek en genl. White het dus sy hande los gehad om van die vlugtende Boere af te sny en te vang.

Hiervandaan is die Carolina-kommando digby Modderspruitstasie verby, waar hulle die vure gesien het van voorrade wat daar aan die brand gesteek is ten einde te verhoed dat dit in die vyand se hande val. Die tog is verder met die pad wat al wes van die spoor loop, voortgesit. Dit was donkermaan en betrokke lug en gevolglik kon hulle skaars sien waar hulle ry. Die waens het agtermekaar getrek met die perderuiters voor, agter en langs die waens. Die burgers was stil want die gebeure van die voorafgaande dae was 'n groot teleurstelling en boenop was daar die vrees om agterhaal te word deur die vyand. By 'n spruit wat na die Sondagsrivier afloop het hulle gesukkel om die waens deur te kry. Die drif was 'n modderpoel en hulle het daar gespook van omtrent middernag af tot die anderdagmôre toe dit al helder lig was. Baie van die goed op die waens, soos meelblom en selfs kaste ammunisie, is afgegooi om die waens ligter te maak. Hulle het in groot haas voortgetrek in die rigting van Biggarsberg want daar was 'n klomp perderuiters agter hulle wat aangesien is vir Engelse. Hulle sou eers later die dag uitvind dat dit 'n deel van die agterhoede was wat genl. Botha gevorm het, om die terugtrekkende kommando's teen agtervolging deur die Engelse te dek. Na ontdekking van die vergissing is daar uitgespan en vir die

(eerste)

13) Verhaal van Jacob J. van Rensburg soos neergeskryf deur mnr. L. A. Visagie. (Dis in sy besit).

Biggarsberg.



Skool: 1 duim = $4\frac{1}{2}$ myl.

(Niet verlot van "The Times History of the War in South Africa 1899-1902")

eerste keer in 24 uur kon die burgers weer kos maak en goed eet. Dié middag het die waens verder getrek, terwyl die perdekommando agtergebly het as 'n dekking vir die waens. Hulle sou eers die volgende dag weer by die laer wat toe reeds bo-op Biggarsberg gestaan het, uitkom. 14)

b) Biggarsberg

Genl. Botha het eindelijk daarin geslaag om weer orde in die ehaos te skep en die Biggarsberge te beset as die volgende verdedigingslinie teen genl. Buller. Die hele bergreeks is beset van die Drakensberg af tot by Helpmekaar, 'n afstand van ongeveer sewentig myl. Die middel van die linie was tussen die pas, waar die pad vanaf Ladysmith na Newcastle deurgaan, en die spoorweg. Hierdie deel van die stellings was veral baie sterk want dit het dié voordeel aan die verdedigers gebied dat elke beweging van die vyand vir hulle sigbaar was. 15)

Posisies van
kommando's

Genl. Botha het die kommando's hier op die Biggarsberge onder generaals Schalk Burger, D. J. E. Erasmus en Lucas Meyer ingedeel. Genl. Burger het bevel gevoer oor die Soutpansberg-kommando wat Gibson'snek moes verdedig, Heidelberg, Boksburg en Standerton wat Landmansnek moes verdedig en Carolina en Lydenburg wat Biggarsbergnek moes hou. Genl. Erasmus met die Pretoria- en Bethalkommando moes wes van Glencoe stellings inneem. Genl. Lucas Meyer het bevel gevoer oor Krugersdorp en Middelburg wat die spoorweg by Glencoe moes oppas en Piet Retief wat by Helpmekaar geplaas is. Verder het hy

(bevel gevoer

14) Ibid, bl. 2 - 3 ; Weeber : a. w., bl. 210.

15) "The Official History of the War in South Africa", vol. III, bl. 252. Hierdie werk is die voortsetting van die eerste twee volumes wat onder redaksie van Maurice geskryf is. Hier is geen redakteur aangegee nie en sal hiervandaan net aangedui word as "Official History".

bevel gevoer oor Utrecht, Swasieland en Johannesburg wat Vantordersnek moes hou en die Vryheid-kommando wat na hulle distrik gestuur is. Wakkerstroom en Ermelo het nie bepaalde sektors verdedig nie maar sou los perdekommando's vorm. 16)

Die Lydenburg-laer was 'n paar myl oos van die Carolina-laer. Hulle wagte was egter gedurig in voeling met mekaar en daar was nie 'n gaping tussen die twee kommando's nie. 17) Behalwe vir enkele skermutselings sou die kommando's hier vir omtrent twee maande onaktief lê.

Die naaste stasie aan die Carolina-laer was Dannhauser, waarheen herhaalde kere waens gestuur is om kosvoorraad te gaan haal. Met sulke geleenthede is 'n paar burgers te perd saangestuur om die waens teen moontlike diewery te beskerm. Die offisiere het gewoonlik slagvee van die boere en naturelle in die omgewing gekoop en soms het die Regering slagbeeste per trein gestuur. Vleis was dus volop.

Daar is gereeld in die rigting van die vyand patrollie gery. Gewoonlik het so 'n patrollie die aand teen donker uitgetrek en voortgery tot omtrent middernag. Dan is daar afgesaal, die perde gespan en brandwagte uitgesit, terwyl die orige paar burgers gaan slaap het. Teen dagbreek het hulle dan opgestaan, opgesaal en gery tot waar hulle die Engelse kon dophou. Teen die aand het hulle dan teruggedraai en weer in die veld oornag, om die volgende dag in die laer terug te kom en aan die offisier te rapporteer. Hierdie patrollies het soms met soortgelyke patrollies van die vyand skermutselings gehad.

Die

16) K. G. 352, deel V, bl. 80 : Brief genl. Joubert aan van Rensburg en Buys dd. 6 Maart 1900.

17) Van Rensburg : a. w., bl. 3.



Genl. J.C. Fourie.

Die leeglêery het die burgers verveel en daarom het hulle aan allerlei vorms van vermaak deelgeneem. Lang ure is met die speel van Klawerjas en allerlei Boeresport verdryf, soos die vorige jaar aan die Swasiegrens. 17a)

Gedurende die tweede week van Maart het komdt. Prinsloo siek geword en huis toe gegaan. In sy plek het vkt. A. J. de Lange as waarnemende kommandant opgetree. Vkt. A. J. Viljoen wat op Spioenkop gewond is en in wie se plek A. W. Korf as veldkornet opgetree het, was nou weer gesond en het by die kommando aangesluit om die bevel oor sy veldkornetskap oor te neem. 18) Van die burgers het ook siek geword. So is Jan H. Combrinck na die hospitaal op Volksrust en Cornelis van Rooyen na die Johannesburgse hospitaal, terwyl Jan J. W. Avis en Michael F. Goss ook siek geword het en laasgenoemde huis toe is. 19)

Asst.-veggeneraal Op 19 Maart is op Glencoe 'n krygsraad
J. C. Fourie gehou en dis moontlik by hierdie geleentheid dat J. C. Fourie sr. tot assistent-veggeneraal oor die kommando's van Carolina, Lydenburg en Standerton gekies is. 20)

Teen die einde van Maart en gedurende April is aan baie burgers verlof toegestaan om huis toe te gaan en dit lyk dus of die Boere-opperbevel nie gou 'n aanval van genl. Buller verwag het nie. 21)

Na mate

17a) Ibid, bl. 5; Vgl. ook bl. 18 van hoofstuk I.

18) "De Volksstem", 13 Maart 1900 : Verklaring in my besit van A. W. Korf.

19) Staatscourant der Z. A. R., 14 Maart en 11 en 18 April 1900.

20) "The Standard and Diggers' News", 22 Maart 1900 ; "Onze Krijgs-officiëren", uitgegee deur "De Volksstem"-kantoor, 1904, bl. 27 ; brief in my besit van dr. H. C. M. Fourie (seun van die Generaal) aan mnr. L. A. Visagie dd. 22 April 1939; die notule van die krygsraad kon ongelukkig nie gevind word nie ; dit is eienaardig dat 'n persoon wat nie destyds as offisier diens gedoen het nie, hier bo baie ander offisiere tot die posisie verkies is. Moontlik was dit as gevolg van die oorsien wat hy toe reeds vir jare geniet het. Gedurende die

Na mate die toestand in die Vrystaat versleg het, is meer en meer burgers uit Natal onttrek om daar te gaan help. In die begin van April was daar nog sowat 6,000 burgers aan die Natalse front. Hierna sou daar egter nog gedurig burgers na die Vrystaat gestuur word. 22)

Uitval na
Elandslaagte

Op Maandagoggend 9 April het genl. Fourie met afdelings van Carolina, onder wnd. komdt. A. J. de Lange, en Lydenburg onder komdt. D. J. Schoeman, vertrek om die Engelse kampe om en by Elandslaagte te gaan verken. Hy het 'n kanon en 'n meksim onder luit. von Wichmann saamgeneem. Omtrent middernag het hulle by Knightshoogte, omtrent 'n uur te perd noord van Elandslaagte, aangekom. Daar het hulle geslaap en met dagbreek die volgende oggend is 'n aanval op die Engelse kamp gemaak. Genl. Botha met 'n sterk mag uit die ander kommando's, het die opperbevel gehad en wou probeer om die Engelse uit te lok tot 'n geveg. Die Engelse kamp is onder die bomme gestook, terwyl hulle wag aan die Sondagsrivier deur kleingeweervuur bestook is. Die Engelse kanonne het geantwoord maar het te kort geskiet. Aangesien die Boere-kanonne aanhoudend hulle kamp bestook het, het die Engelse hulle kamp nader na Ladysmith verskuif. 23) Dit was hoofsaaklik 'n kanongevog (en die

Eerste Vryheidsoorlog was hy reeds veldkornet in die Lydenburg-kommando en later lid van die Eerste Volksraad vir Lydenburg as vurige Kruger-ondersteuner. Hy was goed bevriend met generaals Schalk Burger en Louis Botha en volgens sy seun, lt.-kol. J. C. Fourie, my meegedeel het, was hy voor sy verkiesing lid van genl. Botha se staf. Waar genl. Burger destyds as veldheer van die toneel verdwyn het, was daar nie enige ander persoon met meer aansien in die drie kommando's wat gekies kon word nie.

- 21) Leyds-argief, band 754, deel I, bl. 141 e. v. en ibid, deel II, bl. 295 e. v., gee lang naamlyste van burgers wie se "verlofpassen" deur asst.-veggeneraal J. C. Fourie onderteken is.
- 22) "Official History, vol. III, bl. 253, verwys na 'n telegram van genl. Botha van 8 April 1900 waarin hy sê dat daar nog 6 - 7,000 burgers in die Biggarsberge is.
- 23) Die Engelse se kamp is na dieselfde rooirantjies waar

en die Engelse kanonne kon nie hulle doel tref nie, met die gevolg dat daar by genl. Fourie net een Lydenburger lig gewond is. Die Engelse verliese was 2 gedood en 9 gewond.

Voor sonder het die Boere teruggetrek. Genl. Fourie en sy burgers het halfpad tussen Knightshoogte en Biggarsberg geslaap en die volgende dag in die laers teruggekeer. 24)

Kommando-vlag
ontvang

Kort hierna het komdt. Prinsloo teruggekeer na sy kommando. Op die 16de het hy sy burgers byeengeroep en aan hulle 'n adres voorgelees wat namens die vrouens van Carolina-distrik aan die offisiere en burgers van die Carolina-kommando gerig is. Die adres is gedateer 6 Maart 1900 en onderteken deur mev. D. J. Joubert, Mary Pawson en Catharina Joubert. Hulle het hulle trots uitgespreek oor die heldedade wat die kommando verrig het, terwyl hulle hulle vertroue in die uiteinde-like oorwinning betuig het. Die kommando is aangespoor om nie te wyk voor die vyand nie, al moes hulle ook hulle lewens opoffer vir die vryheid van hulle land en volk. Saam met die adres is daar ook 'n Vierkleur, spesiaal deur die vrouens gemaak om as kommandovlag te dien, deur komdt. Prinsloo vertoon. Die vlag is bokant die Kommandant se tent gehys en die toejuiging van die hele kommando kon op 'n ver afstand gehoor word. Vergeet was al die swaarkry van die voorafgaande maande en die koppe is weer fier omhoog gehou. Die vyand sou nog uitvind dat die Carolina-kommando

(nie so

die Carolina-stellings die vorige Oktobermaand met die Modderspruitslag was, versit.. Sien hierbo bl. 24.

- 24) Van Rensburg : a. w., bl. 10 - 12 ; "Official History", vol. III, bl. 254 ; Dagboek van J. H. Janson, bl. 1 - 5. Janson was genl. Fourie se sekretaris en het hom vergesel met hierdie uitval.

nie so maklik oorwin kon word nie. 25)

Dieselfde dag het die Kommandant 'n brief aan die skenkers van die vlag en adres gerig om hulle nie alleen namens die kommando te bedank nie, maar ook te verseker dat al die burgers aan die uiteindelijke oorwinning glo en daarvoor sou veg tot die vyand gewyk het. 26)

'n Minder aangename brief het ook daardie dag die Kommandant bereik. Dit was 'n memorie, gedateer 29 Maart 1900 en geteken deur J. H. W. de Clercq en twaalf ander vrouens van wyk III. Hulle het gekla dat daar verskeie mans in hulle wyk by die huis gesit het sonder enige wettige redes en dit onder die moeilike landsomstandighede wat daar geheers het. Daar was verskeie mans wat nog niks in persoon of deur hulle besittingsgedoen het om die volksaak te dien nie. Die Kommandant is dringend versoek om hierdie tuissitters te laat opkommandeer. 27) Dadelik het hy aan die vroue-memorialiste geskryf dat hy net so verontwaardig soos hulle was en dadelik stappe sou doen om die ontroues te laat opkommandeer en op hulle plek te sit. 28) Die houding van die vrouens wat vol veragting vir die ontroues was, het die burgers aangevuur om dapper te veg en desnoods die hoogste offer vir hulle vryheid te bring.

Op 18 April is 'n krygsraad by genl. Botha se hoofkwartier op Glencoe gehou. 29) Daar is finale reëlins vir die vertrek van 3,000 burgers na die Vrystaat, drie dae later getref.

25) „De Volksstem“, 20 April 1900.

26) Ibid.

27) Ibid.

28) Ibid.

29) Leyds-argief, band 752, bl. 10 : Telegram van wnd.-kommandant-generaal Meyer aan asst.-genl. Fourie. dd. 15 April 1900. Die notule van hierdie krygsraad kon ongelukkig nie gevind word nie.

ter, getref. 30) Die nood in die Vrystaat het die magte in Natal nou tot omtrent 3,000 man verminder en hierdie aantal burgers was gevaarlik min om weerstand te bied teen 'n moontlike aanval van genl. Buller met sy oormag.

Standerton- en
Bethal-kommando
vertrek na die
Vrystaat

Hierna het daar 'n netelige probleem vir genl. Fourie ontstaan. Volgens krygsraadbesluit moes die Standerton- en

Bethal-kommando na die Vrystaat vertrek het. Die Bethal-kommando het dadelik vertrek maar die Standertonners was onwillig en het daarop gestaan dat die Lydenburgers moes gaan, aangesien laasgenoemdes, volgens hulle, tot sover nog min genoeg in die oorlog gedoen het. Hulle het selfs sover gegaan om 'n memorie aan wnd. staatspresident Burger te stuur. Genl. Botha het vir genl. Fourie versoek om die Standertonners te probeer oorhaal om te gaan. 31) Genl. Fourie het dadelik die Lydenburg-offisiere byeengeroep en hulle vertel van genl. Botha se versoek, waarop hy nog dieselfde dag aan genl. Botha terug laat weet het, dat hy die saak met die Lydenburgse offisiere bespreek het. Die Lydenburgers was byna sonder perde, terwyl die Standertonners die beste perde gehad het van almal onder sy bevel. Boonop het daar nog 'n longsiekte onder die Lydenburgers se osse uitgebreek. Genl. Fourie het genl. Botha daaraan herinner dat dit 'n krygsraadbesluit was en na sy mening was dit 'n verkeerde beginsel om 'n pas genome krygsraadbesluit weer te verander ter wille van 'n beswaar van 'n waarnemende kommandant. Hy het dus gemeen dat die

(Standertonners

30) „Official History“, vol. III, bl. 255.

31) Leyds-argief, band 752, bl. 46 : Telegram wnd.-komdt.-genl. Botha aan asst.-genl. Fourie dd. 2 Mei 1900. Die memorie kon nie gevind word nie, maar genl. Botha deel in hierdie telegram die feit aan genl. Fourie mee.

Standertonners wel na die Vrystaat moes vertrek. 32) Genl. Botha het die inhoud van genl. Fourie se telegram aan die Standertonners meegedeel 33) en hulle opdrag gegee om dadelik te vertrek. 34) Genl. Fourie het weer opdrag van genl. Botha gekry om toe te sien dat die Standertonners haastig klaarmaak. 35)

Genl. Botha het genl. Burger nog dieselfde dag oor die hele aangeleentheid ingelig. 36) Voordat genl. Burger egter hierdie mededeling van genl. Botha ontvang het, het hy waarnemende kommandant Boshoff van Standerton laat weet dat, hoewel hy self gemeen het dat Lydenburg sou kon gaan, hy nie graag met 'n besluit van die krygsraad sou wou inmeng nie. Hy het verder 'n beroep op die Standertonners gedoen om hulle besware opsy te sit en na die Vrystaat te vertrek. 37)

Die volgende dag het die Standerton-kommando vertrek en hulle stellings is ook deur die Carolina-kommando beset. 38)

Asst.-Komdt.- Genl. Botha was nou op die punt om self
Genl. Fourie na die Vrystaat te vertrek en op 2 Mei het hy asst.-genl. Fourie as assistent-kommandant-generaal in
 (die plek

32) Ibid, band 748 (a) : Telegram asst.-genl. Fourie aan wnd. Kommandant-Generaal dd. 2 Mei 1900.

33) Ibid, band 752, bl. 25 : Telegram wnd. komdt.-genl. Botha aan wnd.-Komdt. van Standerton dd. 2 Mei 1900.

34) Ibid, band 752, bl. 39 : Telegram wnd. komdt.-genl. Botha aan wnd.-Komdt. van Standerton. dd. 2 Mei 1900.

35) Ibid, band 752, bl. 41 : Telegram wnd.-komdt.-genl. Botha aan wnd.-asst.-genl. Fourie dd. 2 Mei 1900.

36) Ibid, band 752, bl. 28 : Telegram wnd.-komdt.-genl. Botha aan L. U. R. Burger. dd. 2 Mei 1900.

37) Ibid, band 748 (a) : Telegram Burger L. U. R. aan wnd.-komdt. Boshoff Standerton. dd. 2 Mei 1900.

38) Ibid, band 748 (a) : Telegram asst.-genl. Fourie aan wnd.-Komdt.-Genl. dd. 3 Mei 1900 ; Ibid, band 748 (a) : Telegram vrederegter Janson aan wnd.-Komdt.-Genl. dd. 3 Mei 1900.

die plek van genl. Burger, wat toe reeds in Pretoria was, aangestel. 39) Op die 7de het hy asst.-genl. Lucas Meyer in sy plek as waarnemende kommandant-generaal aangestel. 40)

Buller begin aanval

Genl. Buller het eindelijk tot aksie oorgegaan en besluit om die Boeremagte uit Natal te verdryf. Op 8 Mei het sy troepe van Elandslaagte af in 'n oostelike rigting begin trek, vergesel van transportwaens. 41) Die volgende dag het hy reeds 'n groot mag by die brug oor die Sondagsrivier op die pad na Helpmekaar saamgetrek. 42) Op die 11de het hy verder opgetrek en op die oostelike wal van die Wasbankrivier gaan kampeer. Dit was dus vir die Boere-offisiere duidelik dat Buller nie die sterk Biggarsbergposisie wou aanval nie, maar die Boeremagte by Helpmekaar wou gaan omvleuel. Toe Buller se plan duidelik geword het, het wnd. komdt.-genl. Meyer aan genl. Fourie opdrag gegee om dadelik versterkings na Vantondersnek te stuur. Genl. Erasmus het van genl. Meyer opdrag gekry om 'n perdekommando te stuur. 43)

Nadat Buller reeds aan die opruk na Helpmekaar was, het genl. Fourie 150 man onder asst.-vkt. J. P. de Clercq in die rigting van Ladysmith gestuur, waarskynlik om Buller se aandag van Helpmekaar af te trek. Dit het egter niks gehelp nie want Buller het sy opmars voortgesit. 44)

(Reeds die

-
- 39) Ibid, band 755, bl. 28 : Brief van wnd. komdt.-genl. Louis Botha aan wnd. asst.-genl. Fourie dd. 2 Mei 1900; Ibid, band 748 (a) : Telegram Janson aan Press Collect, Volksstem, Pretoria. dd. 3 Mei 1900.
- 40) Ibid, band 757, bl. 53 : Telegram wnd. komdt.-genl. Louis Botha aan asst.-genl. Meyer. dd. 7 Mei 1900.
- 41) Ibid, band 748 (b) : Telegram H. I. D. aan wnd. Kommandant-Generaal (Ventersburg) dd. 8 Mei 1900.
- 42) Ibid, band 748 (b) : Telegram H. I. D. aan wnd. Kommandant-Generaal. dd. 9 Mei 1900.
- 43) Ibid, band 748 (c) : Telegram H. I. D. aan wnd. komdt.-genl. Botha. ongedateerd.
- 44) Van Rensburg : a. w., bl. 12.

Tweede groot
terugtog

Reeds die oggend van die 10de het genl. Fourie met 500 man van die verskillende kommando's in die rigting van Helpmekaar vertrek om daar te gaan help. Die agterblywende Carolina-burgers het in hulle stellings gebly. Die Boeremagte by Helpmekaar was egter nie in staat om die Engelse te stuit nie en op 13 Mei is hulle verslaan en omvleuel. Hiermee het toe die volgende groot terugtog begin. Hierdie keer sou dit darem ordeliker plaasvind as van die Tugela af. Laat die aand van die 12de het die Carolina-kommando reeds opdrag gekry om die volgende oggend hulle stellings te verlaat en na die Drakensberg terug te val. 45) Genl. Meyer het op die 16de aan genl. Botha laat weet dat hy nie graag die Biggarsberge wou ont-ruim het nie, maar deur die Regering uit Pretoria beveel is om dit te doen. 46) Die omstandighede het dit in elk geval noodsaaklik gemaak al het die Regering ook nie so 'n opdrag gegee nie. Dit sou immers dwaas gewees het om die verskillende kommando's in die Biggarsberge te laat om deur Buller omsingel en gevang te word.

Die verskillende kommando's met hulle laers het nou na Laingsnek opgetrek. Komdt. D. Schoeman van Lydenburg het met 500 Lydenburg- en Carolina-burgers die agterhoede gevorm om die terugtrekkende laers te beskerm. 47) Op die 16de was die waens van Lydenburg en Carolina tot aan die Ingogorivier gevorder. 48)

Terwyl hulle daar was, is daar besluit dat genl. Fourie met die Carolina- en Lydenburg-kommando Bothaspos sou gaan verdedig, terwyl die orige kommando's Laingsnek (sou beset.

45) Janson : a. w., bl. 6 - 7.

46) Leyds-argief, band 748 (c) : Telegram wnd. komdt.-genl. L. Meyer aan wnd. komdt.-genl. Botha (Kopjes) dd. 16 Junie 1900 (die datum moes 16 Mei 1900 gewees het, want op 16 Junie was genl. Botha lankal nie meer op Kopjes nie en was Buller ook reeds in besit van Natal. Dis verstaanbaar dat genl. Meyer op 16 Mei so 'n telegram sou gestuur het om sy handelwyse te verlaak.

sou beset. Op die 24ste was genl. Fourie reeds in Bothaspas. 49) Hier kon die burgers 'n rukkie rus van die Engelse en hulle ingrawe. Terselfdertyd kon hulle hulle perde goed voer want perdevoer was volop op die plase onder die berg. 50)

c) Bothaspas en Allemansnek

Opkommandering van Na genl. Buller se opmars deur Na-
tuissitters tal was die nood van die Boere so groot dat die wnd. Kommandant-Generaal aan alle landdroste opdrag gegee het om die burgers wat nog tuis was, op te roep en dié wat sou weier om na die kommando's te gaan volgens krygswet te straf en hulle roerende goedere te konfiskeer. 51)

Moraal van Die teenslae in Natal asook die gerugte van
burgers die Engelse se vordering in die Vrystaat en die gevolglike bedreiging van hulle tuistes, het die verdigters van die Drakensberg, veral diegene wat Laingsnek moes verdedig, tot 'n groot mate gedemoraliseer. So het genl. Chris Botha op die 2de Junie van Charlestown af sy nood by die Wnd. Kommandant-Generaal gekla dat die burgers op 'n streep weggeloop het. Die Soutpansbergers was reeds almal weg op 130 man na, terwyl daar van die Pretoria-kommando al 500 gedros het. „ Lydenburg en Carolina kommando (-dos zyn

„The Standard and Diggers' News ", 17 Mei 1900.


47) Janson : a. w., bl. 10 ; „De Volksstem", 18 Mei 1900.

48) Leyds-argief, band 748 (c) : Telegram H. I. D. aan wnd. komdt.-genl. Botha dd. 16 Mei 1900.

49) Ibid, band 757, bl. 125 : Telegram wnd. komdt.-genl. Meyer aan asst.-komdt.-genl. Fourie dd. 24 Mei 1900.

50) Van Rensburg : a. w., bl. 13.

51) Leyds-argief, band 749 (a) : Telegram wnd. Komdt.-Genl. aan Staatspresident dd. 1 Junie 1900. In hierdie telegram vertel die Kommandant-Generaal aan die Staatspresident dat hy so 'n telegram aan die landdroste gestuur het.



Slae van:

1. Bothaspas
2. Allemansnek
3. Ouhoofstnek
4. Graskop.

Skaal: 1 duim = 19 myl

Utrecht

dos zyn even goed als altoos en zyn die Burgers volmoed maar gevoel en zich ook bezwaard daar zy Pretoria en Zoutpansberg commandos niet vertrouwen kunnen doordat zy afgesneden of in andere moeielykheden zullen kunnen komen daar zy achter den vyand liggen en Pretoria en Zoutpansberg hun weg hier moeten openhouden". 52) Dit skyn dus asof die moraal van genl. Fourie se burgers nog taamlik hoog was.

Buller na Genl. Buller het besef dat Laingsnek goed ge-
Bothaspas fortifiseer was en daarby 'n goeie natuurlike stelling gevorm het. 'n Aanval daar sou hom dus duur te staan gekom het en daarom het hy besluit om op die Boere se regterflank in Bothaspas, waar genl. Fourie met die Carolina- en Lydenburg-kommando was, 53) te gaan deurbreek. Van Ingogo af, waar die pad na Bothaspas uit die grootpad tussen Newcastle en Volksrust uitdraai, is dit sestien myl na Bothaspas en omtrent net so ver na Laingsnek. Die styging van Ingogo na Bothaspas is baie geleidelik, sodat dit 'n makliker roete vir Buller se transportwaens was.

Beskrywing van Bothaspas lê 'n endjie suid van die punt
Bothaspas waar die grense van Transvaal, die Vrystaat en Natal ontmoet. 53a) Aan die voet van die pas is 'n wye kom waardeur die Ingogorivier loop. Noord van die kom swaai die Drakensberg noord-oos met die hoë kop Inkweloane as die uitstaande punt daar, wat in Boere-hande was. Dit het genl. Fourie se linkerflank gevorm. Omtrent vier myl noord-oos daarvandaan is 'n nog hoër kop Inkwelo, wat in die hande van die Engelse was. Omtrent vyf myl suid-wes van Inkweloane is 'n los kop, geroem Spitskop, wat tot 'n groot mate die toegang tot Bothaspas beheer. Aan die weste en
 (suid-weste van.....

52) Ibid : Telegram van wnd. komdt.-genl. Chris Botha aan die wnd. Komdt.-Genl. dd. 2 Junie 1900.

53) Preller : a. w., bl. 249 praat verkeerdelyk van Middelburgers en ander eenhede.

53a) Sien kaart teenoor hierdie bladsy.

suid-weste van die kom is die Drakensberg wat suid-oos swaai. Aan die ooste en suid-oostekant is 'n hoë berg, Vanwykskop genoem, wat feitlik los van die Drakensberg is en hoër as lg. by Bothaspas.

Buller Genl. Buller het besluit om sy langafstand-kanon
val aan nonne op Kwelo en Vanwykskop te plaas en sodoende sou hy dan die Boere-posisies op die berg onder 'n kruisvuur kon neem. 54) Op 6 Junie het hy Vanwykskop laat verken en daar net 'n wag van 25 man wat weinig weerstand kon bied, gevind. Toe genl. Fourie berig gekry het dat die Engelse op die kop was, het hy dadelik alles in die werk gestel ten einde hulle te verhoed om hulle kanonne op die berg te bring. 'n Franse kanon is dadelik in posisie gebring terwyl 'n afdeling van die Carolina- en Lydenburg-burgers die kop van die noordekant af met kleingewere onder vuur geneem het. 'n Ander klomp Carolina-burgers het die kop van die suid-westekant af bestyg en die Engelse op die kop aangeval. Die Engelse het versterkings gekry en na 'n paar uur se geveg moes die burgers teen sonder die aftig blaas, terwyl die Engelse in besit van die kop gebly het. Hier is Nicolaas van Loggerenberg swaar gewond. 55) Toe die burgers die kop verlaat het, het hulle hom saangeneem, maar hy is die nag oorlede en naby hulle stellings op die berg begrawe.

Dit was 'n ernstige flater van Boerekant dat hierdie kop nie van die begin af sterk verdedig is nie, want dit het die Bothaspas-stellings volkome oorheers. Dié nag het die Engelse dan ook langafstand-kanonne op die kop geplaas.

(Die oggend)

54) Amery : a. w., vol. IV, bl. 184 e. v.

55) Verklarings in my besit van S. J. Stoltz en lt.-kol. W. Davel.

Die oggend van die 7de het genl. Fourie 'n oorsig van die toestand aan genl. Chris Botha te Charlestown gestuur en ook die Vrystaatse kommando's gewaarsku. Genl. Chris Botha het aan die Swasieland-polisie en -burgers te Moansnek laat weet om dadelik na hom toe te kom met die doel om hulle as versterking na genl. Fourie te stuur. ⁵⁶⁾ Dis nie bekend of hierdie versterkings ooit gestuur is nie, maar indien hulle wel gestuur is, was hulle in elk geval te laat om Bothaspas nog te red.

Daar is nie op die 7de geveg nie. Genl. Buller het die dag gebruik om sy magte te organiseer vir die finale aanslag. Sy kanonne is so geplaas dat hy die Boerestellings volkome beheers het. Hy het twee 5 duim-kanonne op die suidelike uitloper van Inkwelo geplaas en nog twee kanonne van dieselfde kaliber op die Ingogo-hoogtes, omtrent vyf myl oos van Vanwykskop. Op die noord-oostelike uitloper van Vanwykskop het hy ses kanonne geplaas en op Vanwykskop vier.

Om tienuur die oggend van die 8ste het hy 'n geweldige bombardement op die Boere-stellings geopen en Spitskop sonder teenstand beset. Die Engelse kanonvuur was so hewig dat genl. Fourie weldra sy laer na 'n veiliger plek moes versit. Gedek deur die hewige bombardement, het die Engelse infanterie die berg bestyg en teen drie-uur die middag byna orals gelyktydig teen die rand van die berg uitgekom. Die Boere het dadelik vanuit hulle loopgrawe 'n hewige geweervuur op die Engelse gelos, terwyl die Boere-meksim en kanon hulle bestook het met bomme. Die Engelse oormag was egter te groot en die burgers was genoodsaak om te vlug.

(Hierdie

56) Leyds-argief, band 749 (a) : Telegram wnd. asst.-komdt.-genl. Chris Botha aan Botha (d. w. s. wnd. komdt.-genl. Louis Botha) dd. 7 Junie 1900.

Hierdie laaste hewige skietery van albei kante het omtrent twintig minute geduur. 57)

Genl. Fourie na Die kommando het nou noordwaarts ge-
Allemansnek swaai in die rigting van Allemansnek, meer as twintig myl daarvandaan. Die Engelse kavalerie het probeer om die waens in te haal, maar die Boere-agterhoede het so 'n gedugte vuur op hulle gehandhaaf dat hulle nie na-by die waens kon kom nie. Genl. Fourie het besluit om by Allemansnek te gaan stelling inneem in 'n laaste poging om Buller af te keer van die spoorweg tussen Johannesburg en Volksrust by Sandspruit. Indien Buller daarin sou kon slaag om Sandspruit gou te bereik, sou hy in die rug van die Boere-magte by Laingsnek gewees het en sodoende hulle terugtog kon afsny. Generaal Fourie het dus die nag deur-getrek na Allemansnek en nuwe stellings gaan inneem.

Die volgende dag is die gewondes deur 'n Switserse ambulans onder die heer Van Gelder na Volksrust vervoer. Die kommando-ambulans onder dr. Neethling en 'n sekere Luther is by Bothaspas gevange geneem. 58)

Ondertussen het genl. Fourie die nek en die rante aan weerskante daarvan laat beset. Die Generaal het 1,200 tot 1,300 man onder hom gehad om die nek mee te verdedig. 59)

Allemansnek lê in die Versamelberg, wat 'n uitloper van die Drakensberg is en noord-weswaarts uitskiet. Dit vorm 'n natuurlike stelling en daar is geen ander deurgang (as deur

57) Janson: a. w., bl. 14 - 15 ; Van Rensburg : a. w., bl. 13 - 14 ; Amery : a. w., vol. IV, bl. 186 ; Knox : a. w. bl. 285 ; "The Journal", Grahamstad, 11 Junie 1900 ; "De Zuid-Afrikaan", 12 Junie 1900 ; Preller-versameling, band 88, lêer 168, bl. 163 : Verklaring van J. H. Grobler.

58) Janson : a. w., bl. 15 - 16.

59) Leyds-argief, band 749 (b) : Telegram H. I. D. aan wnd. Komdt.-Genl. dd. 10 Junie 1900.

as deur die poort of nek nie. 59a) Genl. Fourie het die berg aan elke kant van die nek vir omtrent drie-en-'n-half myl beset. Hy het met 'n deel van die Lydenburgers en 'n deel van die Carolina-burgers in die nek self stelling ingeneem. Die res van die Carolina-burgers was aan sy linkerkant, terwyl die orige Lydenburgers aan die regterkant van die nek posisie ingeneem het. 60)

Die Boere-bevelvoerders was nie seker watter moete genl. Buller van Bothaspas af sou volg nie. Daar was die moontlikheid dat hy met Kliprivier kon aftrek in die rigting van Standerton en sodoende die versperring by Allemansnek omvleuel. Om dit te voorkom het die Staatspresident aanbeveel dat die nek op die plaas Rusthoek, aan genl. Fourie se regterkant, ook beset moes word. 61) Daar kon nie getuienis gevind word dat hierdie aanbeveling uitgevoer is nie. Genl. Chris Botha het intussen 250 man as versterking gestuur en die Standertonse kommandant beveel om so gou as moontlik 'n verdere 200 man te stuur, aangesien al die Standertonners by die huis was. 62) Die Standertonse kommandant het vinnig gereageer maar kon nie sy kommando vinnig genoeg bymekaar kry om by Allemansnek te gaan help nie aangesien hulle eers die oggend van die 10de van Standerton af vertrek het. 63)

Genl. Buller het op die 9de sy leër by Bothaspas die berg uitgebring en die volgende dag agter genl. Fourie
(aan na

60) Van Rensburg : a. w., bl. 14 - 15.

61) Leyds-argief, band 749 (b) : Telegram H. I. D. aan wmd. Komdt.-Genl. dd. 9 Junie 1900.

62) Ibid, band 749 (b) : Telegram H. I. D. aan wmd. Komdt.-Genl. dd. 10 Junie 1900. Dit is 'n weergawe van 'n telegram wat asst.-genl. Erasmus aan die Staatspresident gestuur het.

63) Ibid, band 749 (b) : Telegram Komdt. Standerton aan asst.-komdt.-genl. Chris Botha dd. 10 Junie 1900.

59a) Sien kaart teenoor bl. 90.

aan na Allemansnek vertrek. By Gansvlei, die grens tussen Transvaal en die Vrystaat, is sy voorhoede deur genl. Fourie se agterhoede aangeval. Daar het 'n vinnige verwisseling van geweervuur op vyftig tree afstand plaasgevind en eers nadat die Engelse versterkings gekry het, moes die Boere die wyk neem met die verlies van 8 gesneuweldes en 12 gewondes. Die Engelse verliese was 6 gedood en 8 gewond.⁶⁴⁾ Die nag het genl. Buller by die samevloeiing van Gansvlei en Kliprivier gekampeer.

Slag van Die oggend van 11 Junie het genl. Buller sy
Allemansnek magte laat opruk tot omtrent 5,000 tree van die nek af, waar hy sy kanonne opgestel en die Boerestellings onder vuur geneem het. Genl. Fourie het met sy enigste groot Creusot-kanon geantwoord, maar hierdie kanon sowel as sy maksim is vroeg in die geveg tot swye gebring deur die Engelse oormag aan artillerie. Die Engelse infanterie het die hele dag tot sonder aangeval, maar moes herhaalde male die wyk neem voor die dodelike geweervuur van die burgers wat in goeie stellings was, terwyl die Engelse oor 'n oop terrein moes storm. Die Engelse artillerie het hulle werk gedoen en ten spyte van swaar verliese het hulle oormag aan infanterie steeds nadergekom en die Boere probeer verdryf. Dit het duidelik geword dat genl. Fourie nie die nek sou kon hou nie en teen laat middag het hy so lank die kanonne laat terugtrek. Teen donker het die Generaal sy stellings ontruim met 'n verlies van 4 gesneuweldes en 'n klompie gewondes. F. D. Maree van Carolina was een van die gesneuweldes. Die Engelse het 'n totale ongevallelyk van 142 dooies en gewondes gehad.⁶⁵⁾

(Genl. Fourie)

64) Janson : a. w., bl. 16; Amery : a. w., vol. IV, bl. 189.

65) Janson : a. w., bl. 16; Van Rensburg : a. w., bl. 15 - 16 ; Amery : a. w., vol. IV, bl. 190.

Genl. Fourie het die nag teruggeval na Sandspruit waar die burgers die volgende dag deur 'n sekere Lombard namens die Regering toegesprek en moed ingepraat is. ⁶⁶⁾

Buller bereik die spoorweg Later die dag het genl. Buller die spoorweg omtrent vier myl van Volksrust af bereik. Hy was egter te laat om die Boere-magte van Laingsnek af te sny want terwyl die slag van Allemansnek aan die gang was, het hulle reeds begin om hulle kanonne te vervoer ten einde nie afgesny te word nie. ⁶⁷⁾

Konklusie Hiermee eindig die Natalse tydperk van die oorlog. Dit was maar net agt maande nadat die Boere vol moed Natal toe is en hoe het die omstandighede nie verander nie ! Daar was die dae van glorieryke oorwinnings by Colenso en Spioenkop maar ook dae van diepe teleurstelling by Pietersheuwel en die wanordelike terugtog daarna. Die Boer het sy man gestaan en roemryke heldedade is verrig maar hy moes uiteindelik wyk voor die vyand wat hom in getalle en toerusting ver oortref het.

Die oorlogstoestand was nou uiters ongunstig vir die Boere. Die Vrystaat was platgerol deur die vyand terwyl Johannesburg en Pretoria ook reeds in sy hande was. Behalwe vir die spoorweg na Delagoabaai, was die verbindings met al die hawens in Engelse hande. Waar die inisiatief agt maande tevore in die hande van die Boere was, het dit nou oorgegaan in die hande van hulle vyande en was die Boere op die verdediging teruggedring. Geen wonder dus dat sommige burgers begin moedeloos word het nie.

66) Van Rensburg : a. w., bl. 16.

67) Leyds-argief, band 749 (b) : Telegram genl. Chris Botha aan asst.-komdt.-genl. Erasmus dd. 11 Junie 1900.

H O O F S T U K V

TERUG IN TRANSVAAL

a) Van Sandspruit na Carolina

Nadat Allemansnek op 11 Junie 1900 in Engelse hande geval het, was die Boere finaal uit Natal gedryf. Genl. Buller se moeilike Natalse veldtog was agter die rug. Waar Natal met sy berge en heuwels nog natuurlike stellings gebied het waardeur 'n handjievool Boere 'n oormag van hulle vyand die hoof kon bied, was hulle nou op die kaal hoëveld. Die reeks terugslae van Pietersheuvel, Biggarsberg, Bothaspas en Allemansnek het 'n uiters ontmoedigende uitwerking op die burgers gehad. Die wil om verder te veg het by baie ontbreek en van toe af het die treurige toestand hom voorgedoen dat burgers vrywillig die wapen gaan neerlê het.

Die Boere wat Laingsnek beset het, sou na die slag van Allemansnek die vyand in die rug gehad het, as Buller nie so stadig was om die spoorweg wes van Volksrust te bereik nie. Hierdeur het hy die Boere die kans gegee om te ontsnap en Laingsnek het in Engelse hande geval sonder dat daar 'n skoot geskiet is. Op die 12de is Volksrust deur 'n patroillie van Buller ingeneem en Charlestown beset. Die spoorweg van Volksrust na Johannesburg moes dus nog deur Buller verower word om te kon verenig met die magte van lord Roberts wat reeds Johannesburg en Pretoria in besit gehad het. 'n Mens sou dus natuurliker wys verwag dat die verowering van daardie spoorweg sy volgende stap sou wees.

Wakkerstroom Om sy regterflank te beveilig het genl. Buller toe eers Wakkerstroom laat beset. 1)

beset

1) Amery : a. w., vol. IV, bl. 194 e. v.

Landdros Kleynhans het die dorp aan die Engelse oorgegee en hom daarna beywer om ander oor te haal om die wapens neer te lê. Hy het die Wakkerstroomse offisiere besoek om hulle te probeer ompraat en hulle het hom toegelaat om ongehinderd na die Engelse terug te keer. Aan sommige burgers het hy briewe geskryf ten einde hulle om te praat. Die gevolg van sy optrede was dat 'n hele klomp Wakkerstromers moedeloos geword en gaan oorgee het. 2)

Carolina-kommando Van Sandspruit af is generaal Fourie
by Skulpspruit met die Carolina-burgers en Lydenburgers na Skulpspruit in die nabyheid van Ouhoutsnek, omtrent vier myl noord-noord-oos van Volksrust. 3) Hierdie kommando van genl. Fourie het uit 170 Carolina-burgers en 200 Lydenburgers bestaan. 4) Die Generaal het gevrees dat die Engelse uit Wakkerstroom sou probeer om die Boere op hulle linkerflank aan te val en so in die noute te dryf. Ten einde dit te verhoed, is komdt. Prinsloo met 100 man in die rigting van Wakkerstroom gestuur om in samewerking met die kommando's van Piet Retief en Vryheid so 'n flankaanval van die vyand te verhoed. Die verwagte aanval het egter nie plaasgevind nie en na 'n paar dae het komdt. Prinsloo na Skulpspruit teruggekeer. 5)

Engelse beset Kort hierna het genl. Buller probeer om
Ouhoutsnek Volksrust teen Boere-aanvalle te beveilig deur genl. Fourie se kommando uit die rante noord daarvan te verdryf. Hy het dus 'n aanval op Ouhoutsnek gemaak.
(Hoewel die

-
- 2) Leyds-argief, band 749 (c) : Telegram asst.-genl. Fourie aan wnd. Komdt.-Genl. dd. 20 Junie 1900; Ibid, band 749 (c) : Telegram asst.-komdt.-genl. Fourie aan wnd. komdt.-genl. Louis Botha dd. 22 Junie 1900 ; Ibid, band 749 (d) : Telegram komdt. Prinsloo aan Staatspresident dd. 24 Junie 1900 ; Amery : a. w., vol. IV, bl. 398.
- 3) Van Rensburg : a. w., bl. 16.
- 4) Leyds-argief, band 749 (b) : Telegram Chris Botha aan wnd. komdt.-genl. Botha dd. 13 Junie 1900.
- 5) Van Rensburg : a. w., bl. 16 e. v.

Hoewel die burgers ook met die kleingewere aan die geveg deelgeneem het, was dit hoofsaaklik 'n kanongevog waarin die Engelse beter daaraan toe was. Die gevolg was dat genl. Fourie die wyk moes neem tot in die nabyheid van Amersfoort. Die Engelse het Ouhoutsnek beset en hulle kanonne daar geplaas. 6)

Krygsraad naby
Amersfoort

Intussen is daar op die 14de Junie 'n krygsraad naby Amersfoort gehou waarop benewens genl. Fourie, ook genl. Chris Botha, komdt. Prinsloo en komdt. David Schoeman teenwoordig was. Hulle het hier besluit om die Regering te versoek om die klompie Pretoriane en Soutpansbergers wat nog nie weggeloop het nie, na Pretoria terug te stuur. 'n Groot probleem wat die Krygsraad moes oplos was die kwessie van die voetgangers. 'n Hele aantal van Carolina en Lydenburg se burgers was sonder perde en op die waens aangewys vir hulle vervoer. Die oorlog het destyds reeds 'n fase bereik waar die kommando's baie beweeglik moes wees. Daar was nie meer sprake van stellinggevegte nie, want die burgers was te min om dit teen die Engelse te waag. Die burgers wat dus nie perde gehad het nie, kon op kritieke tye 'n las vir hulle makkers wees. Hierdie omstandighede was seker in die offisiere se gedagtes toe hulle op die krygsraad besluit het om die Regering te vra of die voetgangers nie by Pretoria beter gebruik kon word nie en indien wel, of hulle nie daartoe gestuur kon word nie. 7)

(Lord Roberts)

6) Ibid, bl. 17 ; Sien kaart teenoor bl. 90.

7) Leyds-argief, band 749 (b) : Telegram van Staatspresident aan wnd. Komdt.-Genl. dd. 15 Junie 1900. In hierdie telegram deel die Staatspresident aan die wnd. Komdt.-Genl. mee dat hy 'n telegram met genoemde versoek van kommandante Schoeman en Prinsloo ontvang het.

Lord Roberts het intussen Pretoria in sy hande gehad en besluit om met die spoorweg na Delagoabaai op te ruk. Genl. Louis Botha het alles in die werk gestel om dit te verhoed en gedurende die tweede week van Junie het die kwaai gevegte by Donkerhoek, oos van Pretoria, gevolg. Die krygsraad naby Amersfoort was seker op hoogte van sake en het gemeen dat voetgangers van meer nut vir genl. Louis Botha sou wees as vir hulle. Die Kommandant-Generaal het egter beslis dat die voetgangers by hulle kommando's moes bly.

Genl. Chris Botha is kort tevore van Moolmansnek af verdryf en het ook met sy kommando by Graskop gestaan waar hy dus in noue voeling met genl. Fourie was. In 'n telegram aan genl. Louis Botha het hy gekla dat sy trekdiere so maer was dat hulle moeilik die kanonne kon trek en derhalwe het hy aanbeveel dat 'n deel van sy kanonne onder genl. Fourie se sorg geplaas moes word om nie binne bereik van die vyand te wees nie. 8)

Dit was in die hartjie van die winter en hierdie deel van die hoëveld is bekend vir sy snerpande koue. Die weiveld is nie veel werd gedurende die droë wintermaande nie en dit is te verstaan dat die trekosse en perde, blootgestel aan honger en koue, in 'n swak toestand sou wees.

Daar is aan genl. Chris Botha se wense voldoen en genl. Fourie het die kanonne onder sy sorg geneem. Hy het in die rigting van Ermelo na die plaas Rolfontein versit en die Engelse kon dus nie met 'n verrassingsaanval die kosbare kanonne buit nie. 9)

(Die ontberings

-
- 8) Ibid, band 749 (b) : Telegram Chris Botha aan wnd.Komdt.-Genl. dd. 15 Junie 1900. Die telegram is reeds op die 14de uitgeskryf maar op die 15de eers weggestuur.
- 9) Ibid, band 749 (c) : Telegram wnd. asst.-genl. Joubert aan wnd. komdt.-genl. Botha dd. 18 Junie 1900; Ibid, band 749 (c) : Telegram Staatspresident aan wnd. komdt.-genl. Botha dd. 19 Junie 1900.

Kommando se kos
en geld gedaan

Die ontberings wat die burgers as gevolg van die bitter koue moes deurmaak

is vererger deurdad hulle kos en geld gedaan geraak het.

Op 18 Junie het genl. Fourie aan die Staatspresident laat weet dat die burgers van Lydenburg, Carolina en Middelburg gebrek gely het aan voedsel. Daar was niks om te koop nie en boonop was die kommando sonder geld. ¹⁰⁾ Nog dieselfde dag het die Staatspresident aan genl. Fourie laat weet dat hy die vorige week 'n sekere Jan Lombard na genl. Chris Botha gestuur het met £ 2,000 om vir die kommando's te bestee. Die President wou weet of genl. Fourie nie enige tyding oor Lombard gehad het nie. Hy het verder aan die Generaal opdrag gegee om enige voedsel vir die kommando's te kommandeer indien hulle nie geld gehad het om te koop nie. ¹¹⁾ Of Lombard en die geld ooit hulle bestemming bereik het, is nie bekend nie.

Middelburg ver-
trek huis toe

Die Middelburgers wat nog onder genl.

Fourie se bevel was, het bekommerd gevoel oor hulle eie distrik toe dit duidelik geword het dat Roberts die Delagoabaai-spoorweg wou verower. Genl. Fourie het dus moeilikheid met hulle begin ondervind omdat hulle nie meer wou veg nie en gedwing het om huis toe te gaan. Die gevolg was dat die Generaal oor hulle houding aan genl. Louis Botha gerapporteer het. ¹²⁾ Genl. Botha het dit wys geag om die Middelburgers hulle sin te gee en het gevolglik aan genl. Fourie opdrag gegee om hulle huis (toe te

10) Ibid, band 749 (c) : Telegram H. I. D. aan wnd. Komdt.-Genl. dd. 18 Junie 1900. Die telegram meld dat dit 'n afskrif van 'n telegram van asst.-komdt.-genl. Fourie aan die Staatspresident was.

11) Privaat-versameling van lt.-kol. J. C. Fourie : Afskrif van telegram van Staatspresident aan genl. Fourie dd. 18 Junie 1900. Die oorspronklike telegram kon ongelukkig nie gevind word nie.

12) Leyds-argief, band 749 (b) : Telegram wnd. asst.-komdt.-genl. Fourie aan Komdt.-Genl. dd. 16 Junie 1900.

toe te stuur. Terselfdertyd het hy besluit om die Erme-
loërs en Standertonners na hulle eie distrikte terug te
stuur en onder genl. Fourie se bevel te plaas. ¹³⁾ Hier-
op het genl. Fourie die Middelburgers opdrag gegee om na
hulle distrik te vertrek. ¹⁴⁾

Buller trek op Genl. Buller het van Lord Roberts opdrag
na Standerton gekry om die spoorweg van Volksrust na
Johannesburg te verower en op 19 Junie het hy met 'n groot
mag van Sandspruit af vertrek. ¹⁵⁾ Die Boere-opperbevel
was hieroor baie bekommerd, want dit sou alle verbinding
tussen die twee Republieke afsny. Dus is daar inderhaas
planne beraam om die Engelse voor te keer en te verhinder
om Standerton te bereik. Genl. Fourie het van die Staats-
president opdrag gekry om dadelik op te ruk en die vyand
aan te val met al die magte tot sy beskikking, terwyl die
Standertonners opdrag gekry het om die vyand van voor af
aan te val. Die President het verder aan die hand gedoen .
dat genl. Fourie die spoorweg oos van Paardekop moes op-
breek om sodoende die vyand te vertraag. ¹⁶⁾ Genl. Louis
Botha het weer aan die hand gedoen dat genl. Fourie die vy-
and van agter moes aanval en hulle laer moes probeer ver-
brand. ¹⁷⁾

(Die oggend)

- 13) Privaat-versameling van lt.-kol. Fourie : Afskrif van telegram van wnd. Komdt.-Genl. aan genl. Fourie dd. 19 Junie 1900 ; Leyds-argief, band 753, deel II : Telegram wnd. Komdt.-Genl. aan asst.-genl. Fourie deur Landdrost Ermelo dd. 20 Junie 1900 ; Ibid, band 753, deel II : Telegram wnd. Komdt.-Genl. aan asst.-genl. Fourie dd. 21 Junie 1900.
- 14) Leyds-argief, band 749 (c) : Telegram asst.-komdt.-genl. Fourie aan wnd. komdt.-genl. Louis Botha dd. 22 Junie 1900.
- 15) Amery : a. w., vol. IV, bl. 399.
- 16) Leyds-argief, band 749 (c) : Telegram H. I. D. aan wnd. Komdt.-Genl. dd. 21 Junie 1900. Dis 'n afskrif van 'n telegram wat die Staatspresident aan genls. Fourie en Joubert gestuur het.
- 17) Ibid, band 753, deel II : Telegram wnd. Komdt.-Genl. aan asst.-genl. Fourie dd. 21 Junie 1900.

Die oggend van 21 Junie sou 'n trein van Standerton af vertrek met ingenieur Swemmer en sy personeel, voorsien van gereedskap en dinamiet om die spoorweg te gaan verniel, waar genl. Fourie dit sou goeddink. ¹⁸⁾ Of hierdie trein ooit vertrek het, gesien die vinnige vordering van die vyand, is nie bekend nie. Hierdie maatreëls sou in elk geval te laat wees om die vyand by Paardekop voor te keer, want op daardie dag was Paardekop reeds in vyandelike hande.

Genl. J. A. Joubert het intussen met 'n klompie Wakkerstromers probeer om die vyand se opmars te vertraag, maar die oormag was te groot en die Generaal moes op versterkings wag. ¹⁹⁾ Genl. Fourie is deur die Kommandant-Generaal opgedra om genl. Joubert te gaan help. ²⁰⁾ Die Carolina-burgers en die Lydenburgers wat op daardie tydstip onder genl. Fourie se bevel was, was ongeveer 500 man, van wie sommige voetgangers was en dus nie in staat om aan 'n aanval op die vyand deel te neem nie. Weens die swak toestand van die trekdier moes die Generaal sy grofgeskut wegstuur om by beter weivelde vir die diere te kom en terselfdertyd die kanonne buite bereik van die vyand te hou. Hy het net twee kanonne en twee meksims by hom gehou. ²¹⁾

Genl. Fourie het toe moeilikheid met die Lydenburgers gekry, aangesien die meeste van hulle nie aan die aanval op die vyand wou deelneem nie. ²²⁾ Daarop het hy met
(150 Carolina-

18) Privaat-versameling van lt.-kol. J. C. Fourie : Afskrif van telegram van Landdroes van Standerton aan genl. Fourie dd. 20 Junie 1900.

19) Leyds-argief, band 749 (d) : Telegram H. I. D. aan wnd. Komdt.-Genl. dd. 23 Junie 1900.

20) Ibid, band 753, deel II; Telegram wnd. Komdt.-Genl. aan asst.-genl. Fourie dd. 20 Junie 1900.

21) Ibid, band 749 (c) : Telegram asst.-genl. Fourie aan Komdt.-Genl. dd. 20 Junie 1900.

22) Ibid, band 749 (d) : Telegram H. I. D. aan wnd. Komdt.-Genl. dd. 24 Junie 1900.

150 Carolina-burgers en 40 Lydenburgers na Paardekop opgeruk en op die 23ste by genl. Joubert aangesluit. ²³⁾ Dit is nie bekend hoeveel man onder genl. Joubert was nie, maar die gesamentlike kommando van die twee Generaals was maar klein. ²⁴⁾ Die Standertonners en Ermeloërs wat deur genl. Louis Botha na genl. Fourie gestuur is, het toe nog nie daar aangekom nie en daar het dus min hoop op sukses teen die getalsterkere vyand bestaan. ²⁵⁾

Platrand-slag Waarskynlik was die Engelse mag by Paardekop te sterk, want genl. Fourie het besluit om die vyand op Strydkraal naby Platrandstasie, sowat 14 myl wes van Paardekop, te gaan aanval. Die burgers het goeie stellings in die rooi rantjies ingeneem en die geveg het omtrent tienuur die oggend van 24 Junie 'n aanvang geneem. Die Engelse het hulle gepeper met bomme en herhaalde stormlope uitgevoer, maar die burgers het hulle elke keer teruggeskiet. Kort voor sonder was die burgers egter genoodsaak om die wyk te neem en is tot donker deur omtrent 400 kavaleriste agtervolg. Franklin, 'n Oostenryker wat saam met die Carolina-kommando geveg het, het dié dag gesneuwel. terwyl Stoltz van wyk III 'n skoot deur die kop gekry het. Hy is deur een van sy maats voor oor die perd gegooi en uitgebring terwyl hy aanhoudend gekerm het. Dieselfde nag is hy oorlede en op die plaas van 'n sekere Last begrawe. ²⁶⁾

(Hierna het

-
- 23) Ibid, band 749 (d) : Telegram H. I. D. aan wnd. Komdt.-Genl. dd. 23 Junie 1900 ; Ibid, band 749 (d): Telegram wnd. asst.-genl. J. A. Joubert aan komdt.-genl. L. Botha dd. 24 Junie 1900 ; Ibid, band 749 (d) : Telegram asst.-genl. Fourie aan komdt.-genl. Louis Botha dd. 24 Junie 1900.
- 24) Ibid, band 749 (d) : Telegram H. I. D. aan wnd. Komdt.-Genl. dd. 24 Junie 1900.
- 25) Ibid, band 749 (d) : Telegram asst.-genl. Fourie naby Paardekop aan komdt.-genl. Louis Botha dd. 24 Junie 1900. Hierdie telegram is per rapportryer na Ermelo geneem om versend te word en is dus seker al die vorige dag deur die Generaal uitgeskryf.
- 26) Van Rensburg : a. w., bl. 17 e. v. Die datum word hier

Hierna het die Carolina-kommando na die omgewing van Amersfoort getrek. Die hele kommando was hier byme-
kaar en omtrent 300 man sterk. ²⁷⁾ Die offisiere het die
verskillende kommando's nou soos volg geplaas : Ermelo-,
Piet Retief- en Swasieland-kommando het die rante by Ou-
houtsnek beset, terwyl Lydenburg-, Wakkerstroom-, Caroli-
na en Standerton-kommando in die rante by Graskop en Graskop was. Tesame was daar omtrent 1700 burgers byeen. ²⁸⁾

Amersfoort Die verskillende kommando's wat nou hier noord van Volksrust en Sandspruit gelê het, het die lewe baie moeilik vir die vyand gemaak. Herhaalde strooptogte op die spoorweg is onderneem en die telefoondrade is geknip. Die gevolg was dat maj.-genl. Hildyard aan wie die verdediging van die spoorweg opgedra was, besluit het om die Boere uit die Graskop-omgewing te verdryf. Op 28 Junie het hy vir genl. Coke gestuur om die rante by Graskop van die Boere te gaan skoon maak en, indien moontlik, Amersfoort te verower. Hy het 'n sterk mag infanterie en tien kanonne gehad, terwyl sy linkerflank deur kavalerie gedek was. Hy het daarin geslaag om 'n klompie Boere by Graskop te verdryf, maar die volgende dag is hy deur die Boere suid van Amersfoort gestuit en gedwing om terug te val na Skilpadspruit, waar hy kamp opgeslaan het. ²⁹⁾

(n Jong

as 24 Julie aangegee, maar dit is 'n skryffout en moes 24 Junie gewees het.

27) Ibid, bl. 19.

28) Leyds-argief, band 750 (a) : Telegram H. I. D. aan Staatspresident dd. 1 Julie 1900.

29) Amery : a. w., vol. IV, bl. 399 - 400; Leyds-argief, band 757 : Telegram asst.-komdt.-genl. Chris Botha aan Staatspresident dd. 29 Junie 1900 ; Ibid, band 750 (a) : Telegram wnd. asst.-komdt.-genl. Chris Botha aan wnd. Komdt.-Genl. dd. 30 Junie 1900 ; Pieterse, H. J. C. (Déki) : My tweede Vryheidsoorlog, Herinneringe van P. C. Joubert, Nasionale Pers Beperk, Kaapstad, 1945, bl. 99 - 101, vertel van 'n hewige geveg waarin die Carolina-kommando betrokke was in die omgewing van Amersfoort. Hy noem geen datum nie, maar dit was waarskynlik hierdie slag waarvan hy praat.

'n Jong Steenkamp, pleegseun van David Joubert L. E. V., is lig en een van die artilleriste swaar gewond. Een van die Boere-kanonne is beskadig maar nie onherstelbaar nie en is na Ermelo gestuur om herstel en omgeruil te word met 'n ander een. Die Engelse het „ een aanzienlijk aantal ” 30) dooies en gewondes te betreur gehad en drie van hulle is krygsgevangene geneem. Coke het die volgende dag teruggetrek na Sandspruit en die Boere het weer hulle posisies op die rante by Graskop beset. Hierna het die kommando's voortgegaan om herhaaldelik die spoorweg te verniel en die telefoondrade te knip. 'n Paar keer is daar selfs strooptogte op Paardekop uitgevoer. Die gevolg hiervan was dat genl. Buller hom heeltemal onveilig gevoel het. 31)

Afgesien van die strooptogte wat op die vyandelike verbindings uitgevoer is, het die kommando's nou stil gelê, tot hulle uiteindelik aan die begin van Augustus deur Buller, met sy opmars na Carolina-distrik, verdryf is. Die offisiere is dus baie lastig geval deur burgers wat verlof wou hê. Genl. Fourie was juis vir 'n rukkie huis toe. 32) Komdt. Prinsloo het toe 'n versoek aan die Staatspresident gerig om aan die burgers verlof te mog toestaan. Die President het egter gemeen dat die oorlogstoestand te ernstig was en komdt. Prinsloo se versoek geweier. 33)

Lydenburg en Carolina
vertrek huis toe

Op 20 Julie het die Lydenburg-kommando van Graskop af vertrek om na (hulle distrik..

30) Leyds-argief, band 757 : Telegram asst.-komdt.-genl. Chris Botha aan Staatspresident dd. 29 Junie 1900 ;

31) Amery : a. w., vol. IV, bl. 400-401.

32) Leyds-argief, band 750 (e) : Telegram wnd. asst.-komdt.-genl. Chris Botha aan Regering dd. 19 Julie 1900.

33) Ibid, band 750 (e) : Telegram H. I. D. aan Regering dd. 14 Julie 1900. Hierdie telegram is 'n afskrif van 'n telegram wat die Staatspresident aan komdt. Prinsloo gestuur het.

hulle distrik terug te keer en sou genl. Fourie wat aan die terugkom van sy verlof af was, op Ermelo ontmoet. Hy sou aan hulle verdere instruksies gee en die Generaal sou ook saamgaan tot op Carolina. 34) 'n Deel van die Carolina-kommando onder komdt. Prinsloo het saam met die Lydenburgers vertrek en op 21 Julie was hulle op Carolina terug. 35)

Daar het omtrent 150 Carolina-burgers by Graskop agtergebly. 36) Dit was seker die burgers wat goeie perde gehad het terwyl net die waens en voetgangers saam met komdt. Prinsloo huis toe vertrek het. Hulle sou nog verder aan skermutseling deelneem, maar was nie in een groot slag betrokke nie. Eindelik is hulle, toe Roberts reeds tot op Middelburg gevorder het met sy opmars langs die spoorweg, na hulle eie distrik teruggeroep. Dis nie duidelik wanneer dit was nie, maar dit was kort voor Buller se opmars na Carolina om by Roberts te gaan aansluit. Dus was dit waarskynlik aan die begin van Augustus 1900. 37)

Waar die Carolina-kommando tot hiertoe buite hulle distriksgrense geveg het, het die toestand nou sodanig verander dat die vyand huis en haard bedreig het. Die stryd het nou sy onpersoonlike karakter verloor en dit was 'n kwessie van lewe en dood vir hulle en hulle dierbares. Dit het vir elkeen 'n persoonlike saak geword.

34) Ibid, band 750 (e) : Telegram wnd. asst.-komdt.-genl. Chris Botha aan Regering dd. 19 Julie 1900 ; Ibid, band 750 (e) : Telegram wnd. asst.-komdt.-genl. C. Botha aan Regering dd. 20 Julie 1900.

35) Ibid, band 750 (e) : Telegram komdt. Prinsloo aan Staatssekretaris dd. 21 Julie 1900. Die inhoud van die telegram is nie ter sake nie maar wel die datum en die feit dat die telegram van Carolina af weggestuur is.

36) Ibid, band 750 (e) : Telegram asst.-genl. (Tobias) Smuts aan Regering dd. 22 Julie 1900.

37) Van Rensburg : a. w., bl. 19 - 20.

b) Witrاند

Na die Carolina-kommando se terugkeer na hulle eie distrik, het hulle stellings in die Witrاند aan die Komati gaan inneem. ¹⁾ Die Witrاند is 'n lang rantereeks wat op die plaas Witkloof aan die Komati begin en tussen Machadodorp en Belfast eindig. Aan die ooste- en suidooste kant is dit op plekke steil met klofies, maar bo-op vorm dit 'n plato wat geleidelik ooswaarts daal en soms tot twee myl breed is. Die Boere het die oostelike rand van die plato beset. Op Welgevonden, die plaas van genl. Fourie, was daar 'n klipmuur van omtrent 700 tree lank al op die oostelike rand van die plato gestapel. Die muur het as 'n kampheining gedien en vir die Boere 'n pragtige dekking teen die aanvallende Engelse gebied. Hier was wyk I se stelling, terwyl wyk II meer na regs was en wyk III heel links gelê het. 'n Klompie burgers het die Groblerbrug oor die Komati, op die pad tussen Carolina en Machadodorp, opgepas.

Hierdie stellings in die Witrاند was genl. Louis Botha se uiterste linkerflank van die linie wat hy opgestel het in 'n laaste poging om Roberts se ooswaartse opmars langs die Delagoabaai-spoorweg te stuit. Die Generaal se linie het gestrek van die Witrاند aan die Komati af, by Belfast verby tot in die Steenkampsberg, 'n afstand van meer as veertig myl. ²⁾

Buller vertrek van
Natal-spoorweg af

Teen die einde van Julie 1900 was
lord Roberts reeds in besit van
Middelburg in sy opmars langs die Delagoabaai-spoorweg.

(Hier sou)

1) Van Rensburg : a. w., bl. 20.

2) Preller-versameling, band 28, bl. 283 : Visagie, L. A. : Carolina-kommando, 1899 - 1902 ; Verklaring lt.-kol. J. C. Fourie aan mnr. L. A. Visagie, dd. 27 Augustus 1939 (in my besit).

Hier sou sy magte vir byna 'n maand lê om te konsolideer en voorbereidings vir die groot aanval op genl. Botha se magte te tref. Op 29 Julie het hy aan genl. Buller opdrag gegee om met 'n divisie infanterie met kavalerie van die Natal-spoorweg af op te trek, die gebied tussen die Natal- en Delagoabaai-spoorweë skoon te maak van die Boere en sy regterflank te kom versterk in die finale aanslag op die Boeremagte. Genl. Buller het op 7 Augustus vanuit Paardekop en Meerzicht opgetrek en nie veel weerstand ondervind nie. Nog dieselfde dag het hy Amersfoort na 'n klein gevegte waarin hy 19 gewondes verloor het, ingeneem. Op 11 Augustus het hy Ermelo ingeneem. Genl. Chris Botha wat bevel gevoer het oor die Boeremagte in die suid-oostelike Transvaal, kon alleen maar net vir genl. Buller lastig wees, maar van werklike weerstand teen so 'n oormag was daar nie sprake nie. 3)

Boere-voor-
bereidings

Die plaas Twyfelaar het genl. French, wat gedurende Roberts se afwesigheid na Pretoria die bevelvoerder in Middelburg was, se uiterste regterflank gevorm. Hier van Twyfelaar af het hy gereeld spioene uitgestuur en hulle het daagliks met die patrollies van genl. Fourie in aanraking gekom. 4) Hierdeur het hy die Boere in spanning gehou, want hulle het nie geweet wat sy planne was en waar hy wou aanval nie. Genl. Fourie het gevrees dat die vyand na Carolina toe sou probeer deurbreek en dan sou hy te swak wees om die Engelse te keer. Daarom
(het hy

3) Amery : a.w., vol. IV, bl. 434 e. v.; " Official History ", vol. III, bl. 384 e. v.

4) Leyds-argief, band 751 (a) : Telegram genl. Fourie aan Komdt.-Genl. dd. 5 Aug 1900.

het hy die Kommandant-Generaal om versterking gevra. 5)
 Generaal Botha het dit ingesien en aan die kommando's van
 Heidelberg en Bethal opdrag gegee om met hulle artillerie
 by genl. Fourie en die Carolina-kommando te gaan aansluit.
 6) Dit het dan ook gebeur en twee dae later het die
 Kommandant-Generaal 'n besoek aan hierdie kommando's
 gebring. Hy het aan die kommandante opdrag gegee om sterk
 en betroubare patrollies uit te stuur, ten einde goed op
 die verskillende kampe te spioeneer. 7)

Dit was vir almal duidelik dat 'n groot slag aanstaande was en daarom het die burgers hulle families, wat
 nog orals op die plase was, na veiligheid gebring. 8)
 Dit het des te meer nodig geword, aangesien daar reeds gevalle
 was waar vrouens en kinders deur die Engelse gemo-
 lesteer en uit hulle huise gesit is. 9)

Carolina
ingeneem

Intussen was genl. Buller aan die opruk om met genl. French se magte in aanraking te kom. Op die 14de Augustus het hy vkt. A. J. de Lange se plaas Naudésbank bereik en verder noord-weswaarts in die rigting van Vaalwater getrek. 10)
 Van Naudésbank af het Buller 'n eskadron kavalerie na Carolina gestuur om die dorp in te neem. 11) Hierdie kavalerie het na 'n skermmutseling met omtrent 50 Boere die dorp om drie-uur die middag binnegetrek en die magasyn opgeblaas. Daarna het hulle die
 (regeringskantoor

5) Ibid.

6) Ibid, band 757 : Telegram wnd. Komdt.-Genl. aan asst.-genl. Fourie dd. 5 Aug. 1900.

7) Ibid : Telegram Komdt.-Genl. aan Staatspresident dd. 8 Aug. 1900.

8) Ibid, band 758 (a) : Telegram veggeneraal Fourie aan wnd. Komdt.-Genl. dd. 11 Aug. 1900.

9) Ibid, band 757 : Telegram Komdt.-Genl. aan Staatspresident dd. 13 Aug. 1900.

10) Ibid, band 751 (c) : Telegram genl. (Tobias) Smuts aan Staatspresident dd. 14 Aug. 1900.

11) Ibid : Telegram genl. (Tobias) Smuts aan Staatspresident

regeringskantoor oopgebreek en die pastorie verniel, terwyl die huis van C. Breytenbach en 'n paar ander afgebrand is. Die vrouens in die dorp is gewaarsku dat die dorp gebombardeer sou word indien daar mense gewaar word maar origins is hulle nie gemolesteer nie. 12)

Dieselfde dag het genl. Buller se voorposte in aanraking met French se troepe op Twyfelaar gekom. Die volgende dag het Buller met sy hoofmag na Twyfelaar verskuif en sy tog van byna honderd myl was agter die rug. Roberts het nou sy magte om tot die aanval oor te gaan en die Boere vir eens en vir altyd van die Delagoabaai-spoorweg af te verdryf, bymekaar gehad.

Die aand van die 14de het genl. Botha aan genl. Fourie opdrag gegee om sy kommando's in soveel groepies as moontlik te verdeel en gereed te wees om die vyand enige oomblik te ontmoet. Die Standertonners het terselfdertyd opdrag gekry om na die oorkant van die Komati (suid-oos van genl. Fourie se stellings) te gaan en as 'n reserwe te dien. 13)

Op die middag van die 17de het genl. Fourie aan die Kommandant-Generaal laat weet dat hy nog geen vyand in die rigting van Carolina gewaar het nie, maar dat hulle nog op Twyfelaar was en daarvandaan patrollies uitgestuur het. Hy
(het genl. Botha....

dent en Komdt.-Genl. dd. 14 Aug 1900.

- 12) Ibid : Telegram Hfd. afd. spr. politie aan Staatspresident dd. 16 Aug. 1900 ; ibid, band 758 (a) : Telegram asst.-genl. Fourie aan Komdt.-Genl. dd. 15 Aug. 1900 ; ibid, band 751 (c) : Telegram H. I. D. aan Regering dd. 14 Aug. 1900 ; "The Journal", Grahamstad, 18 Aug. 1900 ; Knox : a. w., bl. 283 ; "Official History", vol. III, bl. 385 ; Die gebou van die Ned. Geref Kerk in Carolina is ook verniel. Sy vloere en die hoeksteen is oopgebreek en die inhoud verwyder. Moontlik het dit nie met hierdie geleentheid plaasgevind nie maar later in die oorlog.
- 13) Leyds-argief, band 753, deel III : Brief komdt.-genl. Louis Botha aan asst.-genl. J. Fourie dd. 14 Aug. 1900. Die Standertonners moes na "die rant bokant Everard" gaan.

het genl. Botha versoek om hom te kom besoek, sodat hulle op grond van sy waarnemings van die vyand, die posisie kon bespreek. ¹⁴⁾ Die volgende dag het die Kommandant-Generaal na genl. Fourie vertrek en die hele toestand breedvoerig met hom bespreek. Dit skyn of genl. Botha besorg was oor sy linkerflank en verwag het dat die Engelse daar sou probeer deurbreek om hom op dié wyse te omvleuel. ¹⁵⁾

Eerste Op die 21ste het Buller na Vanwyksvlei, 'n
botsing paar myl noord van Twyfelaar, getrek. ^{15a)}

Sy voorposte het in die rigting van die Komati beweeg om die Witrand-plato van die westekant af te beset op Witkloof. Hulle het weldra met die Carolina-burgers wat die oostelike rand van die plato beset het, gebots. Die burgers se vuur was so hewig dat selfs die Engelse battery gesukkel het om sy vuur vol te hou. Die geveg het tot agtuur die aand geduur toe die Engelse teruggetrek het met 36 ongevalle. Van die Carolina-burgers is net Coenraad Breytenbach, Jacob Kritzinger en Frederik Brits gewond. Die volgende dag was die Boere nog veglustig en het die Engelse 'n verdere sewe ongevalle besorg eer hulle teen halfdrie die middag teruggeval het. ¹⁶⁾ Die Carolina-kommando het destyds uit onge-
(-veer 250

14) Ibid, band 759 : Brief asst.-genl. Fourie aan komdt.-genl. Louis Botha dd. 17 Aug. 1900.

15) Ibid, band 751 (d) : Telegram Komdt.-Genl. aan veggene-raal Ben Viljoen dd. 18 Aug. 1900 ; Brief in my besit van dr. H. C. M. Fourie aan mnr. L. A. Visagie dd. 22 April 1939.

15a) Sien kaart teenoor bl. 125.

16) Leyds-argief, band 759 : Telegram asst.-genl. J. C. Fourie aan komdt.-genl. Louis Botha dd. 22 Aug. 1900 ; "The Journal", Grahamstad, 25 Aug. 1900 ; "Official History", vol. III, bl. 387 - 388 ; Knox : a. w., bl. 283 ; Creswicke, Louis : South Africa and the Transvaal War, vol. VI, bl. 91 - 92, verklaar " ... a British detached party encountering the enemy, had a very rough time." Sien ook Leyds-argief, band 751 (e) : Telegram Komdt.-Genl. aan Staatspresident dd. 22 Aug. 1900 ; Van Rensburg : a. w. bl. 21.

veer 250 man bestaan. 17)

Tweede
botsing

Genl. Buller het die volgende dag verder noordwaarts getrek, al wes van die Witrand. Sy regterflank sou nog altyd kwesbaar vir genl. Fourie se magte bly. Die middag het Buller sy infanterie gestuur om die plato te beset, terwyl hy meer na die suide 'n afdeling kavalerie gestuur het om die Boere te omvleuel. Die burgers het onverwags hierdie kavalerie hardhandig behandel. Hulle het 'n hewige geweer- en kanonvuur op die Engelse gelos en dit vir hulle so warm gemaak, dat hulle weldra twee kanonne as versterking moes kry. Eers nadat die Engelse verplig was om 'n verdere versterking van vier kanonne in te stoot, het die Boere teruggeval. Van omvleueling deur hierdie kavalerie was daar in elk geval geen sprake meer nie.

Die infanterie het intussen die westelike rand van die Witrand-plato sonder weerstand bestyg. Na hulle bo gekom het, was hulle op 'n plato wat vir omtrent twee myl skuins na die Komati afloop. Die Boere-stellings was aan die oostelike rand van die plato 18) en die aanstormende Engelse het geen dekking gehad nie. Hulle moes gevolglik platval. Versterkings wat van agter af gestuur is, is ook genadeloos deur die goedgeмикte vuur van die burgers afge-maai. Toe die aand begin nader het, het die burgers 'n stormloop uitgevoer en die Engelse was genoodsaak om oor die oop terrein terug te val. Weer was hulle blootgestel aan 'n genadelose vuur wat hulle getalle nog verder uitge-
(-dun het.

17) Leyds-argief, band 751 (e) : Telegram Komdt.-Genl. aan hoofkommandant Pretorius dd. 22 Aug. 1900.

18) Sien eerste paragraaf van hierdie onder-paragraaf op bl. 108.

dun het. Die Engelse ongevalle hier was 74 gedood en gewond, terwyl die totale verliese vir die dag 105 was. 19)

Daardie nag het genl. Buller sy soldate al op die kruin van die plato langs loopgrawe laat grawe. Die Boere agter genl. Fourie se klipmuur en dié wat ander dele van die oostelike plato-rand beset het, kon nie die Engelse skanse vanuit hulle skuilings sien nie. Sommige van die jonger burgers het toe sowat 50 tree na vorentoe skansies van omtrent agtien duim hoog gemaak. Vandaar kon hulle die Engelse loopgrawe goed sien en wanneer die soldate hulle koppe en skouers bokant die loopgrawe uitgesteek het, het die burgers in die voorste skansies hulle maklik geskiet. Die burgers het vir die Engelse onsigbaar gebly want hulle het nooit bo-oor 'n klip of miershoop korrel gevat nie maar wel langs hom verby. Die Carolina-burgers op Welgevonden het die lewe vir die Engelse regterflank met hierdie gevegte baie warm gemaak. 20)

Vir verskeie dae hierna het die Boere en Engelse daar op die Witrand skote gewissel maar daar was nie weer 'n geveg in die volle sin van die woord nie. Die hoofaanval van Roberts sou meer na die noorde verskuif, terwyl genl. Fourie se magte gedurig die flankaanvalle van die vyand afgeweer het. Op die 27ste het die Engelse by Bergendal deurgebreek. Dit was die klimaks van die geveg (en daarna

19) "Official History", vol. III, bl. 388 - 391 ; Knox: a. w., bl. 283; "The Journal", Grahamstad, 28 Aug. 1900, rapporteer dat die verliese bestaan het uit 10 dooies, 46 gewondes en 32 vermistes ; Amery.: a. w., vol. IV, bl. 445 - 447, gee die ongevalle aan as 12 gedood, 61 gewond en 83 vermis.

20) Verklaring in my besit van lt.-kol. J. C. Fourie aan mnr. L. A. Visagie op 27 Aug. 1939 ; "Official History", vol. III, bl. 391 ; Van Rensburg : a. w., bl. 21; Joubert G. J. (Kalbas) : a. w., bl. 12- 15.

en daarna het genl. Botha se magte uitmekaargespat. Twee dae later het die Kommandant-Generaal aan genls. Fourie en Tobias Smuts, asook aan die Kommandant van Bethal, opdrag gegee dat hulle nie op verdere instruksies van hom moes wag vir optrede teen die vyand nie. Hulle moes die vyand aanval waar en wanneer moontlik, terwyl hulle heliograwe op die hoogste punte moes bly om met hom verbinding te soek. ²¹⁾ Hierdie telegram het die tydperk van stelling-gevegte finaal afgesluit en die guerilla-tydperk ingelui.

Lord Roberts sou weldra die hele spoorweg na Komati-poort in sy hande hê en die Republiek was vir goed van die buitewêreld afgesny. Nuwe voorrade was nie meer bekombaar nie en die Boere was vir hulle ammunisie aangewys op buit wat hulle van die vyand gemaak het, terwyl hulle darem nog vir 'n tyd lank hulle eie lewensmiddele op die plase kon kry. Dit was dan ook geen wonder dat Lord Roberts gemeen het dat die oorlog sy einde bereik het nie. Daar het egter nou vir die Engelse 'n baie moeilike tydperk aangebreek. Hulle was in besit van die dorpe en die spoorweë en moes dit gedurig teen die burgers, aan wie die distrikte tussen-in behoort het, verdedig. Tot 'n groot mate was die Engelse nou op die verdediging teruggedring en moes hulle gedurig waaksaam wees teen die onverwagte aanslae van die Boere op die spoorweë en dorpe. Hierdie toestand sou 'n uiterste kraginspanning van die Engelse militêre mag verg en hulle sou uitvind dat dit makliker was om 'n veldslag met 'n oormag te wen, as om met 'n versnipperde leër dorpe en spoorweë op te pas. Hierin sou die Boere se krag lê, waardeur hulle vir nog twee jaar die stryd sou kon volhou.

21) Leyds-argief, band 757 : Telegram Komdt.-Genl. aan asst.-genl. Smuts, Fourie en Komdt. van Heidelberg dd. 29 Aug. 1900.

H O O F S T U K VI

DIE LAASTE FASE

a) Rooihoogte

Na lord Roberts op 27 Augustus 1900 by Bergendal deurgebreek het, is genl. Botha langs die spoorweg af na die laeveld. Die Engelse het met die spoorweg agter hom aangetrek en Machadodorp en Waterval-Boven ingeneem. Die Carolina-kommando het opdrag gekry om by Machadodorp verby te trek na die rante suid van Waterval-Onder. ¹⁾ Hulle het tot op Dwaalheuvel getrek. ²⁾ Hier het hulle van genl. Botha opdrag gekry om die Engelse in die klowe aan te val wanneer hulle die berg wou aftrek. ³⁾ Die Carolina-burgers sou 'n rukkie op Dwaalheuvel vertoef. Toe die Engelse op 30 Augustus na Waterval-Onder afgetrek het, het die Carolina-burgers hulle aangeval en 'n paar ongevallen besorg. ⁴⁾ Van die Standertonners was ook hier saam met hulle. ⁵⁾

Genl. Fourie het op die 31ste vir Jan Grobler L. T. V. (Jan Kwaaiman) na die Kommandant-Generaal met 'n brief gestuur om kanon-ammunisie en patrone te kry. Hy moes ook verneem watter posisies die ander kommando's sou (inneem.

1) Van Rensburg : a. w., bl. 22.

2) Leyds-argief, band 753, deel III : Brief van Komdt.-Genl. aan Staatspresident dd. 29 Aug. 1900 ; ibid, band 758 (c) : Telegram van genl. Viljoen aan Komdt.-Genl. dd. 31 Aug. 1900.

3) Ibid, band 757 : Telegram Komdt.-Genl. aan asst.-genl. Smuts, Fourie en Kommandant Bethal dd. 29 Aug. 1900.

4) Ibid, band 758 (c) : Telegram genl. Viljoen aan Komdt.-Genl. dd. 31 Aug. 1900.

5) Ibid.

inneem. Genl. Fourie wou graag op hoogte met al die reël-
ings wees. 6) Die Kommandant-Generaal was destyds op Nel-
spruit. 7)

Op die 3de September het die Engelse probeer om die
Carolina-burgers uit die rante op hulle regterflank te ver-
dryf, want anders sou hulle nie veilig gevoel het om met
die spoorweg af te trek nie. Die Engelse het stelling in-
geneem in 'n boerewoning en daar het 'n warm geveggie ont-
wikkel. Uiteindelik moes hulle egter die wyk neem voor
die burgers met agterlating van 5 dooies en gewondes en 7
krygsgevangenes. Een van die krygsgevangenes was 'n inwoner
van die distrik wat as gids vir die Engelse opgetree het.
Die Boere het een gesneuwelde verloor. 8)

French trek op Genl. French het op 2 September Macha-
na Carolina dodorp met sy kavalerie verlaat om Ca-
rolina te gaan inneem. Genl. Fourie wou probeer om die
Engelse by die Groblerbrug oor die Komati te stuit en het
van Dwaalheuwel af met die burgers van wyke I en II, sowel
as die Standertonners wat onder sy bevel was, daarheen
vertrek. Die burgers van wyk III het op Dwaalheuwel onder
bevel van wnd. komdt. David Joubert agtergebly. Hulle was
maar ongeveer 70 man, waarvan die helfte voetgangers
was. 9)

(French se

-
- 6) Ibid : Telegram Jan Grobler L. T. V. aan Komdt.-Genl.
dd. 31 Aug. 1900.
- 7) Ibid, band 758 (c) : Telegram genl. Viljoen aan Komdt.-
Genl., Nelspruit dd. 31 Aug. 1900. Die gevolgtrekking
word gemaak op grond van die adres op die telegram.
- 8) Ibid : Telegram genl. Viljoen aan Komdt.-Genl. dd. 5
Sept. 1900; Amery : a. w., vol. IV, bl. 463 e. v.
- 9) Leyds-argief, band 758 (c) : Telegram genl. Viljoen aan
Komdt.-Genl. dd. 5 Sept. 1900 ; ibid, band 758 (d) : Te-
legram genl. Viljoen aan Komdt.-Genl. dd. 7 Sept. 1900.
Dis 'n weergawe van 'n brief van genl. Fourie aan die Kom-
mandant-Generaal wat deur genl. Viljoen onderskep en oor-
gesein is; ibid : Telegram genl. Viljoen aan Komdt.-
Genl. dd. 7 Sept. 1900; Amery : a. w., vol. IV, bl. 463;
Schultz, Karl : Die geveg by Nelshoogte (Die Huisgenoot,
9 April 1937). Vergelyk ook verklaring in my besit van
maj. C. J. Davel.

French se mag was so sterk dat genl. Fourie niks teen hulle kon vermag nie. Op die 5de het hy aan die Kommandant-Generaal geskryf dat die Engelse reeds die Komati oorgetrek en naby Carolina gekampeer het. Hy het verder oor 'n skaarste aan kos en perdevoer gekla. Die perde wat so gedurig aan die beweeg moes bly, het maer geword, want aangesien die lang winter net agter die rug was, het die veld baie min voedingswaarde gehad. Al hierdie omstandighede het seker baie van die burgers moedeloos en traag gemaak, want die Generaal het in sy brief gekla dat die burgers onwillig was om te veg. 10)

Intussen het die klompie man van wyk III onder wnd. komdt. David Joubert 'n moeilike tydjie aan die Engelse besorg. Na hulle die Engelse op die 3de September so bloedig teruggeslaan het, het hulle beter stellings oos van die vorige ingeneem. Op die 7de is hulle weer aangeval. Die vyand is herhaalde male teruggeslaan en op een punt het daar op 'n keer 20 van die vyand gestorm maar die burgers het so akkuraat geskiet, dat net 5 weer kon terugval. Die ander 15 was dood en gewond. Ongelukkig kon daar nie meer getuienis oor hierdie botsing gevind word nie. 11)

Genl. Fourie beset Rooihoogte Die Boere-offisiere was aan die gis oor wat French se planne was, maar die algemene gedagte was dat hy na Barberton sou opruk. Ten einde sy opmars te keer of minstens te vertraag, het
(genl. Fourie)

10) Leyds-argief, band 758 (d) : Telegram van genl. Viljoen aan die Komdt.-Genl. dd. 7 Sept. 1900. Dit is die brief wat genl. Viljoen aan die Kommandant-Generaal oorgesein het, soos in voetnoot 9 hierbo gemeld is.

11) Ibid : Telegram genl. Viljoen aan Komdt.-Genl. dd. 8 September 1900.

genl. Fourie met die klompie Carolina-burgers en die klompie Standertonners onder sy bevel, bygestaan deur 'n deel van die Ermeloërs, posisie by Rooihoogte gaan inneem. Die Generaal het net omtrent 200 man onder sy bevel gehad om hierdie posisies teen French te verdedig. 12) Verder het hy een Krupp-kanon en een Nordenfeldt-bommeksim onder kapt. Grothaus by hom gehad. 13)

French trek op Op 6 September het genl. French Carolina Rooihoogte na bereik en enkele dae daar vertoef om sy opmars na Barberton te organiseer. 14) Teen die 9de was hy gereed en op daardie oggend het hy sy kamp opgebreek en in die rigting van Rooihoogte op die pad na Barberton uitgetrek. 15)

Vir die

-
- 12) Ibid, band 751 : Telegram H. I. D. aan Pres. Kruger dd. 1 Sept. 1900. Die 1 September is 'n skryffout en moet 10 September wees want op 1 September was genl. French nog op Machadoorp en genl. Fourie op Dwaalheuwel. Dan word hier ook van 2,000 man gepraat wat onmoontlik is en seker 200 moet wees. Genl. Fourie se kommando van Carolina-burgers en Standertonners was so min dat hulle tot hiertoe geen weerstand aan French kon bied nie en die Ermeloërs wat kom help het, was ook net 'n deel van die kommando. Die kommandant van Ermelo met 'n deel van sy kommando was nie daar nie en het op 'n bevel om te gaan help gesit en wag tot die slag reeds verby was (Leyds-argief, band 758 (d) : Telegram komdt. Ermelo aan Komdt.-Genl. dd. 9 September 1900). Baie van die Carolina-burgers was weg om hulle vrouens en kinders na veiligheid te bring, aangesien hulle deur die Engelse patrollies wat die huise begin verniel het, gemolesteer is. Van Rensburg : a. w., bl. 23). Dit alles in aanmerking geneem, maak die getal 200 baie aanneemlik ; Amery : a. w., vol. IV, bl. 470, praat van 500 man oor wie genl. Fourie sou beskik het, terwyl "Official History", vol. III, bl. 414, praat van 600 man met 3 kanonne. Dit wil my voorkom of Amery en die "Official History" genl. Fourie se mag heeltemal oorskat het.
- 13) Schultz, Karl : a. w. ; Leyds-argief, band 758 (d) : Telegram Dr. aan H. T. D. dd. 12 Sept. 1900 ; Van Rensburg, Jacob : Die geveg op Nelshoogte (Die Huisgenoot, 3 Nov. 1939).
- 14) "Official History", vol. III, bl. 412 - 414.
- 15) Leyds-argief, band 758 (d) : Telegram H. T. D. aan Komdt.-Genl. dd. 9 Sept. 1900 ; "Official History", vol. III, bl. 414.

Vir die eerste tien myl uit Carolina het French goed gevorder. Dit was kaal hoëveld waardeur sy gang vergemaklik is en daar was nie die gevaar dat die Boere 'n verrassingsaanval op hom kon maak nie. Omtrent tien myl uit die dorp begin die gebroke veld wat goeie natuurlike stellings aan die verdedigers gebied het. Hier het genl. Fourie hom dan ook ingewag en tot die aanval oorgegaan toe die voorste Engelse hulle verskyning gemaak het. Genl. French het dadelik 'n sterk afdeling kavalerie uitgestuur wat genl. Fourie se linkerflank teruggedruk het. Ten einde nie omsingel te word nie, het die burgers teruggeval na Rooihoogtepas waar hulle goeie posisies in die rante weerskante van die pas ingeneem het. Hierdie nuwe posisies het die voordeel gehad dat dit hulle 'n goeie gesigsveld gebied het, terwyl die burgers self uitstekende dekking teen die Engelse geniet het. Net soos met die eerste botsing het French weer 'n omvleuelingsbeweging probeer uitvoer maar hierdie keer op die Boere se regterflank. Die vuur van die burgers was so hewig dat dit misluk het. Nou het French besluit om sy kanonne in te span en vir twee uur lank het hy 'n hewige bombardement op die Boere-stellings gelos. Toe hy gemeen het dat die bombardement sy werk gedoen het, het hy twee bataljonne infanterie beveel om 'n stormloop op die Boerestellings uit te voer, terwyl hy gelyktydig sy kavalerie ingespan het om genl. Fourie se linkerflank te probeer omvleuel. Onder hierdie verwoede aanval het die burgers se weerstand geleidelik verkrummel, sodat hulle verplig was om onder die aanhoudende bombardement in groepies terug te val. Hoe graag French ook al die vlugtende Boere wou agtervolg om hulle weerstand vir goed te breek, was dit vir die Engelse troepe onmoontlik om naby die Boere te kom.

(Die Boerekanonne ...

Die Boerekanonne het dit verhoed want uit hulle stellings, omtrent vier myl oos daarvandaan, het hulle 'n goedgerigte en vinnige vuur op die Engelse gelos om die burgers se terugtog te dek. So het die geveg tot laat die middag van die 9de geduur en het genl. Fourie se manne daarin geslaag om terug te val tot buite bereik van die vyand. Die nag het hulle verder teruggetrek om weer nuwe stellings te gaan inneem waar hulle die Engelse opmars sou probeer stuit. 16)

Die aand het French op Rooihoogte kamp opgeslaan vir die nag om die volgende oggend sy opmars te hervat. Hy het gedurende die 10de nie weer enige weerstand van die Boere ondervind nie en kon daardie aand naby Badplaas vernag. 17)

b) Nelshoogte

Genl. Fourie met sy manne het teruggetrek tot oorkant die Komati by die Swartrand. Hierdie rand vorm 'n natuurlike stelling wat dwars oor French se roete gelê het. As genl. Fourie oor meer manskappe beskik het, sou hy hier bepaald die lewe vir die vyand baie moeilik kon maak het. Daar het ongelukkig onenigheid tussen genl. Fourie en komdt. Prinsloo ontstaan oor die taktiek wat verder gevolg moes word. Genl. Fourie wou voor die Engelse bly en hulle opmars na Barberton bemoeilik, al kon hy hulle nie stuit nie. Komdt. Prinsloo daarenteen, het gemeen dat hulle te swak was om verder weerstand te bied en lievers tussen die Eng-
(-else moes

16) "Official History", vol. III, bl. 414 e. v. ; Amery : a. w., vol. IV, bl. 469 e. v. ; "The Journal", Grahamstad, 11 Sept. 1900 ; Leyds-argief, band 758 (d) : Telegram Tlg. Warburton aan Komdt.-Genl. dd. 10 Sept. 1900.

17) Leyds-argief, band 758 (d) : Telegram Komdt. Ermelo aan Komdt.-Genl. dd. 10 Sept. 1900.

else moes deursypel en teruggaan Carolina toe. Die twee offisiere se wêreld het voorlopig hier geskei toe komdt. Prinsloo geweier het om verder saam te gaan en besluit het om sy eie kop te volg. Hy is die nag met al die waens en vee weg en die ander kommandomense sou hom eers weer na hulle terugkeer op die hoëveld ontmoet. Hierdeur het 'n klomp vee behoue gebly, maar die verdeeldheid het miskien tog genl. French se taak by Nelshoogte vergemaklik. Gelukkig het omtrent al die manskappe van die Carolina-kommando en ook wnd. komdt. Piet Joubert („Rooi Piet“) met omtrent 70 Ermeloërs by genl. Fourie gebly. Aangesien die Swartrand nie met so 'n klein klompie manne verdedig kon word nie, het die Generaal besluit om dit te ontruim en by Nelshoogte te gaan stelling inneem. 18)

Genl. French het intussen sy opmars ongestoord voortgesit. Op 11 September het hy die Komati deurgetrek en was bly om die Swartrand onbeset te vind. Hy kon dus vinnig vorder en die aand van 11 September aan die voet van Nelshoogte (ook genoem Nelsberg) vernag. 19)

Nelshoogte of Nelsberg vorm 'n deel van die Kaapse berge. Die pad teen die hoogte uit het destyds in die kloof opgeloop tot bo-op die berg en was besonder steil. Op die berg is 'n los kop. Reg teenoor hierdie kop aan die suidekant skiet daar hoë kranse in oostelike rigting. Aan die bopunt van die kloof is die berg besonder steil met
(kleiner

18) Verklaring in my besit van maj. C. J. Davel ; verklaringe van lt.-kol. J. C. Fourie en Jacob van Rensburg aan die Historiese Komitee van Carolina met hulle besoek aan die Swartrand en Nelshoogte. Die verslag van die besoek is ook in my besit.

19) „Official History“, vol. III, bl. 416.

kleiner spitsies bo-op. Op die los kop het genl. Fourie met 'n deel van sy manne posisie ingeneem. Die orige Carolina-burgers en wnd. komdt. Piet Joubert het op die kleiner spitsies gelê.

Op die oggend van die 12de het genl. French sy kanonne aan die voet van die berg opgestel, 'n afstand van omtrent 2,000 tree van genl. Fourie se posisie af. Hier-vandaan het hy die Boere-posisies kwaai begin bombardeer terwyl sy hoofmag die kloof opgetrek het. Dit was so steil dat die perde gelei moes word. Terselfdertyd het hy afdelings kavalerie weerskante van die kloof uitgestuur. Hulle het te perd gery sover as wat hulle kon en toe te voet gestorm. Daar het 'n kort maar hewige geveg ontwikkel. Wel-dra het die Engelse daarin geslaag om genl. Fourie se linkerflank te omvleuel, waarop hy die bevel gegee het om terug te val ten einde omsingeling te voorkom. F. Davel is hier gewond. Die burgers het nou aan die noordekant waar die berg nie baie steil is nie, afgedaal. Hier is Jerrie Smit deur 'n bomskerf wat hom tussen die skouers getrof en heeltemal verlam het, gewond. Jacob van Rensburg en drie ander burgers het hom vir ongeveer drie myl vër op sy kombers gedra. Genl. Fourie het 'n klompie man teruggestuur om die Engelse te gaan probeer verdraag ten einde te verhoed dat die gewonde Smit in hulle hande val. Die Engelse vuur was egter te kwaai en Smit is agter 'n kransie gelaat, terwyl sy helpers met die Moodie-pad die bult uit is. 20) So het die kommando nou na verskillende kante uiteengespat terwyl die

20) Jerrie Smit is hier dood. Volgens verklarings van naturelle wat daar gewoon het, het hulle in opdrag van die Engelse, 'n blanke man wat aan die beskrywing van Smit voldoen, daar begrawe. Die graf kon ten spyte van herhaalde soektogte ongelukkig nie gevind word nie.

terwyl die Engelse koeëls om hulle gefluit het. Nog 'n ongeval hier was Jacob van Rensburg wie se sleutelbeen met die val van sy perd gebreek het.

Genl. Fourie het teruggeval in die rigting van Steynsdorp. Hulle het nou in onherbergsame berge-wêreld beland en voortgesukkel. Die ontberings wat hulle hier moes deurmaak was byna bo-menslik. Die kanonne is teen steiltes af wat normaalweg nie deur iemand aangedurf sal word nie. Uiteindelik het die burgers groepiesgewys op die Carolina-hoëveld teruggekeer, waar die Generaal weer 'n kommando-eenheid kon vorm. 21)

c) Aan die Komati


Kommando Die offisiere het nou besluit om die kommando te verdeel. Wyk III sou in hulle wyk optree, soos hulle trouens nog altyd na die slag van Witrand gedoen het. Hulle was onder bevel van wmd. komdt. David Joubert en vkt. A. J. Viljoen. Wyke I en II was intussen by genl. Fourie en komdt. Prinsloo. 22)

Die burgers van wyke I en II het vir 'n lang tyd aan die Komati in die omgewing van Leliefontein gebly. Hulle het 'n slag goed uitgerus na die vermoedende ondervindings wat hulle na die slag van Witrand deurgemaak het. Die Engelse was in besit van die spoorweg, terwyl die Boere op die plase met rus gelaat is. Terselfdertyd het die Boere die
(Engelse

21) Van Rensburg : a. w. (Die Huisgenoot, 3 Nov. 1939); lt.-kol. J. C. Fourie en Jacob van Rensburg se verklaringe aan die Historiese Komitee van Carolina (In my besit) ; Schultz : a. w. ; Amery : a. w., vol. IV, bl. 470 - 471 ; "Official History", vol. III, bl. 416 ; Stoltz : a. w., bl. 19 e. v.

22) Preller-versameling, band 88, lêer 168, bl. 165 : Verklaring van J. H. Grobler.

Plase aan die Komati



Skaal: - 1 : 250,000

Engelse onveilig laat voel en daarom het hulle net die spoorweg verlaat wanneer hulle dit met 'n sterk mag kon doen. Ten einde veiliger te kon voel, het die Engelse soms uitvalle uit Machadodorp, Belfast en Wonderfontein gedoen in 'n poging om die guerillagroep van die Boere te probeer verdryf. Die burgers was gedurig op hulle hoede teen hierdie uitvalle. Om te verhoed dat die vyand hom en sy mense onverhoeds sou betrap het genl. Fourie sterk wagte op Frischgewaagd en Vanwyksvlei uitgesit. Die verskillende korporaalskappe is uitmekaar geplaas ten einde die voeding van mens en dier te vergemaklik. Sover as moontlik was die burgers in die omgewing van hulle plase, maar die verbrokkeling het nie beteken dat die kommando nie meer 'n eenheid gevorm het nie. Sodra een van die korporaalskappe die vyand gewaar het, is vinnig aan die ander kennis gegee en het die kommando as 'n eenheid opgetree.

Die vrouens was nog op die plase en het die boerdery voortgesit en gesaai en geplant. Dit het ook vir hulle baie beteken dat hulle manskens vir 'n ruk lank by of naby die huis was. 23)

Engelse uitval
uit Belfast

Die nag van 2 Oktober het die Engelse met 'n groot mag 'n uitval uit Belfast gedoen. Hulle linkervleuel het op Frischgewaagd afgetrek en die regtervleuel op Vanwyksvlei. Dit was 'n reënryge nag en baie donker, met die gevolg dat die burgers wat daar as voorposte gedien het, in die nabygeleë woonhuise geslaap het. Aangesien hulle vir 'n lang tyd met rus gelaat was, het hulle nie die vyand verwag nie, veral nie in sulke weer (nie.

23) Van Rensburg : a. w., bl. 30 e. v.

nie. Toe dit die môre lig word, het van die burgers op Frischgewaagd Engelse perderuiters op die Witrand gewaar. Die slapendes is gewek en die klompie Engelse is verdryf na hulle hooflaer op Vanwyksvlei. Hermanus Steyn sr. is hier swaar gewond en nog dieselfde dag oorlede.

Op Vanwyksvlei was die burgers intussen in 'n geveg met die Engelse regtervleuel gewikkel. Die burgers van Frischgewaagd kon die geweervuur hoor en is dadelik daarheen om te gaan help. Daar is ook aan genl. Fourie op Leliefontein gerapporteer van die Engelse aanval en hy het dadelik met 100 man na die vegterrein gejaag. Die vyand se perderuiters is na 'n hewige geveg teruggedryf, terwyl die infanterie die agterhoede gevorm en die terugtog van die perderuiters gedek het. Na die perderuiters buite gevaar was, het hulle weer die infanterie se terugtog gedek. In hierdie geveg is 'n paar Engelse gedood en gewond, terwyl 'n paar gevange geneem is. Die res het teruggetrek Belfast toe. Wynand Davel is in die arm gewond en dit was, sover vasgestel kon word, die enigste ongeval aan Boerekant. 24)

French se
dryfjag

In Oktober 1900 wou die Britse bevelvoerders 'n einde maak aan die lastige groepe burgers wat die distrikte tussen die spoorweë beheer en so die lewe vir die Engelse onveilig gemaak het. Die gevolg was dat genl. French opdrag gekry het om 'n groot dryfjag oor die hoëveld te onderneem. Hy moes oor 'n breë front optrek en die gebied van Machadodorp af tot by Heidelberg skoon vee van die Boere. Op 12 Oktober het hy van Machadodorp af met 3,000 kavalerie en 300 infanterie vertrek, terwyl hy 16 Kanonne en 4 bommeleksims ("Pom-poms") met hom
(saamgeneem)

24) Ibid, bl. 31 e. v.

saamgeneem het. Dieselfde dag nog het sy regterflank onder brig.-genl. Mahon tot op die plaas Geluk, net noord van die Boere-voorposte op Vanwyksvlei en Frischgewaagd, gevorder. Vroeg die middag het hy die Boere-voorposte uit hulle posisies verdryf. Dadelik is daar aan genl. Fourie van die groot Engelse mag gerapporteer. Die Generaal het weer in verbinding getree met komdt. Hans Grobler van die Ermelokommando wat ook met 'n klompie man gaan help het. Die twee kommando's saam was nie meer as 500 man nie.

Gedurende die nag van 12 op 13 Oktober het genl. Fourie in die Witrand posisie ingeneem. Dit was dieselfde reeks waar hulle die vorige Augustusmaand die Engelse aanslag met soveel sukses afgeslaan het. Kapt. Grothaus het links van die burgers met 'n Krupp en 'n bommeksim goeie stellings ingeneem. Toe dit die oggend van die 13de net goed lig was, het hy die Engelse kamp onder die bomme gestek. Gelyktydig hiermee het die burgers 'n hewige geweervuur op die Engelse gelos. Die Engelse kanonne het dadelik tot die stryd toegetree maar was te ver om doeltreffend te wees. Toe hulle dit gewaar het, het hulle probeer om een kanon nader te bring. Dadelik het die burgers hulle vuur op daardie kanon se bemanning gekonsentreer en soveel van hulle platgeskiet dat die poging laat vaar moes word. Hierna het Mahon met agterlating van 'n aansienlike aantal ongevallen na die spoorweg teruggevlug. Hy moes ook 'n ammunisielawa agterlaat en die burgers kon hulleself 'n slag goed help aan die broodnodige patrone. Jacob Smit (die latere eienaar van die plaas Geluk) is hier skrams aan die kop gewond. 25)

(Genl. French

25) Amery : a. w., vol. V, bl. 48, beweer dat genl. Tobias Smuts met 1,000 man die Engelse regterflank aangeval het. Behalwe dat genl. Tobias Smuts nie daar was nie, is die genoemde syfer erg oordrewe; vgl. Van Rensburg: a. w., bl. 36 e. v.

Genl. French het versterkings aan sy geteisterde regterflank gestuur, waarop die burgers moes terugval. Die Engelse het toe hulle opmars hervat en op die 15de Carolina beset. Daar het hulle tot die oggend van die 16de gebly. 26)

d) Chrissiesmeer

Die burgers het intussen teruggeval tot in die omgewing van Chrissiesmeer ("Lake Chrissie"). Op die oggend van die 16de het die spioene die berig gebring dat die Engelse van Carolina af met die pad na Chrissiesmeer aan die optrek was. Die Boere het dadelik die pakperde opgesaal en in 'n oostelike rigting weggestuur om buite gevaar te wees. Genl. Fourie het intussen die burgers opdrag gegee om op te saal en hulle het die Engelse tegemoet getrek. Die Generaal en komdt. Prinsloo het reg op die Engelse afgestorm, terwyl vkt. A. J. de Lange met 25 man regs om gestuur is om die Engelse linkerflank besig te hou. Terwyl die burgers stormgejaag het, het kapt. Grothaus 'n hewige kanonvuur op die vyand gelos. Dit was 'n taamlike oop terrein en 'n mens verbaas jou dat nie een van die burgers gesneuwel het nie. Die vyand was totaal verras en het op die vlug geslaan met 'n verlies van 30 man, terwyl die burgers 40 perde buitgemaak het. Genl. French was genoodsaak om met sy hoofmag meer na oos te swenk op die pad na Ermelo, terwyl hy aanhoudend deur die Carolina-burgers van agter af lastig geval is. Op die dwarste en skuins van voor het die Ermeloërs
(weer sy

26) "The Journal", Grahamstad, 18 Oktober 1900 ; Van Rensburg : a. w., bl. 41,

weer sy trek bemoeilik. Eindelik kon hy Ermelo op die 18de bereik.

Dit is moeilik om te begryp waarom genl. French skynbaar so onbeholpe was, terwyl hy tog oor 'n baie groter mag as die klein guerilla-groepies van die Boere beskik het. Moontlik kan dit aan die treurige toestand waarin veral sy trekdiers verkeer het, toegeskryf word. Die veld was in 'n baie swak toestand en hy moes dus noodwendig baie stadig beweeg het. Hierdeur het sy magte 'n maklike skyf vir die beweeglike burgers gevorm. Boonop het die burgers die terrein baie goed geken en kon dus die plekke waar hulle die vyand wou aanval, self uitsoek. 27)

Genl. Fourie ontvang Na hierdie skermutselings het
geld van Komdt.-Genl. die kommando weer na Leliefontein teruggekeer. Aangesien die burgers naby hulle huise was, was hulle redelik goed voorsien van voedsel. Tog het die offisiere geld nodig gehad om noodsaaklike dinge soos slagvee vir die kommando aan te koop. Teen die einde van Oktober het genl. Fourie £ 300 van die Kommandant-Generaal ontvang waarmee in die behoeftes van die kommando voorsien moes word. Dadelik het hy op 27 Oktober aan komdt. Prinsloo £ 100 uitbetaal. 28) Aan vkt. A. J. de Lange van wyk I is die volgende dag 'n bedrag van £15 deur die Generaal uitbetaal, 29) terwyl vkt. W. H. de Villiers (van wyk II

27) Amery : a. w., vol. V, bl. 48 e. v.; Van Rensburg : a. w. bl. 41 e. v. : Maj. W. Davel (Verklaring in my besit) vertel hoe genl. Fourie geen vrees geken het nie. Toe die Generaal afgespring en aangelê het om te skiet, het 'n vyandelike koeël sy geweer se slot getref en dit uit die geweer geruk. Die Generaal het net sy geweer weggegooi, een van 'n gesneuwelde vyand opgetel en voortgeveg; I. Stoltz : a. w., bl. 22 e. v.; Hierdie slag by Chrissiesmeer moet nie met die slag van dieselfde naam van 6 Februarie 1901 toe genl. Botha 'n onverwagte aanval op genl. Smith-Dorrien gemaak het, verwar word nie.

28) Preller-versameling, band 6, bl. 20 : Kwitansie deur komdt. Prinsloo aan genl. Fourie op Leliefontein uitgereik dd. 27 Oktober 1900.

29) Ibid, bl. 21 : Kwitansie deur vkt. A. J. de Lange aan

van wyk II op 5 November £ 10 ontvang het ³⁰⁾ en vkt. A. J. Viljoen van wyk III op dieselfde dag £ 8. ³¹⁾ Twee dae na die Generaal gesneuwel het, het sy seun H. Fourie, wat ook as sy sekretaris opgetree het, die oorblywende £ 162 aan vkt. A. J. de Lange oorhandig, asook 'n kwitansie vir £ 5 wat deur die Generaal bestee maar nie aangeteken is nie. ³²⁾ Met hierdie geld wat van die Kommandant-Generaal ontvang is, het die offisiere allerlei benodighede soos slagvee, perdevoer, mielies, koring, ens. met die loop van tyd vir die kommando aangekoop. ³³⁾

e) Witkloof

Genl. Fourie en komdt. Prinsloo se hoofkwartier was op Leliefontein maar die kommando het verdeel soos tevore. Die Generaal het weer sy voorposte op Frischgewaagd en Vanwyksvlei geplaas om teen vyandelike uitvalle van die spoorweg af te waak. Baie van die burgers was by hulle huise met verlof. Dit was planttyd en die burgers het die rustydjie wat die vyand hulle gebied het, goed gebruik om 'n oes in die grond te kry. Die korporaalskappe wat die

(voorposte

genl. Fourie op Leliefontein uitgereik dd. 28 Okt. 1900.

30) Ibid, bl. 22 : Kwitansie deur vkt. W. H. de Villiers aan genl. Fourie op Leliefontein uitgereik dd. 5 November 1900.

31) Ibid, bl. 23 : Kwitansie deur vkt. A. J. Viljoen aan genl. Fourie op Leliefontein uitgereik dd. 5 Nov. 1900.

32) Ibid, bl. 24 : Kwitansie deur A. J. de Lange aan H. Fourie dd. 9 Nov. en kwitansie deur H. Fourie aan A. J. de Lange dd. 9 Nov. 1900.

Die H. Fourie van wie hier gepraat word, is die latere teoloog en Bybelvertaler dr. H. C. M. Fourie, in die Carolina-kommando algemeen bekend as "Kaas" Fourie, waarskynlik omdat hy voor die oorlog reeds in Holland met sy studies besig was.

33) Ibid, bl. 25 - 36 : Kwitansies aan verskillende persone deur offisiere uitgereik vir produkte en ander benodighede wat vir die kommando aangekoop is.

voorposte moes beman, sou dan ook waarskynlik in dié omgewing gewoon het. Ten spyte dus van genl. French se dryfjag wat pas verby was, het die Engelse gesag nog steeds nie verder as die spoorweg gestrek nie.

Smith-Dorrien se
mislukking van
3 November

Die Engelse het gedurig moeilikheid gehad met groepies burgers wat die spoorweg verniel het en het gemeen

dat as hulle die Boere van die Komati af kon verdryf, hulle van hierdie las ontslae sou wees. Op die aand van 2 November het twee kolonnes onder genl. Smith-Dorrien en lt.-kol. Spens met hierdie doel uit Belfast vertrek. 34) Genl. Smith-Dorrien het oor Bergendal al met die Witrand langs na Frischgewaagd getrek, terwyl lt.-kol. Spens na Vanwyksvlei getrek het. Met hulle vertrek het dit sag gereën, maar weldra het dit oorgesit in 'n stortreën, terwyl 'n koue wind begin waai het.

Teen dagbreek die oggend van die 3de was Smith-Dorrien naby Welgevonden, die plaas van genl. Fourie. 'n Deel van sy mag, nl. die Canadian Mounted Rifles, het in 'n geveg met die burgers gewikkel geraak. Sy hoofmag het opgeruk tot net suid van Vanwyksvlei waar hy met die kolonne van lt.-kol. Spens sou verenig het. Toe Smith-Dorrien die plek nader het hy gekniehalterde perde van die Boere gesien wei en kort daarna het 'n klomp burgers uit die woonhuise na 'n paar skurwe koppies gehardloop en op die Engelse begin vuur. Dit was omtrent halfsewe die oggend. Smith-Dorrien het herhaalde boodskappe na die Canadian Mounted Rifles gestuur

(om hom

34) Smith-Dorrien, General Sir Horace : Memories of forty-eight Years' Service, London, John Murray, 1925, bl. 252 - 254 ; Amery : a. w., vol. V, bl. 50, noem die datum as 1 November, maar genl. Smith-Dorrien se boek is 'n verwerking van sy (Smith-Dorrien se) dagboek en dus aanvaar ons sy datum van 2 November.

om hom te kom help maar hulle was intussen in 'n hewige geveg naby Welgevonden betrokke en kon nie dadelik die Boere afgeskud kry nie. Die terrein daar was baie gebroke en die burgers het al nader aan die Kanadese gekruip en hulle gevoelige verliese toegedien. Eindelik het hulle teen halfagt hulle van die Boere losgewikkel en by Smith-Dorrien gaan aansluit. Gelyktydig hiermee het Spens se kolonne wes van Vanwyksvlei verskyn, terwyl die Engelse transportwaens toe ook drie myl verder op die pad na Belfast hulle verskyning gemaak het.

Die soldate se uniforms was deurweek vanweë die aanhoudende reën en die wind was baie koud. Smith-Dorrien het besef dat 'n verdere aanval op die Boere net vir hom moeilikheid op die hals kon haal en gevolglik het hy besluit om terug te trek. Die Boere het toe sy agterhoede verder aangeval. Die middag om vyfuur was hy op Belfast terug.

Hierdie mislukte poging om die Boere uit die omstreke van die Komati te verdryf het hom 17 ongevälle gekos. Wat die Boere-ongevälle was, is nie bekend nie. Die aanhoudende reën sou hierna vir Smith-Dorrien agt dae lank in sy kamp op Belfast vaskeer.

Smith-Dorrien se
tweede uitval

Om halfvier die oggend van 6 November het Smith-Dorrien weer uit Bel-

fast vertrek met 'n sterk mag van 250 kavalerie, 900 infanterie, 8 kanonne en 'n seksie Vickers-meksims. Hy wou die Boereplase wat as skuilplekke vir die Boere gedien het, gaan verwoes en die twee laers wat volgens sy inligting op Leliefontein en Witkloof gestaan het, gaan oorweldig. Hy het met die pad van Belfast na Carolina oor Eerstelingfontein en Vanwyksvlei getrek.

Omstreeks halfagt die oggend het die Boere hom op

(Eerstelingfontein..

Eerstelingfontein probeer stuit maar moes terugval. Hier-vandaan het hulle voortdurend in aanraking met die Engelse voorhoede en flanke onder lt.-kol. Spens gebly, maar is geleidelik oor Vanwyksvlei tot aan die Komati teruggedryf. Hier het die burgers baie sterk posisies wat van Witkloof af tot op Leliefontein gestrek het, ingeneem. Hulle weerstand was hier so sterk dat Smith-Dorrien se bombardement en frontaanval geen indruk op hulle gemaak het nie. Hy moes oor oop veld aanval en sy soldate baie blootstel aan die burgers se vuur. Vier afdelings het tot op 500 tree gestorm, waar hulle vir meer as drie uur onder die hewige vuur uitgehou het. Twee van sy kanonne moes ook 'n kwaai vuur van omtrent 1400 tree af verduur. Herhaaldelik het hy sy kavalerie gebruik om die Boereflank te probeer vind en omvleuel, maar kon dit nie ontdek nie. Orals was daar Boere voor sy soldate, hoe hy ook al gemanoeuvreer het. Om twee-uur die middag het hy sy kavalerie met kanonne gestuur om die Boere se linkerflank aan te val en te probeer om om hulle te trek. Eindelik slaag hy teen vieruur die middag in sy omvleuelingsbeweging, waarop die Boere vinnig hulle stellings ontruim en oor die Komati getrek het.


Terwyl hierdie geveg aan die gang was, het genl. Fourie sy voorraadwaens in die rigting van Carolina laat trek, pragtig gedek deur die vasberade weerstand van die burgers aan die Komati.

Na die burgers hulle stellings verlaat het, het Smith-Dorrien na hoërgeleë gebied teruggetrek en teen sonder net wes van Leliefontein kamp opgeslaan vir die nag. Sy verliese met hierdie geveg was 6 gedood en 20 gewond. 35)

(Die verliese

35) „Official History”, vol. III, bl. 440 - 441 ; Smith-Dorrien : a. w., bl. 255 - 256 ; Amery : a. w., vol. V, bl. 51 noem die datum as 7 November, maar ons aanvaar Smith-Dorrien se datum van 6 November wat uit sy dagboek geneem is. Sien voetnoot 34.

Slag van Witkloof.



Die verliese van die Boere kon ongelukkig nie vasgestel word nie, maar was seker kleiner omdat hulle baie goeie stellings gehad het teenoor die oop terrein waaroor die Engelse moes aanval.

Boere se planne
vir 7 November

Dié aand is daar deur die offisiere van Carolina en Ermelo krygsraad in die laer op Roodepoort gehou en is besluit om die Engelse die volgende dag aan te val, want die vermoede het bestaan dat hulle sou probeer deurdruk Carolina toe. Die afspraak was dat genl. Fourie en komdt. Prinsloo die Engelse reg van voor sou aanval, terwyl die Ermelo-kommando 'n flankbeweging na links sou uitvoer. 'n Deel van die Carolina-burgers sou onder vkt. A. J. de Lange regs om probeer trek het om Smith-Dorrien se aftog af te sny of minstens te belemmer. 36)

Die oggend van 7 November het die Engelse nie volgens verwagting na Carolina toe probeer deurtrek nie, maar net tot naby die Komati gekom. Hier het hulle teen omtrent halfagt die oggend na links geswaai en al noord van die Komati langs getrek.

Boere
trek op

Vroeg die oggend het genl. Fourie vanaf sy laer op Roodepoort naby Carolina met die burgers van wyk I vertrek. Hulle is deur Boesmanspruit en links van die spruit af tot 'n endjie bokant sy samevloeiing met Vaalwater. 36a) Hier is hulle Vaalwater deur en het toe noord-wes na Witkloof toe geswaai. Komdt. Prinsloo, vergesel van sy adjudant J. C. Fourie jr., het die môre voor sonuit vanaf sy woning op Haverfontein na Kwagafontein vertrek. Hier het hy wyk II se burgers wat op (Barend

36) Preller-versameling, band 28, bl. 285: Visagie : a. w.
36a) Sien kaart teenoor bl. 134.

Barnd van der Merwe se werf geslaap het, gekommandeer om met hom saam te gaan. Hulle is oor Twyfelaar (Burnside) en deur die Komati kort onderkant die samevloeiing van Vaalwater en Boesmanspruit. Hier het hulle eers gaan verken op 'n rooi rantjie oorkant die Komati. Meteens het komdt. Prinsloo gesien dat genl. Fourie met wyk I se burgers reeds storm gejaag het. Daarop het hy die burgers by hom beveel om ook te jaag en by wyk I te gaan aansluit. 37)

Dit was die Boere se plan om die stellings van die vorige dag te gaan beset toe hulle bemerk het dat die Engelse besig was om langs die Komati af te trek. Terwyl hulle met die bult na die Komati afgejaag het, het Smith-Dorrien hulle onder die bomme gestee. Hy het terselfdertyd 'n afdeling ruiters gestuur om 'n strategiese hoogte voor die Boere te gaan beset. Toe dit vir hom gelyk het of die Boere hom regs wou omvleuel, het hy 'n seksie van 'n battery na die hooggeleë gebied op Vanwyksvlei gestuur om daarvandaan 'n bombardement op die Boere te los. Sy voorraadwaens en swaar kanonne het hy solank laat terugtrek met die pad na Belfast. Toe die Boere gesien het dat hy aan die terugtrek was, het hulle sy agterhoede verwoed aangeval. Teen halfelf die môre het die Boere stormgejaag tot op omtrent sewentig tree, terwyl hulle uit die saal op die terugvallende Engelse agterhoede geskiet het.

Genl. Fourie het op die regterflank gejaag, terwyl komdt. Prinsloo omtrent tagtig tree links van hom gejaag het. Aan die bopunt van Wolwelaagte het 'n klompie Engelse (in die

37) Preller-versameling, band 28, bl. 285 : Visagie : a. w.;
G. J. Joubert (Kalbas) : a. w.

in die lang gras van die vlei platgeval om 'n hinderlaag te vorm. Hulle is gou skadeloos gestel en hierna het die agtervolging voortgegaan terwyl die Boere uit die saal op die vluggende Engelse geskiet het. Smith-Dorrien se agterhoede het twee kanonne gehad waarmee hulle die Boere van die lyf gehou het. Die Boere wou hierdie kanonne wat deur die Royal Canadian Dragoons verdedig is, verower. Die Kanadese het hulleself egter opgeoffer om die kanonne in staat te stel om te ontvlug. Dié van hulle wat nie gedood of gewond is nie, is krygsgevangene geneem.

Teen halftwee die middag het die Boere probeer om die kanonne deur 'n finale stormjaag te verower. Hulle het die een kanon byna verower gehad, maar die klompie Kanadese by die kanon het standgehou en sersant Holland in staat gestel om met die kanon uit te jaag.

Genl. Fourie en
komdt. Prinsloo
sneuwel

Met hierdie laaste stormjaag is beide genl. Fourie en komdt. Prinsloo dodelik getref. Bo-op die bult waarteen hulle opgejaag het agter die vluggende Engelse aan, was 'n pannetjie. In hierdie pannetjie het 'n klompie Engelse met 'n meksim 'n hinderlaag teen die aanstormende Boere gevorm. Die meksim het skielik losgetrek op omtrent vyftig tree. Die Generaal het van sy perd afgespring en kon net een skoot skiet voor hy dodelik getref is. Die skoot is by sy mond in, sodat sy twee middelste ondertande uit was, en in die holte agter sy nek uit. Sy nek was af en hy was onmiddellik dood. Komdt. Prinsloo het waarskynlik die hinderlaag gesien, maar te laat. Hy het sy perd ingeruk en dit het gelyk of hy wou afspring, maar met dié het hy die doodskoot gekry en van die perd afgeval. Dit was 'n skramskoot wat bo-op sy kop net deur die skedel gegaan en die

(harsings.....

harsings geraak het. Hy was ook onmiddellik dood.

Hierna is die agtervolging van die vyand gestaak en hulle kon ongehinderd voorttrek en op Blyvooruitzicht gaan kamp opslaan vir die nag, om die volgende dag na Belfast terug te keer. 38)

Dit is moeilik om te bepaal hoe groot die Engelse verliese in hierdie slag was. Van Engelse kant word dit aangegee as 2 gedood, 12 gewond en 16 van die Kanadese krygsgevangenes. Hierdie klein aantal ongevallen word toegeskryf aan die feit dat die Boere uit die saals en gevolglik baie onsekuur geskiet het. 39)

Die Boereverliese was, benewens die twee offisiere, nog vyf gewondes, waaronder Jan Grobler (Jan Baltus) wat gewond is in 'n poging om komdt. Prinsloo te help. Hy het naamlik gemeen dat die Kommandant net gewond was. Die lae ongevalle-syfer moet toegeskryf word aan die feit dat die Engelse op die vlug was toe die Boere hulleself met die stormjaag blootgestel het. 40)

Die kommando was nou herderloos agtergelaat en in diepe rou. Die twee dapper offisiere wat hulle gelei en geïnspireer het in menige botsing met die vyand, was daar nie meer nie. Die burgers was verbysterd. Wat na nog 'n roemryke oorwinning gelyk het, het tot die grootste ramp wat die kommando kon getref het, verander. Menige geharde
(stryder

38) Smith-Dorrien : a. w., bl. 257 - 258 ; "Official History", vol. III, bl. 441 - 442; Preller-versameling, band 28, bl. 285 - 286; Visagie: a. w.; G. J. Joubert (Kalbas) : a. w.; Brief in my besit van J. H. Grobler aan kapt. H. F. Prinsloo dd. 7 November 1926.

39) Smith-Dorrien : a. w., bl. 258; "Official History", vol. III, bl. 442 gee vkt. A. J. de Lange ook as een wat gesneuwel het, maar dit is verkeerd; Amery : a. w., vol. V bl. 52, sê dat die Kanadese alleen 31 ongevallen gehad het.

40) Brief in my besit van J. H. Grobler aan kapt. H. F. Prinsloo dd. 7 Nov. 1926; Preller-versameling, band 4, deel II : Telegram van komdt.-genl. Louis Botha aan asst.-genl. de la Rey dd. 26 Nov. 1900.

stryder wat die dood al soveel kere moes aanskou, het tra-
ne gestort by die lyke van hulle geliefde offisiere, die
dapperstes onder die dapperes.

Die lyke van genl. Fourie en komdt. Prinsloo is na
hulle plase vervoer en die volgende dag in hulle onder-
skeie familiekerkhowe begrawe.

David Joubert L. E. V. 'n Paar dae na die slag is 'n ver-
word kommandant gadering van die kommando op Bon-
nefoi gehou en David Joubert onbestrede tot kommandant van
die Carolina-kommando verkies. Hierdie posisie sou hy tot
aan die einde van die oorlog bekleed. 41)

41) G. J. Joubert : a. w.

H O O F S T U K VII

DIE EINDE

Die slag van Witkloof was die laaste groot botsing wat die Carolina-kommando met die vyand gehad het. Hierna het die burgers in verspreide groepies opgetree, terwyl genl. Louis Botha 'n groep van hulle in sy kommando opgeneem het. Hierdie klompie burgers het saam met genl. Botha aan verskillende botsings met die vyand deelgeneem. Op 7 Januarie 1901 was hulle teenwoordig met die gesamentlike poging van genls. Louis Botha en Ben Viljoen om Belfast te verower. Die aanslag is afgeslaan deur Smith-Dorrien. ¹⁾

Teen die einde van Januarie 1901 het genl. French die eerste groot dryfjag op die hoëveld onderneem. ²⁾ Die Engelse plan was om die hoëveldse kommando's teen die Swasiegrens vas te keer en uit te wis. Terselfdertyd moes die plase verwoes en die vrouens en kinders na konsentrasiekampe verwyder word. Die Engelse poging om die kommando's te vang het misluk. Genl. Botha het in die nag van 5 op 6 Februarie 1901 daarin geslaag om Smith-Dorrien by Chrissiesmeer 'n gevoelige slag toe te dien en uit die omsingeling te ontkom. ³⁾

Die uitwerking van hierdie groot dryfjag was dat sommige burgers moedeloos geword en vrywillig gaan oorgee het. ⁴⁾ Van hierdie wankelmoediges het sommige selfs hulle
(hele

1) Amery : a. w., vol. V, bl. 123 e. v.

2) Ibid, bl. 158 e. v.

3) Ibid, bl. 168 e. v.

4) Ibid, bl. 180 e. v.

hele volksverlede verloën en in diens van die veroveraar getree.

Vrouens na die
konsentrasiekampe

Die verwoesting van die plase het gedurende 1901 voortgegaan. Die vrouens en kinders is na die konsentrasiekampe op Belfast, Middelburg en Barberton vervoer, waar Carolina-distrik die hoë tol van 195 menselewens moes betaal. ⁵⁾ Met die vervoer na die kampe het soms skandelijke voorbeelde van ruwe behandeling voorgekom, waar vrouens soos diere deur soldate te perd aangejaag is. Die huise met alles daarin is verbrand. Die laaghartige optrede van volksverraaiers mag in hierdie verband nie verswyg word nie. So vertel mevrou M. C. Joubert : „ Die waens wat ons moes vervoer, was bo-op die berg en ons moes te voet die berg uit. Hulle het ons aangejaag. Die een hendsopper ⁶⁾ het agter ons op 'n groot wit perd gery en met sy bajonet voor aan sy geweer, het hy gedreig om ons te steek as ons wou rus of water drink. My moeder was blind en sy was 'n gesette vrou. Sy het oor die 300 pond geweeg en sy kon nie loop nie, maar hy het haar gedreig en sy moes." ⁷⁾ Die bergagtige strek in die noordelike deel van die distrik het vir 'n tyd lank skuiling vir voortvlugtige families gebied, maar hulle is, helaas, ook deur die verraiers wat die distrik goed geken het, uitgeruik en kampe toe vervoer. ⁸⁾

In September 1901 het 'n klompie van die Carolinaburgers aan genl. Botha se mislukte inval in Natal deelgeneem.

5) Sien bylaag VII.

6) Die naam word liever verswyg.

7) Verklarings in my besit van mev. M. C. Joubert en Z. J. Joubert.

8) Preller-versameling, band 28, bl. 286 e. v. : Visagie: a. w.

neem. 9)

Krygsgevangenes Die getal krygsgevangenes het gedurende die winter van 1901 vinnig begin toeneem. Dit was veral as gevolg van kol. Benson se nagaanvalle. 10) Hy was geleier deur verraaiers en kaffers wat die distrik goed geken het. Hulle het die spioenasiewerk gedoen en hom dan snags na die slapende burgers geleier. Veral die voetgangers het hierdeur in die hande van die vyand geval. In November en Desember 1901 is weer 'n klomp burgers gevang met die Engelse se tweede groot dryfjag oor die hoëveld. 11) Hierna het genl. Bruce Hamilton die nagaanvalle voortgesit en aangesien hy oor 'n groot mag kavalerie en 'n klomp Boereverraaiers beskik het, het hy die groepies Boere geen rus gegun nie. 12) „It was in the capacity of scouts and spies that the (surrendered) burghers were most useful ". 13) Boonop het die vyand begin om kaffers teen die Boere te wapen. 14) Die gelodere van die krygsgevangenes het dus vinnig aangegroei. Hierdie ongelukkige burgers is oor die oseane na verskillende Britse kolonies gestuur. So het 56 van hulle in verskillende kampe in Indië te lande gekom, 51 op Bermuda, 5 op Ceylon en 11 op St. Helena. 15) Twee van die bannelinge is in die vreemde oorlede, Jan Hendrik Combrink in Indië en Wessel Jacobus Smit op Bermuda. 16)

(met die

o) J. G. Joubert (Kalbas) : a. w.; H. C. van Wyk : Verklaring in my besit; vg. Amery : a. w. , vol. V , bl. 334 vir meer besonderhede.

10) Amery : a. w., vol. V, bl. 329 e. v.

11) Ibid, bl. 448 e. v.

12) Ibid, bl. 451 e. v.

13) Ibid, bl. 249.

14) Ibid,

15) Sien bylaag VI.

16) Lys in my besit van oorledenes van Carolina-distrik in 1935 onder leiding van die kerkraad van die N. G.-Kerk te Carolina opgestel.

Met die vredesluiting in 1902 was die distrik in 'n treurige toestand. Die plase was gestroop en die huise afgebrand. In Carolina het nie een huis aan die verwoesting ontkom nie. Selfs die gebou van die N. G.-Kerk is nie ont-sien nie. Alle houtwerk van die Kerk, insluitende die vloer, is uitgebreek en die gebou is deur die vyand as 'n perdestal gebruik.

Die laaste klompie bittereinders het in 1902 die wapen op Twyfelaar neergelê. ¹⁷⁾ Meer as 300 lewens is deur man, vrou en kind in die ongelyke stryd opgeoffer. ¹⁸⁾ Die oorblywendes moes na die ashope van hulle huise terugkom om van voor af te begin boer. Die stryd is gevoer en verloor, maar die ideaal waarvoor hulle geveg en geoffer het, leef voort in die harte van hulle nageslagte en kan nooit met die wapen vernietig word nie. Olive Schreiner het tereg die Engelse volk reeds voor die oorlog met die volgende profetiese woorde gewaarsku :

" Julle sal ons nie doodmaak met jul Leemetfords nie, julle sal ons maak ! " ¹⁹⁾

17) Hulle was 309 in getal (War Office Records, film A383) Ongelukkig kon die naamlys nie gevind word nie.

18) Preller-versameling, band 28, bl. 287 e. v. : Visagie: a. w.

19) Breytenbach, J. H. : Die betekenis van die Tweede Vryheidsoorlog, Johannesburg, 1949.

BYLAAG ICAROLINA-ONGEVALLE BY SPIOENKOP 1)Gesneuweldes

1. Botha, D.
2. Bothma, O.
3. Breedveld, J. P. J. H.
4. Breytenbach, Theunis Gerhardus.
5. De Koker, Barend, D.zn.
6. Grobler, Cornelis.
7. Malan, Jacob Johannes.
8. Maré, Frederik.
9. Meyer, Cornelis Petrus, jr.
10. Potgieter, Cornelis.
11. Prinsloo, Willem (Bill).
12. Van der Merwe, Louw.
13. Van Kraayenburg, A. W.
14. Van Niekerk, Tobias, O. zn.

Gewondes

1. Botha, Hermanus Jacobus.
2. Breytenbach, Cornelius.
3. Coetzee, C. J.

1) Hierdie lys is opgemaak uit die volgende gegewens :
 „The Standard and Diggers' News", 2 Feb. 1900 : Telegram van komdt. Prinsloo aan die landdros van Carolina dd. 27 Jan. 1900 ; Staatscourant der Z. A. R., 31 Jan., 7, 14, 21 en 28 Feb. 1900 ; Verklarings van oudstryders aan Historiese Komitee van Carolina tydens hulle besoek aan Spioenkop in Sept. 1939; antwoorde op vraelyste deur lt.-kol. J. C. Fourie, L. J.R. Kritzinger, T. Steyn, vkt. A. J. Viljoen, A. N. Smit, G. F. A. van Kraayenburg, J. P. Smit, T. Nieuwoudt, P. H. Nortje. Dis moontlik dat sommige van die name ongevalle van die gevegte by die Tweelingkoppe was, want die Staatscourant der Z. A. R. noem dit ook Spioenkop.

4. Davel, Christiaan J.
5. De Clercq, C. M.
6. De Lange, Adriaan J., veldkornet.
7. De Winnaar, Willem Petrus.
8. Du Plessis, Lourens Stephanus Andries.
9. Du Plooy, Cornelis Johannes Frederik, P.zn.
10. Fourie, Stephanus Johannes, H.zn.
11. Gerne(i)tsen, Willem Jan.
12. Haenert, Edwin.
13. Harries, Nolan.
14. Jongbloed-Bouden, Fokke.
15. Killian, Johannes Hendrik.
16. Kn(i)epscheldt, Jonas R. J. J.
17. Korf, Hendrik J. G.
18. Kraft, C.
19. Kraft, F.
20. Maas, Gerhardus Hendrik.
21. MacCallum, Archibald, jr.
22. MacCallum, Cornelis.
23. Maré, Hendrik Theodoor.
24. Maré, Petrus Ignatius.
25. Meyer, Jan Hendrik.
26. Meyer, Paul.
27. Pincham, P. W.
28. Pretorius, Johannes.
29. Prinsloo, Christiaan.
30. Smit, Cornelis Gerhardus.
31. Smit, Gert.
32. Smit, Herculaas Willem.
33. Smit, Izaak Johan.
34. Stoltz, Izak.
35. Strydom, Gert.
36. Van Goens, Jan Pieter Nicolaas.
37. Van Heerden, Frans Alewyn.
38. Van Niekerk, F., J.zn.
39. Van Niekerk, T., T.zn.
40. Van Reenen, A. P. S.
41. Viljoen, Andries J., veldkornet.
42. Viljoen, Pieter Nicolaas.
43. Woest, J. N.

Aan Wonde Oorlede 2)

1. De Winnaar, Willem Petrus, Kaalbooi, Waterval-Boven.
2. Kn(i)epscheldt, Jonas R. J. J.
3. Meyer, Jan Hendrik, Frischgewaagd, Bonnefoi, Carolina.
4. Smit, Herculaas Willem, Zevenfontein, Bonnefoi, Carolina.
5. Van Heerden, Frans Alewyn, Weltevreden, Post Belfast.

2) „The Standard and Diggers' News, 30 Jan. 1900.

BYLAAG IILYS VAN BURGERS VAN WYK I BY GENL. FOURIE, NOVEMBER1900 ³⁾Naamlys van offisiere

1. Asst.-Genl. J. C. Fourie, Welgevonden.
2. Kommandant H. F. Prinsloo, Haverfontein.
3. Kommandant se adjudant : J. C. Fourie, Welgevonden.
4. Veldkornet A. J. de Lange, Naudesbank.
5. Veldkornet se adjudant : W. Davel, Eerstelingfontein.

Lys van burgers vir spesiale doeleindes

1. C. G. de Kock. Laerhoofkorporaal, Waaikraal.
 2. Jac. du Preez, Laerkommandant, Carolina-dorp.
 3. Jan Groenewald, Haverfontein, Koper en bringer van proviand.
 4. Joh. Grobler, Goedeverywachting, Koper en bringer van proviand.
 5. Jan Grobler, Goedeverywachting, Koper en bringer van proviand.
 6. Herman Fourie, Welgevonden, Sekretaris van generaal, kommandant en veldkornet.
- N. S. Bogenoemde proviantaankopers neem ook deel aan die gevegte saam met die burgers.

Lys van burgers onder korporaal P. H. Grobler, wyk I.

1. P. W. Grobler, Kromkranz.
2. S. J. Giezing, Vaalwater.
3. F. F. Prinsloo, Eikendaal.
4. M. Goss.
5. W. Goss.
6. O. van Rensburg, Groblersrecht.
7. C. Kunz, A.zn. Naudesbank.
8. C. Kunz. W.zn., Naudesbank.
9. Jan Kunz, Naudesbank.

3) K. G. 360 : Lys van burgers op aktiewe diens, bygehou vanaf 1 Sept. 1900.

10. Jan Brink, Naudesbank.
11. N. J. Smit, Weltevreden.
12. S. Rabe, Weltevreden.
13. P. L. Smit, Kromdraai.
14. J. Labuschagne, Hartebeestfontein.
15. H. Grobler, Helpmekaar.

Lys van burgers onder korporaal S. W. van Heerden, wyk I

1. C. Venter, Goedehoop.
2. C. Blaauw, Vogelstruispoort.
3. P. Blaauw sr., Blydevooruitzicht.
4. P. Blaauw, Blydevooruitzicht.
5. Chris van Rensburg, Blydevooruitzicht.
6. G. van Rensburg, Weltevreden.
7. J. Nieuwoudt, Nooitgedacht.
8. Th. Nieuwoudt, Nooitgedacht.
9. Hendrik Nieuwoudt, Nooitgedacht.
10. H. C. Nieuwoudt, Nooitgedacht.
11. Gert Nieuwoudt.
12. Philip Nieuwoudt, Nooitgedacht.
13. D. Cronje, Nooitgedacht.
14. F. Combrink, Goedehoop.
15. Jacob Smit, Geluk.

Lys van burgers onder korp. H. J. van Wyk, wyk I

1. A. W. van Wyk, Vanwyksvlei.
2. H. J. van Wyk, Vanwyksvlei.
3. P. J. Nortje sr., Vanwyksvlei.
4. P. J. Nortje jr., Vanwyksvlei.
5. S. J. Bosch, Vanwyksvlei.
6. J. P. van Wyk, Blesbokspruit.
7. H. J. van Wyk, J.zn., Blesbokspruit.
8. Cornelius van Wyk, Blesbokspruit.
9. A. J. van Wyk, Blydevooruitzicht.
10. H. J. van Wyk, H.zn., Blydevooruitzicht.
11. P. J. Kilian, Blydevooruitzicht.
12. J. A. Kilian, Blydevooruitzicht.
13. Carl, Kilian, Blydevooruitzicht.

14. Anton Kilian, Leeuwbank.
15. Jac van Niekerk, Witkloof.

Lys van burgers onder korp. J. G. du Preez, wyk I

1. W. E. Verschuur, Dorp Carolina.
2. S. Koevort, Dorp Carolina.
3. P. du Preez, Dorp Carolina.
4. M. du Preez, Dorp Carolina.
5. C. du Preez, Dorp Carolina.
6. Jac. du Preez, Dorp Carolina.
7. T. Victor Prins, Dorp Carolina.
8. M. Venter, Dorp Carolina.
9. M. Hayford, Dorp Carolina.
10. Jan Greyling, Dorp Carolina.
11. C. MacCallum, Dorp Carolina.
12. P. (T ?) MacCallum, Dorp Carolina.
13. Fredk. Bowden, Dorp Carolina.
14. David Steyn, Dorp Carolina.
15. Pieter Grobler, Dorp Carolina.

Lys van burgers onder korp. Coen Breytenbach, wyk I

1. J. C. Breytenbach, Vryheid.
2. Jac. Combrink, J.zn., Goedeheop.
3. H. Combrink, Goedeheop.
4. G. Combrink, Goedeheop.
5. A. Oosthuizen, Goedeheop (van Ermelo-kommando).
6. B. Oosthuizen, Goedeheop (van Ermelo-kommando).
7. Jac. Combrink, F.zn., Vaalbult.
8. Joh. Combrink, Vaalbult.
9. Ph. Odendaal, Vaalbult.
10. F. Combrink, Vaalbult.
11. Joh. Giezing, Vaalwater.
12. A. Watkins, Naudesbank.
13. W. Botha, Dorp Carolina.
14. Jan Breytenbach, Uitzicht.
15. Hendr. Breytenbach, Uitzicht.

Lys van burgers onder korp. Jacob de Clercq, wyk I

1. A. J. de Clercq, Frischgewaagd.
2. S. J. de Clercq, Frischgewaagd.
3. C. M. de Clercq, Frischgewaagd.
4. M. J. Joubert, Frischgewaagd.
5. H. J. Joubert, Frischgewaagd.
6. Carl Schultz, Frischgewaagd.
7. C. Davel, Eerstelingfontein.
8. F. J. S. Davel, Eerstelingfontein.
9. L. Moolman, Weltevreden.
10. P. Moolman.
11. H. F. Grobler, Witkloof.
12. J. H. Grobler, Witkloof.
13. G. van der Merwe, Witkloof.
14. J. van Rensburg, Brakspruit.
15. A. J. Dippenaar, Dorp Carolina.

Lys van burgers onder korp. J. L. Pretorius, wyk I

1. W. Botha, Weltevreden.
2. T. Steyn, Weltevreden.
3. Izak Smit, Goedeheop.
4. Jacob Smit, Goedeheop.
5. Piet Groenewald, Goedeheop.
6. Th. Breytenbach, Goedeheop.
7. Tom Liversage, Rooibloem.
8. Jan Breed, Koffiebank.
9. Th. Rabe, Koffiebank.
10. Jac. Breed, Twyfelaar.
11. F. Fcurie, Twyfelaar.
12. F. Schreiber, Steynsdras .
13. H. van der Merwe.
14. A. van der Westhuizen, (heliografis).
15. C. van Vuren, (heliografis).

Lys van burgers onder korp. A. J. Geldenhuis, wyk I

1. R. Britz, Dorp Carolina.
2. J. H. Pienaar, Dorp Carolina.

3. D. P. Pienaar, Dorp Carolina.
4. Jan Orton, Dorp Carolina.
5. G. H. van Vuren, Dorp Carolina.
6. Piet du Preez, Dorp Carolina.
7. Jan Nortje, Vanwyksvlei.
8. M. Stolz, Geluk.
9. A. Stolz sr., Geluk.
10. A. Stolz jr., Geluk.
11. Piet de Beer, Tevreden.
12. H. de Beer, Goedeverwachting.
13. N. Vermaak, Kromkrans.
14. F. N. Vermaak, Kromkrans.
15. C. Badenhorst, Kromkrans.

Lys van burgers onder korp. C. T. Breytenbach, wyk I

1. Abr. Greyling, Dorp Carolina.
2. A. van Kraayenburg, Vaalbult.
3. L. van Rensburg, Groblersrecht.
4. F. van Eensburg, Groblersrecht.
5. P. N. Viljoen, Kranspan.
6. Jac. Pretorius, Naudesbank.
7. Hendr. Botha, Jachtlust.
8. G. Loggerberg, Dorp Carolina.
9. K. Hamman, Dorp Carolina.
10. Tobie Weeber, Blydevooruitzicht.
11. L. Steenkamp, Groblersrecht.

Lys van burgers onder korp. J. H. de Lange, wyk I

1. A. Klijts, (voetganger), Waterval-Boven.
2. D. Menne, (voetganger), Waterval-Boven.
3. T. (?) Menne, (voetganger), Waterval-Boven.
4. G. de Bruin, (voetganger), Waterval-Boven.
5. L. la Grange, (voetganger), Waterval-Boven.
6. W. van Vuren, (voetganger), Standerton.
7. J. van Vuren, (voetganger), Standerton.
8. J. Otto, (voetganger), Suikerboschkop.
9. G. de Jager, (voetganger), Vaaikraal.

10. Gabriel Olivier, (voetganger), Welgelegen.
11. Gert Olivier, (voetganger), Welgelegen.
